# ‘N KULTUREEL-SOSIALE STUDIE VAN NAGTELIKE AKTIWITEITE IN ANTIEKE ROME, GEBASEER OP PRIMÊRE BRONNE

MARLENE VAN DEN BERG

Hierdie verhandeling word voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

M.A. (Latyn) in die Fakulteit Geesteswetenskappe,

Departement Engels en Klassieke Tale,

aan die

Universiteit van die Vrystaat.

**Studieleier:**

**PROF L CILLIERS**

POTCHEFSTROOM

2005

Ek verklaar hiermee dat die verhandeling wat hierby vir die graad M.A. (Latyn) aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ‘n graad aan ‘n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat

# BEDANKINGS


- My opregte dank gaan in die eerste plek aan my Hemelse Vader wat alle dinge moontlik maak.
- In besonder dank aan my promotor, prof. L. Cilliers vir die besondere wyse waar sy gewaardeerde raad, leiding en ondersteuning verleen het. Dit was 'n voorreg om u in so 'n hoedaningheid te hê. Te midde van 'n baie druk program het ek nie alleen vinnige terugvoer van u ontvang nie, maar ook waardevolle en sinvolle kritiek – ek waardeer dit ongelooflik baie.
- Graag wil ek ook melding maak van die bystand van prof. M. Dircksen en dr. J. Cilliers wat nie alleen deur boeklenings en gesprek nie, maar veral persoonlike belangstelling 'n bydrae gelewer het tot vordering wat in die studie gemaak is.
- Die eksterne eksaminatore vir hul bereidwilligheid om die meriete van hierdie studie te beoordeel.
- Aan my vriende wat deur persoonlike kontak en opoffering in ruim mate tot my persoonlike en akademiese vorming bygedra het, wil ek my dank betuig: hulle hulp en daadwerklike bystand het die totstandkoming van hierdie verhandeling moontlik gemaak.
- Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Vrystaat vir hul vriendelike en professionele hulp.
- Mevv. A. Boltman, I. Venter en S. van Biljon wat gehelp het met die uitleg, vertaling en tikwerk.

- My gesin wat die afgelope maande soveel tyd en aandag moes ontbeer, sal die voltooiing van hierdie werk nie slegs ’n bron van diepe dankbaarheid wees nie, maar ook ’n sug van verligting meebring. Sonder julle ondersteuning en aanmoediging sou ek dit nie kon voltooi nie.

# OPSOMMING

Romeine het nie alleen hard gewerk in die nag nie, maar ook lekker geëet, gedrink en partytjie gehou. Alhoewel hulle beperkte ligbronne gehad het, het hulle die aande en nagte optimaal gebruik.

In die eerste en tweede eeue v.C. was daar definitief ‘n herlewing in die kommersiële lewe, in die stad sowel as die platteland. Basiese konsepte is gestandardiseer, soos die kalender (deur Caesar), tydsbepaling deur sonhorlosies en waterklokke, en daar was verbeterings in die vorms van vermaak, onthaal en die soorte kunsmatige lig.

Daar is van primêre bronne gebruik gemaak in hierdie studie. In die hoofstuk oor die bronne is daar gepoog om die biografiese inligting te kombineer met die uittreksels van die betrokke skrywer en die invloed van hul bepaalde milieu op hul skryfwerk en leefwyse aan te toon. Martialis en Juvenalis gee ‘n oordrewe beeld, maar bevat baie raak beskrywings van die sosiale omstandighede. Plinius gee in sy ensiklopedie (*Naturalis Historiae*) baie nuttige feite oor byvoorbeeld die maak van kerse en hoe tyd op eksperimentele wyses bepaal is. Die vraag het reeds in antieke Rome ontstaan wanneer tyd as “dag” of as “nag” beskou was. Nadat die hoenderhaan se aankondiging van die oggend nie meer as geloofwaardig beskou is nie, is daar eers van nagwagte gebruik gemaak om ‘n nuwe dag aan te kondig voordat “wetenskaplike” uitvindings soos die sonwyser en later die waterhorlosie gebruik is om tyd mee te bepaal

Beligting was ‘n belangrike faktor aangesien dit vroeg donker geword het en mense ná sonsondergang aangewese was op kunsmatige ligbronne. Nie alleen het fakkels,

kerse en later lampe mense se lewenskwaliteit verhoog nie, maar misdaad is ook deur goeie beligting beperk. Die prys en beskikbaarheid van brandstowwe het ‘n groot rol in die klasseverskil gespeel.

Behalwe die brandweer het onder andere bakkers, prostitute, vuurtoringwagters, mediese dokters en kroeg- en restaurant-eienaars ook in die nag gewerk. Die leër wat verantwoordelik was vir die veiligheid van die land se inwoners; moes soms in die nag optree; dus is dit vanselfsprekend dat hulle in die dag én nag paraat moes wees, asook vele skrywers soos Quintilianus, Seneca en Plinius die Ouere wat in die nag gewerk het.

Die Romeinse dag het ongeveer teen die agtste uur geëindig met die *cena* as die hoofaktiwiteit van die laatmiddag en aand. Dit was die tyd wat mense in die *triclinium* aangelê het om te eet en drink en van die dag se sorge vergeet het.

Twee aktuele sake ter sprake is geslagsongelykheid en sosiale stratifikasie. Uit die stuk is daar klinkklare bewys dat diskriminasie nie ‘n moderne neiging is nie, maar reeds toe ‘n groot rol gespeel het. Daar is op vroue en arm mense neergesien, hulle is verneder en minderwaardig geag.

Die navorsingsterrein van hierdie verhandeling het dus gelê op die kultureel-sosiale vlak met spesifieke verwysing na die belewenisse van verskillende sosiale klasse en geslagte met betrekking tot aktiwiteite in die nag in antieke Rome. Hierdie studie bied hopelik ‘n ietwat meer genuanseerde beeld van die sosiale lewe. Die sentrale tema van hierdie werk vorm egter ‘n kontras met vorige werke in dié sin dat nagtelike aktiwiteite nie net terloops genoem is nie, maar in detail bespreek is, teneinde die wye verskeidenheid van aktiwiteite aan te toon.

# ABSTRACT

Not only did the Romans work very hard during the night, but they also enjoyed eating, drinking and partying. Although there were only limited sources of light, they used their evenings and nights optimally.

During the first and second centuries A.D., there was a definite renaissance in commercial life, in cities as well as in the country. Basic concepts were standardised, such as the calendar (by Caesar), time reckoning by means of sun dials and water clocks. There were also improvements in the ways of recreation, entertainment and different kinds of artificial light.

In this study primary sources of information were used. The chapter on the sources is an endeavour to combine the biographical information of the specific writers and the influence of their milieu on their writing and way of life, with the extracts from their work. Martial and Juvenal give an exaggerated reconstruction, which however contains many apt descriptions of the social milieu. Pliny in his encyclopaedia (*Naturalis Historia*) gives useful facts on e.g. the making of candles and how time was reckoned in experimental ways,. The question when time should be regarded as “day” or “night” already existed in ancient Rome. When the cock’s crow to announce the morning was no longer regarded as sufficiently correct, night guards were used to announce a new day. That was before scientific inventions such as the sun dial and later the water clock were used to determine time.

Lighting was an important factor as it became dark quite early and after sunset, the Romans were dependent on artificial light. Not only did torches, candles and later

even lamps enrich the quality of life, but crime was also limited by lighting. Prices and availability of fuel played a big role in the distinction between the social classes.

Apart from the personnel of the fire brigade who could be called out at night, bakers, prostitutes, light house sentinels, doctors and bar- and restaurant owners also worked during the night. The army, responsible for the safety of the inhabitants of the country, sometimes had to act during the night, thus it is logical that they had to be on call day and night. Many authors such as Quintilian, Seneca and Pliny the Elder also worked during nighttime. The Roman day ended at around the eighth hour with the *cena* as the main activity of the late afternoon and evening. It was during this time that citizens were busy eating and drinking in the *triclinium* to forget the day's worries.

Two relevant issues in modern times are gender inequality and social stratification. From the study it is clear that discrimination is not a modern tendency but already played a role in ancient times. Women and poor people were scoffed, humiliated and deemed inferior.

The research field of this dissertation thus lay on the socio-cultural level, with specific reference to the experiences of different social classes and males and females with regard to nocturnal activities in ancient Rome. This study presents a more nuanced picture of the social life in ancient Rome. The central theme of this work, however, stands in contrast with previous studies since nocturnal activities are not mentioned in passing only but are discussed in detail, in order to point out the wide range of these activities.

# KEYWORDS

Entertainment

Gender inequality

Greek *symposium* vs Roman *commissatio*

Lighting

Nighttime occupations

Nocturnal activities

Reckoning of time

Roman food

Social stratification

Supper (*cena*)

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1** **INLEIDING** .......... 1

**HOOFSTUK 2** **OORSIG OOR DIE PRIMÊRE BRONNE** .......... 4

**HOOFSTUK 3** **DIE BEREKENING VAN T YD** .......... 32

**3.1 Die verdeling van dag en nag** .......... 32

**3.2 Tydsbepaling** .......... 36

3.2.1 Sonwysers en waterhorlosies .......... 37

**3.3 Maanmaande vs sonjaar** .......... 40

**3.4 In die aand** .......... 42

**3.5 Die bestudering van hemelliggame** .......... 44

3.5.1 Astrologie en Astronomie .......... 45

3.5.2 Die maan en die sterre .......... 48

**HOOFSTUK 4** **BELIGTING VAN BRANDE** .......... 50

**4.1 Fakkels (*taedae*)** .......... 51

**4.2 Kerse (*candelae*)** .......... 52

**4.3 Lampe (*lucernae*)** .......... 54

4.3.1 Verskillende tipes lampe .......... 56

**4.4 Lampstaanders (*candelabrae*)** .......... 63

**4.5 Brande 64**

4.5.1 Brandweermanne (*Vigiles*) .......... 68

**HOOFSTUK 5 NAGWERKERS** .......... **71**

**5.1 Skrywers** .......... **71**

5.1.1 Quintilianus .......... 71

5.1.2 Seneca .......... 72

5.1.3 Plinius die Ouere .......... 72

5.1.4 Juvenalis .......... 73

5.1.5 Aulus Gellius .......... 73

**5.2 Beroepe wat nagwerk vereis** .......... **74**

5.2.1 Mediese dokters .......... 74

5.2.2 Keisers .......... 75

5.2.3 Bakkers (*pistores*) .......... 75

5.2.4 Die leër .......... 76

5.2.5 Nagwagte (*Vig iles*) .......... 77

5.2.6 Vuurtoringwagte .......... 77

5.2.7 Kroeg (*caupones*)- en restaurant (*coci*) eienaars .......... 78

5.2.8 Bordele en prostitute .......... 81

5.2.9 Bad-opsigters .......... 85

5.2.10 Myners .......... 85

5.2.11 Boere .......... 86

5.2.12 Veewagters .......... 86

5.2.13 Skoonmakers .......... 86

*5.2.14 Tabellaria* (briefdraers) .......... 87

5.2.15 Slawe .......... 87

5.2.16 Diensmeisies .......... 88

5.2.17 ‘n Uitsonderlike geval .......... 88

**HOOFSTUK 6 DIE *CENA*** ........................................ **90**

**6.1 Die *triclinium* (eetkamer)** ........................................ **93**

**6.2 Die gasheer** ........................................ **97**

**6.3 Verskillende tipes gaste** ........................................ **100**

**6.4 Die ete 104**

6.4.1 Eetgerei ........................................ 104

6.4.2 Die kos ........................................ 107

6.4.3 Wyn ........................................ 110

6.4.4 Aromas ........................................ 111

**6.5 Die Griekse *symposium* vs die Romeinse *commissatio*** ........................................ **112**

6.5.1 'n Literêre *cena* ........................................ 114

**6.6 Die *cena* van een van die nouveau riche (die *cena Trimalchionis*)** .**118**

**6.7 'n Losbandige, ondergrondse *cena*** ........................................ **123**

**6.8 Oordadigheid** ........................................ **124**

6.8.1 Wette teen oordadigheid ........................................ 124

**6.9 Vermaak** ........................................ **126**

6.9.1 Grapmakers ........................................ 127

6.9.2 Musiek en danse ........................................ 128

6.9.3 Gevegte ........................................ 130

6.9.4 Regsaksies ........................................ 131

6.9.5 Speletjies ........................................ 131

**6.10 Die liefdespel** ........................................ **134**

6.10.1 Prostitusie tydens die *cena* ........................................ 138

**6.11 Aan die einde van die *cena*** ........................................ **140**

**HOOFSTUK 7** **SLOT** ........................................................................................142

**BIBLIOGRAFIE** ........................................................................................149

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

Daar bestaan verskeie algemene studies oor die alledaagse lewe van die gewone Romein (vergelyk byvoorbeeld Paoli (1958), Carcopino (1941), Dupont (1992) en Balsdon (1969). Die studie van Latyn behels naamlik veel meer as net die taal en die letterkunde – veral omdat ons terugkyk na 'n tydperk van 2000 jaar gelede, is 'n studie van die sosiale lewe onontbeerlik. Daarsonder kan die Romeine se geskiedenis, kuns en letterkunde nie ten volle verstaan word nie. Die nimmereindigende stroom van studies oor aspekte van die lewe van die Romeine het dus bygedra tot ons kennis van wat werklik in antieke Rome gebeur het, maar 'n geheeloorsig oor nagtelike aktiwiteite ontbreek nog. Dat die wyse waarop die tyd ná sononder destyds spandeer is, verskil van ons s'n vandag, is vanselfsprekend. Nie alleen is daar die kultuursprong terug in die verlede in nie, maar ook het die gebrek destyds aan tegnologiese hulpmiddels soos kunsmatige lig in sekere opsigte 'n andersoortige tydsbesteding meegebring. In hierdie verhandeling word daar dus gepoog om met behulp van primêre Latynse bronne 'n meer gedetailleerde studie te maak van die nagtelike aktiwiteite van die Romeine tydens die Republiek en die Keisertyd (c. 200 v.C. – c. 400 n.C.) ten einde dié leemte in die bestaande kennis van die sosiaal-kulturele lewe in hierdie tydperk te vul. In die verloop van die studie word die algemeen-bekende inligting ook aangevul met verwysings na byvoorbeeld

die rol van sosiale stratifikasie en geslag(on)gelykheid soos dit blyk uit die ondersoek na die nagtelike aktiwiteite.

‘n Nuwe perspektief word verkry wanneer daar direk uit primêre bronne gewerk word. Die bronne is gebruik om feitelike gegewens wat in sekondêre werke gevind is, te toets en/of aan te vul, met ander woorde om ons kennis oor die alledaagse lewe te verryk. Dit is nie die doel om die bronne vanuit ‘n literêre oogpunt te benader nie. Uittreksels uit primêre bronne is oordeelkundig gebruik om sekere bewerings te staaf; nie alle primêre bronne wat gebruik is kon aangehaal word nie bloot omdat die spasie te beperk is.

Die tekste en vertalings wat gebruik is, is (tensy anders vermeld) dié wat vervat is in die Loeb-uitgawes. Ter wille van eenvormigheid is al die Latynse outeurs se werke afgekort volgens die skryfwyse in Lewis & Short (1962). Internetbronne is ook oordeelkundig gebruik nadat toestemming van die kopiereghouers aangevra is (nie almal het gereageer nie).

Die datering van vele outeurs is onseker en van verskeie van hulle is daar min bekend. Om ‘n historiese agtergrond te herbou waarteen die uittreksels gemeet kan word, is daar in sommige gevalle bronne gebruik wat nie noodwendig literêre waarde het nie.

Die belangrikheid van die tipies Romeinse konsep van *otium* vir kultuur en literatuur is lank afgeskeep. *Otium* (“vrye tyd”, “ledigheid”, “rus”) is die teenoorgestelde van *negotium* wat beteken “taak”, “werk”, “opdrag”, “moeite”, “las”. *Otium* word dikwels in ’n positiewe lig gesien, en *negotium* in ‘n negatiewe lig, selfs uit ‘n literêre oogpunt.

Die Romeine het nie alleen net geweet hoe om te veg en te sterf nie, maar ook hoe om ten volle te lewe. Hulle het lekker geëet, lekker gedrink en uiting aan hul (seksuele) behoeftes gegee. Daar is talle verwysings na *otium* in die literatuur, en in baie werke word menslike genot beskryf (kyk hoofstuk 6).

Sosiale stratifikasie het 'n groot rol in die Romeinse lewe gespeel. Daar was 'n verskil tussen die stand van die patrisiër en die plebejer en tussen die vrygelatene en die slaaf, en later is die klasseverskil tussen die *honestiores* en *humiliores* selfs in die wetboeke ingeskryf. Die hoë-klas Romein het neergesien op mense van 'n laer stand en het hulle dienooreenkomstig behandel. So blyk dit onder andere uit hierdie studie dat daar tydens 'n *cena* aan verskillende stande verskillende disse bedien is, en is die kwaliteit van die kos en wyn bepaal deur die sosiale stand.

Die inligting in hierdie studie werp ook lig op 'n ander aktuele probleem waarmee ons vandag nog worstel, te wete die gebrek aan gelykberegtiging vir vroue.

Aspekte wat in hierdie studie ondersoek is, sluit in die eiesoortige Romeinse berekening van tyd, die ligbronne wat hulle gebruik het, die beroepe wat in die nag beoefen is en ander "toevallige" wyses van tydsbesteding soos die skryf van boeke, rowery ensovoorts. Dit sal blyk dat die hoofstuk oor die daaglikse hoofmaaltyd, die *cena*, met die vermaak wat daarmee saamgegaan het, die grootste deel van die verhandeling in beslag neem. Die rede is omdat dit destyds beskou is as die belangrikste nagtelike aktiwiteit van veral die hoër klasse - as gevolg van die gebrek aan beligting was die Romeine na donker op binnenshuise vermaak aangewese, wat gewoonlik hand-aan-hand met die *cena* gegaan het.

# HOOFSTUK 2
# OORSIG OOR DIE PRIMÊRE BRONNE

Die inligting wat in hierdie studie gegee word berus wel waar enigsins naspeurbaar op primêre bronne, maar dit is geen waarborg dat dit korrek is nie. Baie faktore kon skrywers se siening beïnvloed het, soos die genre, lewensomstandighede en die tyd waarin hul geleef het. In die hieropvolgende oorsig word daar gepoog om iets oor die skrywers se agtergrond weer te gee teneinde hul uitlatings in konteks te kan evalueer.

**Aesopus (c. 7de – c. 6e eeu v.C.)**

Aesopus was ‘n Griekse fabelskrywer van Phrygia. ‘n Fabel is ‘n storie met ‘n morele les uit die skatkis van die wêreld se wysheid, en bevat ‘n waarheid oor die lewe en die menslike natuur. Al probleem is dat die morele les dikwels oorbeklemtoon word.

**Ammianus Marcellinus (c. 330 – c. 395 n.C.)**

Ammianus Marcellinus was ‘n Griek wat in Latyn geskryf het. Hy is in Antiochië, Sirië, gebore en het op ‘n vroeë ouderdom ‘n koninklike lyfwag geword. Hy is saam met sy meester, Ursicinus, na Milaan, en het later in Gallië agtergebly as lid van Keiser Julianus se hofhouding. Hy het uiteindelik in Rome gaan bly, waar hy ‘n reeks openbare lesings oor sy historiese werk, die *Res Gestae* (in 31 boeke), gelewer het en groot applous van senatoriale kringe ontvang het. Sy opvoeding het hom

onderskei van die gewone soldate, net soos wat sy morele waardes hom van baie lede van die korrupte Romeinse aristokrasie onderskei het (kyk pp. 45, 69 en 81 om sy houding jeens korrupsie te verstaan).

**Apicius (25 v.C. - ? )**

M. Gavius Apicius was ‘n bekende epikuris (genotsoeker) in die tyd van Keisers Augustus en Tiberius en het veral oor kookkuns geskryf. Hy het fortuine op feeste spandeer en het in groot weelde gelewe. Toe hy sy spandabelrige leefstyl nie meer kon volhou nie, het hy selfmoord gepleeg.

Die *De Re Coquinaria* was egter ‘n samestelling van sy werk baie jare later. Dit bestaan uit 10 boeke wat elk oor ‘n spesifieke tema handel. Daarin word die voorbereiding van geurige disse asook van sy eie konkoksies van ongewone en ryk bykosse en souse behandel.

**Appianus (c. einde van die 1 ste eeu – c.160 n.C.)**

Appianus was ‘n Romeinse historikus van Griekse oorsprong. Sy geskiedskrywing van die stigting van die stad Rome tot en met die regeringstyd van Trajanus is ‘n versameling van monografieë wat goeie insae bied in die werklike gebeure van die antieke tyd (kyk p. 49 waar hy interessante inligting gee oor olielampe en pp. 69 en 77 oor hoe mans hul dae in kroeë en saam met slavinne deurgebring het).

**Apuleius (123 – 170 n.C.)**

Apuleius was van Madaurus in Numidië afkomstig waar hy en sy vader gerespekteerde inwoners was. Na ‘n paar jaar se vakleerlingskap in Karthago het hy

sy studies in Athene voortgesit. In Griekeland is hy aan verskeie misterie-godsdienste blootgestel. Hy het sy pa se geld uitgemors op uitgebreide reise na die Ooste. Hy het vir 'n kort tydjie in Rome vertoef waar hy as prokureur opgetree het. In Karthago was hy priester in die Keiserkultus en ook 'n priester van Isis. Hy was ook toe 'n bekende reisgids. Daar is verskeie standbeelde van hom opgerig. Hy is selfs ook as towenaar beskuldig. Apuleius het in Grieks en Latyn geskryf, maar slegs sy Latynse werk het behoue gebly (kyk p. 68 waar hy beskryf hoe Hannibal in die nag die vyand uitoorlê het). Die *Metamorphoses* is sy bekendste werk en het ten volle behoue gebly.

**Aristophanes (448 – 388 v.C.)**

Die bekende Griekse komedie-digter, afkomstig van Lindus op die eiland Rhodos in Griekeland, was 'n tydgenoot van Sokrates. Sy komedies is politieke, sosiale en literêre satires en is basies 'n oordrywing van die individu se sukses of mislukking. In sy komedies tref mens ook brokkies inligting aan oor die alledaagse lewe (kyk p. 49).

**Athenaeus (fl. 200 n.C.)**

'n Griekse grammatikus van Naukratis (Egipte) wat in die tyd van Keiser Marcus Aurelius geleef het. Sy *Deipnosophistae* (Banket van die geleerdes) handel oor 'n wye spektrum onderwerpe, aangebied as gesprekke tydens 'n banket en bied waardevolle inligting oor onder andere kos, dieët, gesondheid (op p. 66 is 'n aanhaling oor die mediese dokter Galen se lewe), seksualiteit (kyk p. 120), pornografie, musiek, humor en taalvaardigheid. Sonder hierdie werk sou inligting oor vele aspekte van die antieke wêreld in die duister gebly het.

**Aulus Gellius (c. 128 – 180 n.C.)**

Aulus Gellius was ‘n grammatikus van die eerste helfte van die tweede eeu n.C., en het ‘n uitgebreide opleiding in retoriek gehad. Hy was op ‘n stadium regter in Rome. Van 165 tot 167 n.C. het hy in Athene vertoef waar hy vriende gemaak het met Herodes Atticus, ‘n groot voorstaander van die kunste (kyk pp. 79, 83, 97 en 101 waar hy sy mening gee oor hoe om vriende te onthaal). Hy het in Athene besluit om sy boek te skryf, en die *Noctes Atticae* het in 170 n.C. verskyn. Die titel kom van die lang winteraande wat hierdie hardwerkende man op die platteland naby Athene deurgebring het. Die werk bevat feitelike inligting (kyk pp. 29, 31 en 32 vir sy onderskeid tussen dag en nag), en is ‘n weerspieëling van die atmosfeer van literêre *salons* in ‘n omgewing toe die kultuur totaal tweetalig was. Gellius het anekdotes van ongeveer 275 skrywers versamel. Waar hy historiese feite in analiste gevind het, het hy verkies om hulle as sprekers voor te stel in plaas daarvan om blote aanhalings te gee.

**Ausonius (310 – 395 n.C.)**

Decimus Magnus Ausonius, gerespekteerde digter, retorikus en letterkundige van die vierde eeu was die seun van ‘n dokter in Bordeaux en die leermeester van Keiser Gratianus. Nadat hy sy studies onder leiding van sy oom Arborius in sy tuisdorp voltooi het, het hy vir drie dekades in bekende skole in Bordeaux as grammatikus en toe later as *rhetor* klas gegee. Keiser Valentinianus I het hom as leermeester aangestel vir sy seun Gratianus in Trier en hom verhef tot *comes* en later tot *quaestor sacri palatii*. Hy het ’n verering gekry vir sy bekende werk *Mosella*, en die eerste digter geword wat die Germaanse landskap beskryf het. Die *Ephemeris* het

oor die daaglikse omgang van die mens gegaan en hy het baie gekonsentreer op mense wat met min in die lewe tevrede was (kyk p. 86). Keiser Gratianus het hom in 378 n.C. tot *Praefectus Praetorio Trium Galliarum* verhef, en in 379 n.C. tot konsul. Na die geweldadige dood van Gratianus in 383 n.C. het Ausonius na sy plasie teruggegaan om hom aan literatuur te wy.

**Caesar (100 – 44 v.C.)**

C. Julius Caesar was benewens die feit dat hy ‘n gesiene generaal, redenaar en staatsman was, ook ‘n skrywer van formaat. Hy is in 100 v.C. gebore en het ’n roemryke loopbaan gehad. Caesar het sewe boeke *Commentarii* geskryf wat oor die Galliese Oorloë handel en drie boeke wat oor die burgeroorloë handel.

In 73 v.C. was hy *Pontifex,* en in 69 v.C. *quaestor*. As *aedile curulis* (65 v.C.) het hy manjifieke spele aangebied. In 63 v.C. het hy die amp van *pontifex maximus* en in 62 v.C. die praetorskap bereik. Tydens sy amp as *pontifex maximus* het hy die kalender gekalibreer en dit is vele jare later eers verander (kyk p. 37). Saam met Pompeius en Crassus het hy die sogenaamde Eerste Triumviraat gestig. In 44 v.C. is hy deur ’n groep Republikeinsgesindes onder leiding van Brutus en Crassus vermoor.

Van geskiedskrywers in die Romeinse tyd is verwag om die waarheid weer te gee, maar hulle is toegelaat om patrioties te skryf en in ‘n mate partydig te wees; geskiedskrywing moes ook ‘n kunswerk wees. Caesar kan as betroubare geskiedskrywer beskou word as ons hom meet teen die norme van sy tyd

**Catullus (86 – 58 v.C.)**

Q. Valerius Catullus is naby Verona gebore. Hy is een van die eerstes in die briljante groep digters en skrywers wat van Transpandaanse Gallië afkomstig was. Hy was die eienaar van 'n landgoed in Tibur en op Sirmio, die skiereiland op die suidelike kus van die Garda-meer. Pynlike persoonlike ervarings het Catullus se digkuns beïnvloed, soos byvoorbeeld sy broer se dood, en sy liefde vir die vrou wat hy in sy gedigte Lesbia genoem het.

Uit sy verhouding met Lesbia en die invloed van Griekse digters het 'n nuwe genre ontstaan; 'n nuwe dimensie van liefde kan in sy gedigte waargeneem word, iets wat nie in die Hellenistiese tydperk opgemerk is nie. Catullus is egter ook beïnvloed deur die veranderde moraliteit in Rome. In sy liefdesgedigte gee hy uiting aan sy emosies en gevoelens en dit bied die leser 'n idee van hoe die Romein se houding jeens vroue en die huwelik verander het (kyk p. 46 oor sy huweliksgedigte en pp. 118 - 120 vir beskrywings oor sy liefdespel, soene en siening oor die invloed van parfuum op liefde).

**Censorinus (c. 238 n.C. )**

'n Romeinse grammatikus; sy werk *De Die Natali* is die bekendste. Hy het dit opgedra aan sy beskermheer Quintus Caerellius as verjaarsdaggeskenk. Dit is 'n essay wat oor die astrologie en chronologie handel. Baie kosbare inligting word verskaf oor die wyses waarop tyd bepaal is (kyk p. 30).

**Cicero (102 – 43 v.C.)**

Marcus Tullius Cicero is die bekendste van die Romeinse redenaars en skrywers, gebore in Arpinum in 106 v.C. Hy het in Rome retoriek bestudeer en na bekende Romeinse redenaars in die forum geluister. As *novus homo* het hy in 66 v.C. *praetor* geword. Hy was in 57 v.C. verplig om homself te verdedig oor sy teregstelling van die Catilinariese samesweerders (kyk pp. 70 en 109) en het eindelik in vrywillige ballingskap gegaan. Hy het na sy terugkeer sy belangrikste werke geskryf, onder andere die *De Oratore* (55 v.C.) en *De re publica* (54-51 v.C.). Hierdie tydperk is afgesluit deur sy prokonsulskap in Cilicia (51-50 v.C.). Die dood van sy dogter Tullia in Februarie 45 v.C. was 'n vernietigende ervaring. Nadat hy deur Antonius en Octavianus op die proskripsielys geplaas is, is hy in 43 v.C. koelbloedig deur soldate vermoor. Sy afgekapte kop en hande is in die Forum uitgestal.

Cicero se werke het 'n wye spektrum onderwerpe gedek, onder andere die etiek (kyk pp. 70, 85 en 88 vir sy morele en etiese waardes, sien p. 118 vir sy uitspraak dat Romeine te veel eet, drink en hoereer), en die reg (sien op p. 117 die strawwe oor dobbel). Hy het 'n groot bydrae gelewer deur die Griekse filosofie aan die Romeine bekend te stel. Sy briewe toon 'n groot verskeidenheid – van amptelike dokumente tot kort, persoonlike notas en is gesien as 'n belangrike bron van inligting oor die laat Republikeinse tyd (soos die indeling van dag en nag en dat 'n dag 24 uur lank is (p. 30); dit gee ook 'n goeie idee van die alledaagse lewe van die Romein. Hy het ook oor gebruiksartikels soos lampstaanders kommentaar gelewer (p. 57).

**Columella (4 – 50 n.C.)**

Lucius Junius Moderatus Columella, ‘n bekende skrywer oor landbou, is afkomstig van Gades in Spanje en ‘n tydgenoot van Seneca en Celsus. Sy werke *De Re Rustica* en *De Arboribus* is die bekendste en daarin word onderwerpe oor algemene landboutegnieke, die versorging van diere en die bestuur van ‘n plaas en die slawe (kyk p. 84) bespreek.

**Cornelius Nepos (110 – 24 v.C.)**

Cornelius Nepos het in Ticinium, in Cisalpynse Gallië gewoon. Hy was ’n geleerde persoon; in 65 v.C. het hy Cicero se verdediging van Cornelius aangehoor en het as biograaf, Cicero se lewe beskryf. Hy was ook as regisseur betrokke by die opvoering van dié biografie. Sy grootste werk was die *De viris illustribus* in 16 boeke. Dit bevat ’n reeks kort sketse oor die lewens van bekende leiers. Slegs fragmente het egter behoue gebly oor Cicero, Cato die Ouere en Atticus, en is saamgevat in sy boek oor die Romeinse historici. Hy het in duidelike en eenvoudige Latyn geskryf en, hoewel nie altyd korrek nie, ’n oorsig oor die geskiedenis gegee. In sy vertellings kom daar ook interessante inligting oor lewensomstandighede in sy tyd voor (kyk p. 100 vir interessante vermaak tydens die *cena*).

**Dio Cassius (c.164 – 229 n.C.)**

Cassius Dio Cocceianus was ‘n Griekse historikus wat in Nicaea in Bithinië gebore is. Hy was ‘n bevelvoerder in die weermag maar het steeds ‘n sagte plekkie vir die geskiedenis gehad. Van die 80 boeke wat deur hom geskryf is, het 19 ten volle behoue gebly, maar slegs gedeeltes van die res. Al die boeke handel oor die

geskiedenis van Rome. So kon hy byvoorbeeld met sy militêre agtergrond redes gee waarom die Romeine van die veldslae verloor het (kyk p. 68). Dit is 'n betroubare bron vir die geskiedenis van die laat-Republiek en die eerste twee eeue na Christus. Dio Cassius het die styl van Thucydides nageboots, alhoewel hul aanbieding van die inligting en manier van redenasie hemelsbreed verskil.

**Diodorus Siculus (c. 49 n.C. - ?)**

Hy was 'n historikus van Sicilië wat in Grieks geskryf het. Sy wêreldgeskiedenis het uit 40 boeke bestaan en met Caesar se Galliese oorloë geëindig. Hy het beweer dat hy verskeie lewensgevaarlike reise na Europa en Asië onderneem het om geskiedenis en die sedeloosheid van die mens (kyk p. 73) na te vors. Vele ooglopende foute is egter bespeur soos die ontbreking van inligting wat ingesluit sou gewees het as hy werklik sekere plekke besoek het.

**Dionysius van Halikarnassus (430 – 367 v.C.)**

Hy was 'n Griekse historikus en 'n meester in retoriek. Sy bekendste werk is die *Roman Antiquities* waarin die geskiedenis van Rome behandel word vanaf die mitiese periode tot aan die begin van die eerste Puniese Oorlog in 264 v.C. Die werk is in 20 boeke verdeel waarvan die eerste nege ten volle behoue gebly het en slegs gedeeltes van die res.

Sy hoofdoel was om die Grieke te versoen met die regeerders van Rome deur die goeie hoedanighede van die oorwinnaars te beklemtoon en te beskryf. Volgens hom is geskiedenis filosofie wat met voorbeelde geïllustreer behoort te word. Hy het met

groot omsigtigheid die beste bronne geraadpleeg en sy en Livius se werke is die enigste gedetailleerde geskrifte van die vroeë Romeinse geskiedenis. Hy het so ver terug in die geskiedenis gegaan dat hy selfs Romulus se siening oor dronk vroue en owerspel bespreek het (kyk p. 121).

**Fronto (c. 95 – c. 166 n.C.)**

Marcus Cornelius Fronto was ‘n regsgeleerde en is uit ‘n Italiaanse familie in Cirta, Numidië, gebore. Hy het na Rome gekom tydens die heerskappy van Keiser Hadrianus en het spoedig ‘n groot naam as advokaat en redenaar gemaak, soveel so dat hy slegs laer as Cicero geag is. Hy het groot rykdom bekom, pragtige geboue opgerig en die beroemde Tuine van Maecenas gekoop. Keiser Antoninus Pius het hom as *tutor* vir sy twee seuns, Marcus Aurelius en Lucius Verus aangestel (’n groot aantal briewe tussen Fronto en die jong Marcus Aurelius het vir ons bewaar gebly). Hy was in 142 konsul vir twee maande, maar het die prokonsulskap in Asië van die hand gewys op grond van sy swak gesondheid. Sy latere lewe is verbitter deur die afsterwe van al sy kinders behalwe een dogter. ’n Denkskool, die *Frontoniani,* is gestig deur ‘n groep van sy bewonderaars wat sy talente as redenaar hoog aangeslaan het. Hulle het gepoog om die suiwerheid van die antieke Latynse taal te herwin. In sy werke vind mens kosbare brokkies inligting oor die alledaagse lewe, van keisers wat vroeg in die oggend opgestaan het (kyk p. 65) tot mense wat in die aand gebad het (p. 75).

**Galenus (129 – 199 / 216 ? n.C.)**

Hy is in Pergamum gebore in die regeringstyd van Keiser Hadrianus en het gesterf in die regeringstyd van Keiser Septimius Severus. 'n Groot deel van Galenus se werke (in Grieks geskryf) het behoue gebly; dit het 'n groot invloed op Europese geneeskunde gehad tot en met die Renaissance. Nie alleen het hy 'n bydrae gelewer met sy akkurate disseksies van vele soogdiere en gedetailleerde anatomiese detail nie, maar was hy ook 'n uitstekende voorbeeld van 'n hardwerkende dokter met 'n passie vir sy werk, ongeag of dit dag of nag was (kyk p. 65).

**Herodotus (484 - 430 v.C.)**

Daar word dikwels na Herodotus verwys as die "Vader van Geskiedenis". Hy is gebore in Halikarnassus, en was een van die eerste historici wat op 'n logiese, dog kritiese manier sy waarnemings weergegee het. Hy het 'n punt daarvan gemaak om mites van die waarheid te onderskei en sy bronne aan te teken. Hy gee ook baie inligting weer oor die gebruik van lampe (kyk p. 49) en die verskillende fases van die nag (p. 31). Sy werke dien onder andere as hoofbron vir die detail oor die veldslae by Marathon en Thermopylae.

**Hieronymus (345 – 420 n.C.)**

Hieronimus se grootste bydrae was die vertaling van bykans die hele Bybel in Latyn (later bekend as die Vulgaat). Hy is ook bekend vir al die Bybelkommentare wat hy geskryf het en in hierdie verband die opmerking van lampe wat die Lares verlig (kyk p. 49). Hy het ook 'n bibliografie saamgestel van Christelike skrywers (*De Viris Illustribus*), en die werke van Eusebius, Origenes en Didymus in Latyn vertaal.

**Homerus (c. 850 v.C. - ?)**

'n Griekse digter wat bekend is vir sy twee grootse eposse, die *Ilias* en die *Odusseia*. Ons weet niks van sy lewe nie, hoewel Herodotus in sy werke geskryf het dat Homerus in die agtste eeu v.C. geleef het. Die antieke Grieke het Homerus beskou as 'n arm, blinde digter wat 'n bitter swaar lewe gehad het en van die Griekse eiland Chios gekom het. Sy twee eposse was wyd bekend en tydens *cenae* is grepe uit sy werke soms opgevoer (kyk p. 107).

**Horatius (65 – 8 v.C.)**

Q. Horatius Flaccus, die bekende digter in die tyd van Augustus, is in Venusia gebore. Hy het Griekse filosofie en retoriek in Athene studeer. Ná sy studie onder Orbilius, het hy by Brutus se leër aangesluit en is as *tribunus militum* aangewys. Nadat Brutus se leër deur Antonius en Octavianus oorwin is, is hy as *scriba quaestorius* in Rome aangestel. In sy skryfkuns het hy uiting aan sy frustrasies gegee, veral teen individue wat hy verafsku het. Hy het sy moraliserende briewe in heksameters geskryf. Sy satires (*sermones,* geselskapsonderwerpe) is veral bekend, en handel oor die sosiale aspekte (byvoorbeeld nagtelike eskapades, kyk pp. 70 en 77). Sy *Cena Nasidieni* gee nuttige inligting van wat alles tydens 'n aandete gebeur het (cf. Hoofstuk 6).

**Hrabanus Maurus (9de eeu n.C.)**

Hy was 'n negende eeuse Aartsbiskop van Mainz. Hy het onder ander die ligtoring p*haros* benoem, afgelei van *phos* wat in Grieks "lig" beteken (kyk p. 69).

### Isidorus van Seville (600 – 636 n.C.)

Isidorus Hispalensis was 'n Spaanse aartbiskop in Seville in Spanje. Hy het 'n omvangryke ensiklopedie in tien boeke geskryf, die *Origines,* 'n ensiklopedie met al die bestaande feite van sy tyd; dit bevat kosbare inligting oor die Grieks-Romeinse beskawing wat andersins verlore sou gegaan het. Sy geestelike agtergrond het hom daartoe genoop om baie stukke oor teologie te skryf asook oor sedes (kyk p. 84), taal, die natuur en ander onderwerpe.

### Juvenalis (60 – 136 n.C.)

Decimus Junius Juvenalis wat in die tyd van die Keisers Domitianus en Trajanus geleef het, word beskou as die beste Romeinse satire-skrywer hoewel hy as 'n verbitterde man beskryf was. Hy was gevul met veragting vir die ondeugde en 'n afsku van die onsedelikheid van die tyd waarin hy gelewe het (kyk pp. 59, 71 en 109). Hy het die gemeenskap van 'n afstand beskou en dikwels sy inligting verkry uit die geskinder van die slawe. Uit sy satires kan afgelei word dat hy 'n arm Romein was wat ten volle bewus was van die morele sedeloosheid van sy tyd, hoewel vele mense dit eers generasies later besef het.

Hy is meer "modern" as Martialis omdat hy verskeie faktore in ag sou neem voordat hy 'n oordeel sou fel; hy het ook meer simpatie getoon teenoor mense wat swaarkry en was meer toegeeflik teenoor foute. Wederkerige respek was vir hom uiters noodsaaklik (kyk p. 71) maar hoogmoed en oordadigheid het hom dwars in die krop gesteek (kyk pp. 87 en 94). As gevolg van sy vurige temperament het hy stories vererger en oordryf, en so het 'n hele groep adelikes die skuld gekry vir die morele

verval van enkeles. As digter het hy onder verskeie beskermhere (*patroni*) gewerk, dit verklaar ook die drie huise wat hy onderskeidelik in Arquinum, Rome en Tibur gehad het. Hy het self sy satires ‘n *farrago,* ’n “deurmekaarspul” genoem.

‘n Satire is ‘n tipe gedig waarin daar oor relevante sake gelag en gespot word. Die trant waarin dit geskryf is, is baie natuurlik. Die satire bevat gewoonlik by implikasie ‘n sedeles, en het dikwels gehandel oor (onvanpaste) gedrag in ‘n sekere tyd en plek, sedeloosheid, bygelowe, spandabelrigheid en liggaamlike luste. Die aanduiding van dwaasheid was een van die hoofdoele van ‘n satire, vandaar dat ondeugde op ‘n baie oordrewe wyse voorgestel word. Juvenalis se banket-satire (cf. Hoofstuk 6) beklemtoon die vernedering van die gaste waar hul status die kwaliteit van die kos bepaal het.

Juvenalis se satires is eers ná die dood van Domitianus gepubliseer (tussen 100 en 127 n.C.). Alhoewel nie alles feitelik waar is nie en daar baie oordrywing is, gee dit tog ‘n goeie beeld van die tydsomstandighede en bevat dit nuttige inligting, byvoorbeeld oor hoe inwoners kerse gemaak het (kyk p. 47).

**Livius (59 – 17 v.C.)**

Titus Livius het ‘n selfopgelegde taak gehad om die geskiedenis van Rome op te skryf. Die 142 boeke het gehandel oor die tydperk vanaf die stigting van die stad (753 v.C.) tot 9 v.C. Dele daarvan is verlore, maar het in opsommings (*Epitomae*) behoue gebly. Alhoewel Livius op goeie voet met Keiser Augustus was, en die eienskappe van die Romeine beskryf het wat hulle tot hoë hoogtes gevoer het, het hy ook in detail bespreek watter eienskappe tot hul ondergang gelei het.

As geskiedskrywer het hy ‘n groot bewondering vir Hannibal gehad, alhoewel hy geweet het dat Hannibal nie die grootste voorstander van (Romeinse) morele waardes was nie. Tog het Livius self gesê dat geskiedenis ‘n baie belangrike rol speel in die mens se voortbestaan: nie alleen gee dit mens die kans om ander se deugde na te volg nie, maar ook om uit die voorgeslagte se foute te leer. Geskiedenis is dus ‘n leerskool vir die lewe. Daaruit kry mens ook inligting oor morele waardes en karaktertrekke van mense, byvoorbeeld nederigheid (kyk p. 86).

**Lucanus (39 – 65 n.C.)**

Marcus Annaeus Lucanus is in Corduba in Spanje gebore. Sy vader was Annaeus Mela, ‘n broer van Seneca, die filosoof. Lucanus was jonk toe hy Rome toe is waar hy ‘n deeglike opleiding as redenaar ontvang het. Hy het *quaestor* geword voor hy die voorgeskrewe ouderdom bereik het. Hy het sy debuut as digter gemaak met die voorlees van die gedig *Pharsalia* in 60 n.C. by ‘n fees ter ere van Nero. Daarin lees ons onder andere oor die eerste ligtoring op die Pharos-eiland by Aleksandrië (kyk p. 69).

Hy het deelgeneem aan die Pisoniese sameswering om Keiser Nero te vermoor; na die komplot ontbloot is, het hy sy makkers verraai en selfs sy moeder uitgelewer. Hy is gedwing om self sy are te sny nadat hy deur Nero ter dood veroordeel is; dit het oënskynlik vir Nero vreugde verskaf omdat hy baie afgunstig was op Lucanus.

**Lucretius (c. 96 – c. 52 v.C.)**

Die digter T. Lucretius Carus was ‘n navolger van die filosoof Epicurus en outeur van die gedig *De Rerum Natura.* Sy didaktiese poësie was op feite gegrond en was ‘n kombinasie van kennis en verbeelding. Die werk is opgedra aan Memmius, die propraetor van Bithinië.

Die *De Rerum Natura* wat die Epikureïese denkwêreld beskryf, het ses boeke beslaan. In die eerste boek word die atoomteorie uiteengesit. Die heelal word beskryf as bestaande uit ‘n ontelbare hoeveelheid atome wat onsigbaar klein en ondeelbaar is. Dit beweeg in ‘n oneindige ruimte wat gedurig in vastighede verenig. In die ander vyf boeke word onderwerpe soos die sterflike en materiële aard van die liggaam, die rol van seks in menslike gedrag (hoe liefde uit ‘n meisie moet straal, kyk p. 74) en die ontwikkeling van die beskawing (byvoorbeeld waar vuur vandaan kom kyk p 58) bespreek. Die laaste boek bevat duistere voorspellings oor die toekoms.

**Macrobius (400 n.C. - ?)**

Aurelius Macrobius Ambrosius Theodosius was ‘n Romeinse grammatikus en filosoof aan die einde van die vierde eeu. Hy was ‘n *praefectus Italiae* in die regeringsjare van Keisers Honorius en Arcadius (395 – 423 n.C.), en was outeur van die kommentaar op Cicero se *Somnium Scipionis* en van die betoog *Conviva Saturnalia.* Die primêre waarde van sy werke lê in die oordrag van feite en opinies wat deur vroeëre skrywers gelug is, soos die *Saturnalia* wat in die trant van Plato se *Symposium*, en Aulus Gellius se *Noctes Atticae* geskryf is (kyk pp. 39, 49 en 110).

**Martialis (40 – 104 n.C.)**

M. Valerius Martialis, ‘n boorling van Bilbilis in Spanje, was die mees vooraanstaande epigramskrywer in die tyd van Domitianus, Nerva en Trajanus. Hy het retoriek bestudeer maar die regsprofessie het hom nie bevredig nie.

Hy het sy epigramme “klein verhaaltjies van die regte lewe” genoem. Feite op die man af is ‘n kriterium waaraan die epigram moes voldoen (kyk oor kerse byvoorbeeld pp. 47 – 49, 56 en 57). Die begin van die epigram het gewoonlik ‘n sekere verwagting geskep terwyl daar in die slot tot ‘n tipe gevolgtrekking gekom is. Sy werk toon baie ooreenkomste met dié van Juvenalis in dié sin dat hulle beide baie gekonsentreer het op die morele verval (kyk p. 71 – 75 en 77), op ondeugde (soos dobbel, kyk p. 71) en korrupsie (kyk p. 58) van die Romeinse volk.

Die ou-wêreldse mites van Thebe of Argos is vervang met die werklike tragedie en komedie van die alledaagse lewe in Rome. Martialis word allermins as moralis beskou – sy skryfstukke het ’n glimlag afgedwing omdat mense nie alleen hulself, maar ook hul leefwyse en omgewing in sy werke herken het. Hy is uniek in dié opsig dat hy met ’n heel positiewe gesindheid die ondeugde van die volk beskou en beskryf het en met die aansitterige aristokrasie gespot het (kyk p. 92). Hy kon foute in detail beskryf, in só ’n mate dat mens hom byna as genadeloos sou kon beskou. Hy het ‘n standaard van só ‘n gehalte gestel dat niemand ooit met sy skryfvermoë kon kompeteer nie.

Martialis was baie trots daarop om ‘n *eques* te wees, maar het daarna gesmag om na sy tuisland terug te keer. In Spanje was daar ‘n senaatsitplek vir hom oop gewees, wat ‘n geskenk van sy gasvrou (oftewel houvrou) Marcella was.

Daar is in hierdie studie swaar gesteun op Martialis omdat sy epigramme sulke raak sketse van die alledaagse lewe in Rome bevat het (cf. *passim*).

**Nicolaus van Damaskus (64 v.C. – ?)**

Hy het oor verskeie onderwerpe geskryf en verskillende skryfstyle gebruik. Nicolaus was ‘n groot vriend van Herodes die Grote, wat saam met Nicolaus filosofie, retoriek en geskiedenis bestudeer het en hom aangemoedig het om te skryf. Nicolaus was ook onder andere die leermeester van Marcus Antonius en Cleopatra se kinders. Ons lees ook in een van sy werke van die belaglike bepalings in ‘n testament (p. 114).

**Ovidius (43 v.C. – 17 n.C.)**

Publius Ovidius Naso was die eerste Romeinse digter wat sy outobiografie in verse vasgelê het. Hy is afkomstig van Sulmo, en hy het lesings in Rome van die meesters Arellius Fuscus en Porcius Latro ontvang.

Hy het verskillende tipes poësie geskryf, en het homself beskou as die uitvinder van ‘n nuwe literêre genre, die pseudonimiese brief: sy *Heroides.* Dit is briewe waarin mitologiese vroue hul gevoelens vir hul afwesige minnaars openbaarmaak. Liefde as sulks was ’n gewilde tema (kyk pp. 72 en 120 - 122).

Die *Metamorphoses* was net voltooi toe Ovidius skielik deur ‘n keiserlike bevel na Tomi by die Swart See verban is. Dit het beteken dat die digter sy burgerskap en eiendomsregte verloor het. Onderweg na sy ballingskap het hy die eerste boek van die *Tristia*, wat ‘n versameling van elegieë en elegiese briewe was, geskryf. Met die verloop van die tyd het hierdie werk gegroei tot vyf volledige boeke. Tydens sy ballingskap het Ovidius die *Metamorphoses* gepubliseer. Alhoewel hy later baie erkenning ontvang het, is hy in 17 n.C. oorlede sonder dat hy ooit weer na Italië teruggekeer het.

**Petronius (? - 66 n.C.)**

Gaius Petronius Arbiter was ‘n Romeinse ridder en later ook goewerneur van Bithinië. Hy het homself onderskei as ‘n streng bevelvoerder alhoewel hy ‘n inherente plesiersoeker was. Hy was ‘n meester van *savoir vivra* met ‘n kennis van hoe om die lewe op ‘n gesofistikeerde wyse te geniet. Hy het ‘n nonchalante houding gehad, en juis die indruk van ongeletterdheid het hom baie gewild gemaak; hy was ook die gunsteling van Keiser Nero. Indirek is die *Satyricon* ‘n werk oor Nero se regering (Smith 1990:69). In Keiser Nero se intieme vriendekring is Petronius later as Arbiter van Elegansie aangewys; sy invloed was sodanig dat Nero volstrek geweier het om iets by te woon, te doen of te eet alvorens Petronius dit goedgekeur het. Sy rykdom wat hy grootliks gekry het van keiserlike erfporsies en die grond by Cumae, het hom in staat gestel om sy lewe te geniet, terwyl hy meer as genoeg sekuriteit gehad het.

Skilderkuns, musiek en die skone kunste was sy passie, dus kon hy met ervaring en waardering siniese kommentaar lewer en selfs met gesag na dwalinge verwys, asook

na afwykings wat nie in lyn met sy goeie smaak was nie. Hy was egter ‘n slagoffer van die jaloesie van die Praetoriese Prefek Tigellinus wat sy literêre werke baie gekritiseer het. Hy het in Cumae selfmoord gepleeg nadat hy van ‘n sameswering verdink was.

Daar word na ‘n roman verwys as ‘n kort, oorspronklike storie wat nog nie voorheen gehoor of vertel is nie. Dit is dus fiksie wat in prosavorm geskryf is. Petronius se *Satyricon* is ‘n goeie voorbeeld hiervan alhoewel prosa sowel as poësie gebruik is. Die *Cena Trimachionis* (‘n onderafdeling van die *Satyricon*, cf. hoofstuk 6) toon ooreenkomste met Horatius se *Cena Nasidieni* en Plato se *Symposium*. Karakterisering en die plot, sowel as die struktuur van die stukke stem in sekere opsigte ooreen.

Die *Satyricon* self was ‘n Menippeïese satire, ‘n humoristiese genre, gekenmerk deur die gebruik van verskillende style en ‘n mengsel van prosa en poësie, en (goeie) smaak was die enigste norm. Hierdie was nie ‘n morele storie wat gemik was op hervorming nie. Petronius se opinie was nooit bekend nie, aangesien hy dit nooit êrens verskaf het nie. Trimalchio se ete is ‘n fantastiese komedie; soos Horatius skeer Petronius gek met die gasheer wat foute begaan in sy smaak en pretensie van styl.

**Plautus (c. 205- 184 v.C.)**

Titus Maccius Plautus was ‘n bekende Romeinse komedie-digter afkomstig van die Umbriese dorpie Sarsina. Voordat hy begin skryf het was hy ‘n akteur in die Atellaanse Spele. Hy het baie geld verdien maar dit alles in saketransaksies verloor

en toe by ‘n meule gaan werk. Hy het ‘n goeie agtergrond gehad vanweë sy Griekse opleiding, en het goeie lewenservaring opgedoen, nie alleen by die meule nie, maar ook in die teater. Hy is baie beïnvloed deur Livius Andronicus en Naevius.

Plautus se komedie het gewoonlik afgespeel teen die agtergrond van gegoede middelklas, beskaafde families maar die handelinge van sy plot is nie altyd realisties en lewensgetrou nie. Alledaagse gebeure word beskryf (kyk pp. 90, 96 en 121).

Ongeveer 130 komedies word aan hom toegeskryf, hoewel die grammatikus Lucius Aelius Stilo slegs 25 as eg beskou en beweer het dat Plautus se leerling Varro vir ‘n verdere 21 stukke verantwoordelik was.

**Plinius die Ouere (23 - 79 n.C.)**

Gaius Plinius Secundus, bekend as Plinius die Ouere, is gebore in Novum Comum in Gallië. Hy het sy studies in Rome voltooi waar hy letterkunde, die redenaarskuns en die reg bestudeer het en ook militêre opleiding ontvang het. Toe hy 23 was, het hy ‘n militêre loopbaan begin deur in Germanië diens te doen. Twaalf jaar later het hy na Rome teruggekeer waar hy ‘n advokaat geword het. Tydens die heerskappy van Nero het hy die toekomstige keiser Vespasianus se guns gewen en later verskeie posisies beklee, waaronder dié van prokurator in Gallië, Afrika en Spanje waar hy ‘n reputasie vir integriteit opgebou het. Sy bekendste werk, die *Historia Naturalis*, wat in 77 n.C. gepubliseer is, bestaan uit sewe en dertig boeke en bevat alles wat die Romeine op daardie stadium geweet het oor aspekte soos astrologie (kyk pp. 32, 41 en 43), aardrykskunde (kyk p. 48), geneeskunde en landbou. Sy nefie, Plinius die

Jongere, het sy dood beskryf tydens die uitbarsting van Vesuvius; hy was 'n asma-lyer en is oorval deur die giftige gasse.

**Plinius die Jongere (61 – 112 n.C.)**

Gaius Plinius Caecilius Secundus was 'n susterskind van Plinius die Ouere en het 'n groot versameling briewe agtergelaat. Hy was ook 'n regsgeleerde en die outeur van die lofrede oor Keiser Trajanus. Sy oom Plinius (die Ouere) het hom onder sy sorg geneem en was ook vir sy geleerdheid verantwoordelik. Plinius die Jongere was 'n gematigde, eerlike man wat vinnig die *cursus honorum* geklim het. Hy het egter sy rykdom gebruik om sy aansien by sy vriende te verhoog. Sy loopbaan word algemeen beskou as 'n voorbeeld van al die openbare en politieke ampte en toekennings wat in die vroeë Keisertyd beklee en verwerf kon word. Sy briewe (*Epistulae*) was 'n weerspieëling van homself en die omgewing waarin hy homself bevind het, maar verbreed ons kennis van die administratiewe geskiedenis en die alledaagse lewe in die eerste eeu na Christus (kyk pp. 45, 60, asook hoofstuk 6).

**Plutarchus (50 – 120 n.C.)**

Plutarchus is in Griekeland gebore en is die bekendste biograaf van die antieke wêreld. Sy werke *Moralia* en *Parallel Lives* is die hoofbron van ons inligting oor verskeie van die Griekse en Romeinse militêre en politieke leiers. Dit beslaan ses en twintig volumes wat hom die Griekse skrywer met die meeste publikasies maak. *Parallel Lives* staan egter nie as geskiedenis bekend nie, maar as biografieë. Die persone in sy reeks is staatsmanne, generaals en openbare figure soos Alexander die Grote, Keiser Tiberius (kyk p. 102), Solon, Crassus (kyk p. 62), Pyrrhus en

Marcus Antonius, en hy probeer die karakter van elk in detail te beskryf. Plutarchus se ander bekende werk, die *Moralia*, is essays wat handel oor enigiets van geloof, gespreksonderwerpe vir die *cena* (kyk p. 103) en dierkunde tot huwelike en beligting (kyk p. 49). Die herlewing van die Orakel van Delphi het sy hart verheug, dit was ‘n teken van die herlewing van geloof en van die Hellenisme.

**Propertius (50 v.C. – 16 n.C.)**

Sextus Aurelius Propertius was ‘n ouer tydgenoot van Ovidius en ‘n beroemde elegiese digter. Hy was ‘n lid van die vriendekring van Maecenas, die vriend van Keiser Augustus. As meester van die Latynse elegie het hy met ywer, passie en opregtheid geskryf.

Elegieë het ‘n wyer reikwydte as die epigram, alhoewel dit baie oorvleuel. Die assosiasie van idees en die gebruik van die ring-komposisie is tipies daarvan; dit is ‘n hulpmiddel met ‘n spesifieke doel om persoonlike of politieke idees oor te dra, alhoewel die elegie-skrywer sy persoonlike stempel daarop kan afdruk. Hy het ‘n hoë lewenstandaard gehandhaaf en was gewoond aan die beste, soos gesien op p. 119 waar hy die vereistes van ‘n goeie ete gee.

Die invloed van die epigram is belangrik maar word nie as model vir elegieë gesien nie. Die elegie weerspieël ’n hoë vlak van gekultiveerde taalgebruik. Die Romeinse liefdes-elegie bevat tipiese karakters en situasies (kyk pp. 75 en 122) en Propertius het mites as basis gebruik om met sy ryk verbeelding die stories te skryf.

**Prudentius (348 – 413 n.C.)**

Aurelius Prudentius Clemens was ‘n Romeinse Christelike digter van Calagurris in Spanje wat onder andere ook Christelike musiek en gedigte oor kerkvaders geskryf het. Alhoewel hy lid van die Keiserlike hofhouding was, het hy dit opgegee en homself tot die godsdiens verbind. Hy was ‘n askeet wat tot die aand gevas het en hom totaal van diere-produkte onthou het. Uit sy werk kry mens waardevolle inligting oor die verskil tussen dag en nag, maar ook donker en lig (kyk pp. 30 en 33). Die hooftema van die Christelike poësie was om God te prys; die oordrag van God se boodskap was ook ‘n belangrike tema en is weergegee deur die parafrasering van die evangelie (kyk p. 43).

Die allegorie *Psychomachia* is sy invloedrykste werk en het die inspirasie geword vir die Middeleeuse allegoriese letterkunde.

**Quintilianus (35 – 95 n.C.)**

Marcus Fabius Quintilianus was ‘n bekende redenaar, leermeester van Plinius die Jongere en Juvenalis en afkomstig van Calagurris in Spanje. Sy retoriese werk *De Institutione Oratoria* het ten volle behoue gebly. Daarin bespreek hy onderwerpe soos die opvoeding van ‘n jong kind (kyk p. 50) en die beginsels van retoriek. Hy is ook ‘n voorbeeld van ‘n man wat eerder in die nag as die dag gewerk het soos op p. 63 gesien kan word. Hy het ‘n groot invloed in die antieke tyd sowel as die Renaissance gehad.

**Seneca (4 – 65 n.C.)**

Lucius Annaeus Seneca was 'n Stoïsynse filosoof en het as klein seuntjie saam met sy ouers na Rome verhuis. Hy is egter in 43 n.C. na Corsica verban deur Keiser Claudius se vrou, Messalina. Na Claudius se dood het Agrippina hom laat herroep en hom leermeester van haar seun, die toekomstige Keiser Nero, gemaak. Hy was 'n hardwerkende man. Sy prosa, filosofiese verhandelings, briewe (wat aansien verleen het aan meditasie en die vorming van 'n beter selfbeeld) en 'n satire oor Keiser Claudius (*Apocolocyntosis*) wat aan hom toegeskryf word, bestaan steeds, asook agt tragedies, afgesien van 'n paar epigramme. Nadat hy valslik van medepligtigheid in 'n sameswering teen Keiser Nero beskuldig is, het hy selfmoord gepleeg.

**Statius (45 - 96 n.C.)**

Publius Papinius Statius is gebore in Napels en was reeds as jongeling 'n gunsteling van Keiser Domitianus. Sy oorgelewerde werke sluit in die *Thebaïs* (oor die stryd tussen die broers Eteokles en Poluneikes), die onvoltooide *Achilleïs* (oor die lewe van Achilles) en die *Silvae* ('n versameling gedigte). Ons vind verwysings na die alledaagse lewe in sy poësie, soos dat arm mense nie die kos van rykes kan bekostig nie (kyk p. 97).

**Strabo (63 v.C. – c. 21 n.C.)**

Strabo was 'n Griekse geograaf, historikus en filosoof wat gebore is te Amaseia in Pontus. Hy het 'n versameling geskiedkundige verhale geskryf wat deur verskeie latere outeurs aangehaal is, hoewel niks daarvan behoue gebly het nie. Sy *Geographia* is gebaseer op sy eie waarnemings en op die werke van voorgangers,

insluitend Homerus, Eratosthenes, Polybius en Posidonius. Dit het nie alleen geografiese (kyk p. 76 oor bergbewoners en die opkoms van die son) en historiese materiaal bevat nie, maar ook beskrywings van plekke en mense (onder andere hul voorkeure, p. 114) en is 'n ryk bron van kennis oor die antieke wêreld.

**Suetonius (69 – 140 n.C.)**

Gaius Suetonius Tranquillus was 'n tydgenoot en vriend van Plinius die Jongere. Hy was die sekretaris (*magister epistularum*) van Keiser Hadrianus van 119 tot 121 n.C. Hy was die outeur van die biografieë van die eerste twaalf keisers (*De vita Caesarum*) wat byna ten volle behoue gebly het (sien skinderstories oor Keiser Gaius [p. 119], Keiser Augustus [p. 116], Keiser Nero [pp. 70 en 81] en Keiser Claudius [p. 90]. Suetonius het as rolmodel vir vele latere skrywers gedien. Onder verwysings na die leefomstandighede van die tyd, vind ons onder andere sy opmerking oor die doel van die eerste vuurtoring (kyk p. 69).

**Tacitus (c. 55 - 129 n.C.)**

Cornelius Tacitus was die grootste geskiedskrywer in die Keisertyd, en 'n vriend van Plinius die Jongere. Hy word beskou as een van ons vernaamste bronne vir die geskiedenis van die vroeë Prinsipaat, en veral vir die regeringstyd van Keisers Augustus en Tiberius. Teen die tyd dat Keiser Domitianus dood is, voor die draai van die eerste eeu n.C., het Tacitus se lewenservaring onder die keisers daartoe gelei dat hy baie sinies en verbitterd was oor die politieke toestand (kyk p. 40 oor vreemde indringers). Hy skryf ook oor die Christene wat so wreedaardig verbrand is deur Keiser Nero (kyk p. 47). As senator het hy gevoel dat sy vryheid en sy waardigheid

geskend is deur die tirannie van Domitianus. Slegs gedeeltes van sy bekendste werke, die *Historiae* en *Annales*, het behoue gebly. Met die historiese korrektheid van sy feite kan daar nie fout gevind word nie, met sy vernuftige aanbieding daarvan (veral in die geval van Keiser Tiberius) kan die leser dikwels ‘n baie duidelike prentjie vorm.

**Valerius Maximus (20 v.C. – 50 n.C.)**

Hy was ‘n historikus en die skrywer van *Factorum ac dictorum memorabilium libri IX*. Dit is ‘n versameling werke oor ‘n verskeidenheid onderwerpe. Die werk het gedien as ‘n bron vir verskeie skrywers en redenaars. Interessante inligting word daaruit verkry, soos dat Romeine eerder *puls* as brood geëet het (kyk p. 96).

**Varro (116 – 27 v.C.)**

Marcus Terentius Varro was ‘n tydgenoot van Cicero. Hy was sekerlik die geleerdste Romeinse skrywer: hy was naamlik ‘n digter, satiris (kyk pp. 87 en 103), historikus, juris, geograaf (kyk pp. 29 en 32), grammatikus (kyk sy woordkeuse op p. 49) en wetenskaplike (kyk pp. 34 en 47) en hy het veral ook oor opvoedkunde (seuns wat in meisies verander, kyk p. 73) en filosofie (kyk p. 102) geskryf. Sy enorme literêre bydrae beslaan meer as 600 volumes waarvan slegs sy werk oor boerdery (*De Re Rustica*) ten volle behoue gebly het. Ses van die 25 boeke oor die Latynse taal (*De lingua Latina*) het behoue gebly en sowat 600 fragmente van sy *Saturae Menippeae*. Hy het gesterf met sy pen in die hand.

**Vergilius (70 – 19 v.C.)**

Publius Vergilius Maro was die heel bekendste Romeinse digter. Hy het die *Aeneïs* geskryf wat as een van die beste epiese gedigte in menseheugenis gereken word. Hy gebruik in hierdie stuk ook metafore (kyk p. 58 oor vuur) en vertel van die hangende kandelare in huise se plafonne (kyk p. 50). Hierdie stuk is net na die oorlog by Actium geskryf en dit simboliseer Keiser Augustus se stryd en opdrag om Italië te verenig. Hierdie meesterstuk word vergelyk met Homerus se *Ilias* en die *Odusseia*. Hy het egter ook beroemdheid verwerf vir sy versamelings gedigte (*Eclogae* en *Georgica*).

**Vitruvius (c. 46 v.C. – vroeg in die eerste eeu n.C.)**

Marcus Vitruvius Pollio was 'n tydgenoot van Caesar en het homself tot Keiser Augustus verbind. Hy het veral oor argitektuur geskryf, en hy was Augustus se persoonlike ingenieur en argitek. In sy werk *De architectura* bespreek hy aspekte van die Romeinse argitektuur, boukunde (byvoorbeeld waar 'n *triclinium* gebou moes word, kyk p. 82) en stadsbeplanning. Aangesien dit die enigste antieke werk oor argitektuur is wat behoue gebly het, is dit 'n onmisbare bron van inligting.

# HOOFSTUK 3
# DIE BEREKENING VAN TYD

Tyd is ‘n basiese konsep wat die mens help om sy lewe te orden. Die berekening van tyd gaan terug na die Skeppingsverhaal: in die eerste verse van Genesis lees ons reeds van duisternis en lig wat God “dag en nag” genoem het. Met hierdie skeiding tussen dag en nag het God tyd geskep.

## 3.1 DIE VERDELING VAN DAG EN NAG

Onder die vele nalatenskappe van die Romeine is daar die moderne kalender, die name van die maande, asook die woorde “datum”, “uur” en “minuut” wat direk uit Latyn afgelei is. In die wêreld van die Romeine is een van die vroegste verwysing na tydsberekening die van Aulus Gellius wat verwys na die *decemviri* wat in 450 v.C. die wette van die Twaalf Tafels moes opstel, en daarin word die woord *nox* vir *noctu* gebruik, menende “in die nag” (Gell. 8.12) en *hesterna nocte* vir “laasnag” (Gell. 8.12). *Suprema* beteken “die laaste deel van die dag”, afgelei van *superrimus*.[1] Net so is *crepusculum* (skemer) afgelei van *creperum* (donkerte). Mense het skemer as ‘n somber tyd beskou het omdat hulle nie geweet het of dit nog dag of reeds nag was nie (Varr., *L.L.* 6.5). Teen die derde eeu v.C. toe oorlog teen Pyrrhus gevoer is, was

die dag in twee helftes verdeel, en elke helfte weer in twee dele verdeel naamlik vroeg oggend (*mane meridiem*) en vroeg middag (*ante meridiem*). Die ander helfte van die dag was verdeel in middag (*de meridie*) en aand (*suprema*) (Censor. 24.3). Net so is daar toe reeds bepaal dat 'n dag en nag saam uit 24 ure moet bestaan (Cic., *N.D*. 2.9.27).

Daar was dus 'n duidelike onderskeid tussen dag en nag, of liewers nagte en dae (Cic., *De Or.* 1.265). Ook in Statius (*Theb.* 7.503) word daar geskryf van *noctesque diesque* (nag en dag). Seneca skryf ook dat die dae gelyk is in ure en met 'n dag word bedoel 24 uur. Alle dae behoort gelyk te wees "omdat die nag die minute kry wat die dag verloor" (Sen., *Ep*. 1.12.7).

Die Romeine het ook die nag in vier dele verdeel naamlik aand, middernag, hanekraai en oggend en daarvolgens is die stad met hulle wagte bewaak. Aand was die laat tyd van die nag, teenoor oggend wat die vroeë gedeelte aangedui het. Middernag was die tyd tussen ongeveer twaalfuur en drie-uur, en hanekraai is deur die hane aangekondig (Martin 2001:685).

Die Romeine het hul eie definisie van 'n uur gevorm - 'n twaalfde van die dag of nag. *Hora* (uur) kan òf die einde van 'n uur aandui, òf die verloop van tyd tydens 'n uur: So kan *secunda hora* òf die einde van die tweede uur beteken, òf gedurende die tweede uur. Dit is dus baie moeilik om te bepaal presies waarna verwys word (Balsdon 1969:18).

---

[1] *Suprema summum diei, id ab superrimo,* Varr., *L.L.* 6.5.

Die Romeine het ‘n 24 uur dag en nag gehad, net soos in die moderne tyd, maar dit het egter verskil in soverre daglig in 12 ure verdeel is – “van eerste lig (sonsopkoms) tot die aand”[2], en donkerte in ‘n verdere 12 ure. Die 12 ure van die dag is verdeel tussen sonsopkoms – (die boodskapper-voël van die dag, kondig die naderende lig aan[3]), en sonsondergang, en die ure van die nag tussen sonsondergang en sonsopkoms. Dus was die ure nooit ewe lank nie. Die ure in die dag was langer in die somer en die nagure korter, en omgekeerd in die winter behalwe by die herfs- en lente dag-en-nag-ewening wanneer die tyd van die dag en nag ewe lank was (Balsdon 1969:17). Tydens die wintersonstilstand (22 Desember) het ‘n uur in die dag gekrimp tot 44,44 minute, terwyl ‘n uur in die nag dan tot 1 uur 15,56 minute verleng is. Presies die teenoorgestelde het gebeur tydens die somersonstilstand wanneer die lengte van die ure van die nag tot ‘n minimum gekrimp het en die ure in die dag ‘n maksimum bereik het (Carcopino 1941:149).

Die Grieke het egter die verskillende fases van hul dag en nag soos volg genoem: na-middernag, hanekraai (*gallicinium*), stilte-tyd (*conticinium* - die tydjie wanneer die hane opgehou kraai het maar die mense steeds geslaap het), dagbreek (*solis ortus*), oggend, middag of ook die sesde uur (*meridies*), sonsondergang (*solis occasus*), en *vesper* (vernoem na die aandster). Ausonius het ook gesê dat die aandster die aandlig gebring het (Mosella 193). Die tyd wat ligte aangesteek is (*prima fax*), slaaptyd (*concubium*) en middernag (*intempesta nox*) (Herodotus 2.62).

---

[2] *a luce prima in vesperum*, Prud., *Cath.* 2.108.
[3] *ales diei nuntius lucem propinquam praecinit*, Prud., *Cath.* 1.1-2.

‘n Dag is beskou as die tyd tussen twee opeenvolgende middernagte (Gell. 3.2.2; Macrob. 1.3.2), alhoewel sonsopkoms, middag en sonsondergang die enigste vasgestelde tye was aangesien middernag nie presies vasgestel kon word nie (DuPont 1992:189). In teenstelling met die Romeine wat ‘n dag beskou het as die tydsduur tussen twee opeenvolgende middernagte, het die Atheners geglo dat ‘n volle dag tussen twee opeenvolgende sonsondergange was (Gell. 3.2.4), die Babilonieërs dat ‘n dag die verloop tussen twee sonsopkomste was (Gell. 3.2.5), en die inwoners van Umbria dat die tydsduur van een middag tot die volgende middag as ‘n volle dag beskou kon word (Gell. 3.2.6). As gevolg hiervan was dit byvoorbeeld moeilik om vas te stel of Jesus wel op ‘n Vrydag gekruisig is, omdat die Galliese Jode en Fariseërs die dag bereken het van sonop tot sonop, maar die Judese Jode en Saduseërs het dit bereken van sononder tot sononder. Dit sou dus beteken dat dié wat geglo het dat Paasfees reeds op die Donderdag begin het, hul Paasmaal op die Donderdagaand sou nuttig, terwyl die Judese Jode die Paasmaal ook dan die Donderdagaand sou geniet alhoewel hulle die Vrydag as Paasfees beskou het (Retief & Cilliers 2004:5). Hierdie is dus ‘n goeie voorbeeld van hoe die interpretasie van wanneer ‘n dag begin en eindig het, baie verwarrend kan wees.

Aulus Gellius het ook vir Varro aangehaal[4] wat in sy boek geskryf het dat wanneer ‘n kind gebore is in die laaste ses ure van die nag, daar gesê is dat die kind gebore is op die dag wat sou volg. Net so sou ‘n kind wat tussen sonsondergang en middernag gebore is, se verjaarsdag gevier word op die dag wat die sonsondergang

[4] *De Diebus* 8.2, in *Antiquitates Rerum Humanorum*

voorafgegaan het (Gell. 3.2.3). Romeinse amptenare het ook die voorspellers ná middernag geraadpleeg sodat hulle dit wat voorspel was op dieselfde dag sou kon uitvoer (Gell. 3.2.10).

Aanvanklik is daar gedink dat dag en nag op presies dieselfde tyd reg oor die wêreld begin. Plinius verwys in sy *Historia Naturalis*[5] (2.181) na verskeie eksperimente wat gedoen is, byvoorbeeld by die Torings van Hannibal in Spanje en in Afrika. In Asië is berig dat wanneer seerowerfakkels in die middag afgeskiet is om die waaksaamheid van die wagte in die wagtorings te toets, party mense dit opgemerk het wanneer dit reeds donker by hulle was. Net so vertel Plinius verder dat Alexander 'n hardloper, Philonides, gehad het wat die 1200 *stadia* (ongeveer 192 km) tussen Sicyon en Elis in 9 ure afgelê het vanaf dagbreek, maar 15 ure geneem het vir die terugtog. Die rede? Toe hy van Sicyon na Elis gehardloop het, het hy saam met die son beweeg. Met sy terugtog egter, het hy die son verbygesteek terwyl hy in 'n teenoorgestelde rigting beweeg het (*H.N*. 2.181).

## 3.2 TYDSBEPALING

Hanekraai[6] was die aanduiding van sonsopkoms. Hiermee word letterlik verwys na die eienskap van 'n hoender om tussen donker en lig, en dag en nag te kan onderskei. Daar is selfs 'n oggendgesang geskryf waarin God geprys word omdat Hy

---

[5] Voortaan afgekort as *H.N.*
[6] *ad galli cantum*, Prud., *Cath.* 1.1.

die haan die intelligensie gegee het om tussen dag en nag te kan onderskei.[7] In die Griekse letterkunde lees ons dat Athena ook gereeld teenoor Zeus gekla het dat die kwaak van die paddas haar uit die slaap gehou het en hulle eers opgehou het wanneer die haan begin kraai het (Hom., *Batr*. 191-193).

In antieke Rome was tyd aanvanklik bepaal deur gebruik te maak van die posisie van die son en die skaduwees (www.dl.ket.org).

### 3.2.1 SONWYSERS EN WATERHORLOSIES

Sonwysers en waterhorlosies is in privaat huise en by die baddens gevind (Balsdon 1969:17), alhoewel slegs die welgesteldes privaat wysers kon bekostig iets wat as ‘n statussimbool beskou is. Openbare klokke is ook as ‘n baken gesien waar mense mekaar ontmoet het vir geselsies (wwwl.dl.ket.org/time). Aanvanklik het slawe egter by privaat huise en publieke plekke die ure hard uitgeroep sodat almal die tyd kon hoor (Carcopino 1941:146). In een van Plautus se komedies sê die parasiet (gewoonlik ‘n *cliens* wat op sy *patronus* teer), dat dit baie beter is wanneer jou eetlus jou herinner dat dit etenstyd is, as wat ‘n horlosie dit doen en dat sy maag sy sonwyser is.[8] In ‘n komedie word die ontdekker van tyd verwens en vervloek, juis omdat mense deur hul behoeftes (hul mae) herinner is aan etenstyd. Nou loop mense honger rond omdat etenstyd deur ‘n rigiede horlosie bepaal word (*Scaenicorum Romanorum fragmenta* 1.33).

---

[7] *dedit gallo intellegentiam,* Prud., *Cath.* 1.1.
[8] *venter solarium,* Gell. 3.3.5.

Volgens Varro is die eerste sonwyser vanaf Catanië in 263 v.C. na Rome gebring deur die konsul Valerius Messalla tydens die Eerste Puniese Oorlog. Tydens die vervoer van die sonwyser is dit beskadig en was dit daarna nie akkuraat nie maar nadat die Romeine dit gesien het, het hulle weldra hul eie sonwysers begin maak (Paoli 1958:84).

Die uurteller (*horologium*) was gebruik om tyd te bepaal deur die skaduwees te gebruik. Skaduklokke in die vorm van sonwysers (*solaria*) is in 3 v.C. in Rome begin gebruik. Dit het egter met sonlig gewerk, moes baie gereeld gekalibreer word volgens byvoorbeeld die hoogte bo seëspieël en die seisoene. Dit kon egter nie in die nag gebruik word nie (Adkins & Adkins 1996:338), maar dit was moontlik om die dag in 12 gelyke ure te verdeel. Die ure het later 'n merker geword waarvolgens die Romeine bepaal het wanneer die howe geopen moes word (ongeveer die derde uur), en wanneer dit middagete was (die sesde uur) (www.dl.ket.org/latin3/mores/techno/time/tellingtime.htm).
Volgens Paoli (1958:84) was daar selfs draagbare sonwysers wat tydens lang reise gebruik kon word.

Die waterklok (*horologium ex aqua*) is later bykomend tot die sonwyser gebruik, en was veral nuttig in die nag en op mistige dae (Carcopino 1941:146). Daar was twee tipes waterklokke wat eers in 159 v.C. in Rome bekend geword het:

1. 'n Tipe wat net 'n vasgestelde periode se tyd bepaal het. Die klok het uit 'n houer bestaan waaruit water geloop het (*clepsydra*), verteenwoordigend van 'n sekere tyd. Die binnekant van die houer was met uur-merkers

gemerk. Wanneer die water dus by ‘n sekere merker verby beweeg het, was dit verteenwoordigend van ‘n uur (www/dl.ket.org/tellingtime).

2. ‘n Gekalibreerde waterklok wat presies 24 uur geneem het om leeg te loop. Daar was later ‘n meer verfynde een wat selfs die ure van die dag en nag volgens die seisoen kon bepaal (Paoli 1958:84). So ‘n voorbeeld is die Horologion van Andronicus in Athene wat in die tweede helfte van die eerste eeu v.C. opgerig is.

Die water is selfs later gebruik om klokkies te lui en koekoek-horlosies te laat werk. Dit was ook in die Senaat gebruik om elke spreker tot ‘n bepaalde tyd te beperk. Wanneer die spreker egter onderbreek is, was dit die gebruik om die watervloei tydelik te stop (www.dl.ket.org/tellingtime).

Dit is egter verkeerd om te dink dat die Romeine volkome aangewese was op die sonwyser of waterklok, soos ons vandag op horlosies is. Romeinse burgers was glad nie tydsverslaafdes nie en het baie tekortgeskiet in deursettingsvermoë en presisie. Wat dus nie vandag gedoen kon word nie, sou oorstaan na môre. Wanneer iemand sou vra hoe laat dit is, sou ‘n hele paar verskillende tye gekry word, afhangend van waar die sonwyser of waterklok geleë was (Carcopino 1941:148)! Seneca het dan ook gesê “ek kan nie vir jou die presiese uur sê nie, ooreenstemming word makliker bereik tussen die filosowe as tussen tydsaanwysers.[9]”

---

[9] *horam non possum certam dicere: facilius inter philosophos quam inter horologia conveniet*, Sen., *Apocol*. 2.

In die leër egter, was die tyd presies – die enigste plek in die Romeinse wêreld. Die militêre beamptes het die nag in vier nagwake (*vigiliae*) ingedeel. Tydens elke nagwaak het ander wagte diens gedoen. Hulle het ook gekalibreerde kerse gebruik om die wake in gelyke periodes te verdeel.

Die Romeine se tydsberekening het dus nie van die sterre en wiskundige berekeninge afgehang nie, maar eerder van die mense.

## 3.3 MAANMAANDE VS SONJAAR

Volledigheidshalwe moet daar kortliks ook gekyk word na die berekening van tyd oor 'n langer periode, te wete na die kalender. 'n Jaar in die Romeinse en Griekse wêreld was bereken in ooreenstemming met die beweging van die son, terwyl die maande volgens die beweging van die maan bepaal is. Dit was dus onvermydelik dat daar een of ander tyd probleme met die twee ongelyke berekeningsmetodes sou opduik. Die Romeinse maand het nie vasgestelde dae gehad nie, maar het gewissel tussen 29 en 30 dae.

Die eerste dag van die Romeinse maand, bekend as die *Kalendae*, het met nuwe maan saamgeval. Priesters het sommige nagwagte (*vigiles*) opgelei om, wanneer hulle op hul uitkykposte die laaste strale van die afnemende maan gesien het, die *Kalendae* te kon aankondig. Die *Kalendae* was opgedra aan Janus, god van deure en van die begin van dinge, en ook aan Juno, die godin van geboortes (DuPont 1992:191) en was die eerste dag van elke maand. *Kalendae* is afgelei van *calo*: ek roep (Lewis & Short 1958:1022) wat aandui dat die nuwe maand nadergeroep is,

aangesien die priester op die Kapitolynse heuwel sou staan en op die vyfde of sewende dag sò sou uitroep: “Juno Cavella, ek kondig die vyfde dag aan” of “Juno Cavella, ek kondig die sewende dag aan”.[10]

Op die eerste dag van die maand is dan aangekondig hoeveel dae daar sou wees tot by die *Nonae*, die vyfde of sewende dag van die maand, wat gewoonlik 9 dae voor die *Idus* was, wat op die vyftiende dag in Maart, Mei, Julie en Oktober geval het (Dilke 1975: 60).

Op die *Nonae* het die *rex sacrorum* die godsdienstige kalender van die maand aangekondig: dit was gewoonlik die negende dag voor die *Idus* omdat die *Nonae* die nuwe maand vanaf die nuwe maan genoem is.[11] Die feesdae van daardie spesifieke maand en ‘n vasgestelde dag vir die *Idus*, wat met die volmaan saamgeval het, is ook aangekondig. Die *Idus* was ook die middel van die maand en ‘n feesdag ter ere van Jupiter. Die maan het ná die *Idus* weer afgeneem tot by die *Kalendae* van die volgende maand.

Julius Caesar (*Pontifex Maximus* / Hoëpriester) het egter in 46 v.C. vasgestelde datums voorgestel vir die *Nonae* en *Idus* van elke maand, nadat ‘n astronoom van Alexandrië vasgestel het dat die maanjaar sowat 90 dae korter was as die sonjaar. Oesfeeste is dus in die winter gehou in plaas van die laat somer, die *Kalendae* het nie noodwendig meer op nuwe maan geval nie, en dus het die kalender later nie meer met die fases van die maan saamgeval nie (DuPont 1992:192).

---

[10] *‘Die te quinti calo Iuno Cavello’ aut ‘septem die te calo Iuno Cavella’,* Varr., *L.L.* 6.27.
[11] *novus mensis ab nova luna Nonae*, Varr., *L.L.* 5.28.

‘n Maanjaar het uit 12 maanmaande, oftewel 354 dae bestaan. Elf en ‘n kwart dae was dus nog oor wat nie in die maanjaar kon ‘inpas’ nie. So het Julius Caesar die jaar dus ingedeel dat dit nie op ‘n sonstilstand of dag-en-nag-ewening begin het nie, maar op die *Kalendae* van Maart, die derde maand, ná die wintersonstilstand. Die jaar het dan oor 10 maande gestrek (vanaf Maart tot Desember) wat elk uit 29 of 30 dae bestaan het. Desember was die tiende maanmaand omdat Januarie 30 dae, en Februarie 28 dae gehad het. Al hoe hierdie probleem oorkom kon word, was om ekstra dae by Februarie by te voeg of dit te interkaleer en dan ‘n maand van ongeveer 27 dae voor die begin van Maart by te voeg. Julius Caesar het genoeg dae geïnterkaleer dat die jaar 46 v.C. ‘n volle 445 dae lank was. Vir die daaropvolgende jare het hy genoeg dae ingevoeg sodat elke jaar 365 dae lank kon wees. Verder het hy by elke vierde jaar ‘n enkel dag tussen die 23ste en die 24ste Februarie bygevoeg sodat dit dus vir twee opeenvolgende dae die 23ste Februarie was. Ons byvoeging van ‘n dag ná 28 Februarie elke vierde jaar is ‘n moderne oplossing vir die probleem. Tot 153 v.C. was Maart die eerste maand van die jaar. Daarna het die amptelike jaar vir konsuls en magistrate op 1 Januarie (in plaas van Maart) begin. (Die *tribuni plebis* se pligsjaar het egter steeds op 10 Desember begin.) Geen verdere verandering is aangebring tot die hervorming van Pous Gregorius XII in 1582 nie (DuPont 1992:193).

## 3.4 IN DIE AAND

Alle Romeinse aktiwiteite het met sonsopkoms oftewel tydens die eerste uur begin, en hul werksdag het nie baie lank geduur nie. Die sewende uur het ‘n einde aan hul

werksdag gebring en teen die negende uur is die kussings van die lêbanke reggesit vir aandete (Mart. 4.8.5). Aande was bedoel vir *otium* (vrye tyd). Dit was die tyd vir ontspanning, plesier en aanlê-etes. Dit was die tyd om met behulp van wyn van alle stres, bekommernisse en woede ontslae te raak.

Die Romeinse werksdag het uit ongeveer 7 ure in die somer en minder as 6 ure in die winter bestaan.[12] Dus het die Romeine ongeveer 17 / 18 ure aan slaap en vrye tyd spandeer (Carcopino 1941:184). 'n Badritueel tussen die uitputtende dag en die plesier van die aand het die oorgang tussen *negotium* (werksaamheid) na *otium* vergemaklik (DuPont 1992:248).

Die aande se ontspanning het rondom die aandete (*cena*), hoofete van die dag, gedraai. Omdat lampe nie 'n baie helder lig gegee het nie, en die rook daarvan die lug baie droog gemaak het, het die mense gewoonlik vroeg gaan slaap (Macrob., *Sat.* 1.13). Soos die aand verloop het, en dit donkerder geword het, het die uitwerking van die wyn op die ontspanne liggaam gelei tot 'n diepe slaap waarin die liggaam weer voorberei kon word op 'n volgende uitputtende dag – "die rasende woede van hul gedagtes verdwyn in 'n sagte slaap".[13]

Dié wat egter deur 'n skuldige gewete, spyt, hartseer of verlange geteister is, het aan slaaploosheid (*insomnia*) gely – "wanneer die grootste deel van die nag vir my in sulke dwalings verbygaan, word slaap van my uitgeputte oë gesteel"[14] en Vergilius

---

[12] *in quintam varios extendit Roma labores sexta quies lassis, septima finis erit,* Mart., 4.8.3-4.
[13] *abit in quiete molli rabidus furor animi,* Cat. 63.38.
[14] *sic ubi deceptae pars est mihi maxima noctis acta, subit furtim lumina fessa sopor*, Ov., *Her.* 14.55.

verwys ook daarna: "en sy raak nooit aan die slaap nie, sy neem nie die nag in haar oë of hart op nie, haar kwellings verdubbel".[15]

Daar is geglo dat slaaploosheid kon lei tot uitputting wat 'n vasgrypplek vir siektes was. So het baie geglo dat mense van slaaploosheid gesterf het.

## 3.5 DIE BESTUDERING VAN HEMELLIGGAME

Een van die nagtelike tydverdrywe van die Romeine was om die hemele te bestudeer. Die Romeine het astrologie in hul godsdiens geïnkorporeer, alhoewel die priesters, regeringsamptenare en astroloë gereeld koppe gestamp het. Die Pitagoreërs was selfs uit Rome verban. Tacitus stel dit dat dié gevaarlike indringers altyd uit die land verban is, maar dat hulle telkemale weer teruggekeer het. Ironies genoeg is dit dié mense wat in hulle voorspellings geglo het wat die astroloë gewoonlik uit vrees laat verban het (*Ann*. 2.32). In die regeringstyd van Claudius (41 - 54 n.C.) was Rome in 'n waansinnige stryd gewikkel met astrologie. Die keiser het selfs sover gegaan om ene Scribonianus in ballingskap te stuur nadat dié 'n astroloog geraadpleeg het oor vooruitsigte in verband met Claudius se regeringstermyn (Tac., *Ann*. 12.52). Keiser Domitianus se vervolgingswaan is vererger deur die voorspellings wat deur die astroloë gemaak is. Astrologie het dus 'n belangrike rol in die vroeë keisertyd gespeel.

---

[15] *neque umquam solvitur in somnos, oculisve aut pectore noctem accipit; ingeminant curae,* Verg., *Aen.* 4.529.

### 3.5.1 ASTROLOGIE EN ASTRONOMIE

Astrologie is voorspellings oor die toekoms wat met behulp van die stand van die hemelliggame gemaak word; dit het oor gebeurtenisse in die lewens van mense, in lande, in volke en oor die wêreld gehandel. Dit het hand aan hand geloop met die ou geloof dat hemelliggame goddelik is en dat die gode verantwoordelik was vir reën, temperatuurwisselings en die lot van oeste (Albertyn 1977:1.596). Die Romeine het die sterrebestudeerders Chaldeërs genoem. Die Chaldeërs was oorspronklik nomades wat hulle in Chaldea in Babilonië gevestig het. Hier het hulle die Babiloniese taal en godsdiens en beskrywings oorgeneem. In die Romeinse Ryk is mense Chaldeërs genoem wanneer hulle die Babiloniese wetenskap (astrologie) beoefen het (Albertyn 1977:3.73). Daar was twee tipes Chaldeërs:

1. Die oorerflike groep "wetenskaplike" priesters wat oor die eeue hul ongelooflike kennis opgebou het deur die beweging van sterre en planete in die tempel van die god Bel in Babilonië te bestudeer.

2. Astroloë wat daardie kennis gebruik het om teen betaling die toekoms te voorspel (Dalby 2000:187).

Daar is ook geglo dat geregtigheid aan die einde van die heelal sal seëvier, dalk eers ná 'n reeks katastrofiese gebeure, maar wel deur die ingryping van die ewige Redder. Daar is voorspel dat Hy tussen die mense van Israel gebore sou word. Die Babiloniese astroloë was groot voorstanders van hierdie voorspelling en is deur ander gelowe ondersteun, hoewel dit baie angs by die gewone volk gewek het.

Posidonius het astrologie aan die Romeine bekend gestel in 135 v.C. en in 60 v.C. het Nigidius Figulus die eerste astrologiese voorspellings begin publiseer nadat hy deur Posidonius onderrig was en Vettius Valens die eerste voorspellings gemaak het. Plinius se boeke *Naturales Historiae* het ook groot bydraes gelewer tot die astrologiese almanakke.

Julius Caesar het nie aan voorspellings geglo nie. So het hy 'n waarskuwing teen die *Idus* van Maart gekry (nie van 'n astroloog nie, maar wel van 'n waarsêer!), en dit geïgnoreer. Verskeie praktiese gebruike is ook vir astrologie gevind, byvoorbeeld Pompeius, Marcus Antonius en Octavianus wat astroloë gedurende die burgeroorloë geraadpleeg het oor die uitkoms van die veldslae. Ten spyte van Augustus se ondersteuning van astroloë, was hy gedwing om alle astrologiese aktiwiteite in Rome te stop omdat hy soveel teenkanting van die priesters gekry het. Dié keisers ná Tiberius het astrologie heeltemal onderdruk en selfs tot die uiterste oorgegaan en astroloë vermoor wat in enige raadgewende hoedanigheid sou optree. Tog het Tiberius homself geleer om sterrevoorspellings te interpreteer en het ook gereeld ander astroloë in dié verband geraadpleeg. Keiser Hadrianus was ook 'n astroloog wat gereeld sy eie sterre geraadpleeg het (*Scriptores Historia Augusta*, Life of Hadrian 16.7).

Astrologie word dikwels met astronomie verwar. Astronomie is die studie van die sterre. Dit is die wetenskap van hemelliggame en die heelal, die ruimte en die afstande tussen die sterre en die eienskappe van die hemelliggame self (Albertyn 1977: 9.302).

Die grootste figuur in sterrekunde in die Romeinse tyd was Claudius Ptolemaeus (87 -150 n.C.). Hy het in Alexandrië gewoon. Hy het twee baie invloedryke boeke geskryf wat later die totale astrologiese en astronomiese denkwyse oorheers het. Die astrologiese teks was bekend as die *Tetrabiblios* oftewel *Quadrapartitium* (Vier Boeke) wat al die astrologiese werke wat deur die Mesopotamieërs en Grieke geskryf is, bevat het en vandag nog as naslaanwerk dien.

Ptolemaeus het ook die teorie van planetêre beweging gevestig en het die perfekte sikliese beweging as die basis van planetêre wentelbane voorgestel. Hy het ook beweer dat elke planetêre sfeer uit episiklusse (kleiner sfere) bestaan. Episiklusse het gehelp dat planete in onreëlmatige orbitale beweeg terwyl sikliese beweging as metafisiese basisse onderhou kon word (www.nickchampion.com).

Eratosthenes (275 - 194 v.C.), Hipparchus (190 tot na 126 v.C.) en Serapio van Antiochië het vroeër reeds ook bydraes tot astronomie gelewer. So het Serapio die stelling gemaak dat die son agtien keer groter as die aarde was (Jones & Sidwell 1997: 343).

Baie mense het probeer om die afstande tussen die planete en die aarde te bereken. Die Griekse filosoof Pitagoras (575 - 500 v.C.) het egter bereken dat die maan ongeveer 25 200 kilometer van die aarde af was. Sulpicius Gallus het met Pitagoras saamgestem (Plin., *H.N.* 2.19.83), en 'n boek geskryf oor maansverduistering (Plin., *H.N.* 2.5.3).

## 3.5.2 DIE MAAN EN DIE STERRE

Die lig van die maan is gesien as ‘n oplossing vir die duisternis en skaduwees (Plin., *H.N.* 2.6.39).

Die afstand tussen die son en die maan is bepaal op 1,000,000 kilometer: daar is geglo dat die afstand van die aarde so groot was om te keer dat die aarde nie verbrand nie (Plin., *H.N.* 2.21.91). Daar is ook bepaal dat die maan deur sy hele omwenteling beweeg sonder om buite sy baan te wentel (Plin., *H.N.* 2.13.62).

Plinius vertel dat ‘n lig uit die hemel een nag gesien is tydens die konsulskap van Gaius Caecilius en Gnaeus Papirius. Dié verskynsel is nagsonne (*soles nocturnes*) genoem en dit was soms so helder dat dit soos daglig gelyk het (Plin., *H.N.* 2.32).

Daar is aanvanklik geglo dat sterre in die oseaan verdwyn wanneer die daglig uit die oseaan opstyg (Van Assendelft 1976:182). Daar was ook ‘n groot bewondering vir die oggendster omdat dit duisternis verdryf het. Prudentius druk dit mooi uit: “Nie soos die Môrester wanneer dit uit die oseaan verrys en met sy skynende fakkel die duisternis verdryf het.”[16] Die môrester word gesien net tot voor dagbreek[17] wat dan ‘n teken was dat die lig (dag) naby was.[18]

*Vesper* (aandster) is ‘n ster wat na die sonsondergang skyn en die daglig verleng. Dié ster is gesien as ‘n plaasvervanger van die maan (Plin., *H.N*. 2.6.37). Sterre was

---

[16] *Non sicut tenebras de face fulgida surgens oceano lucifer inbuit,* Prud., *Cath.* 5.129-130.
[17] *Paulo ante quam lux emicet,* Prud., *Cath.* 1.15.
[18] *Adesse iam lucem prope*, Prud., *Cath*. 1.31.

ook ‘n bron van lig in die donker nagte - orals was die skitterende sterre van die nag versprei.[19]

Vandag bestaan die bygeloof dat wense waar sal word wanneer ‘n mens wens tydens die val van ‘n ster (of soos dit nou bekend staan as verskietende sterre). In die Romeinse tyd is geglo dat sterre oorlaai was met ‘n sekere vloeistof, wat dan die oorsaak was dat die ster sou val. Die vloeistof het dan ook veroorsaak dat die ster helder skyn met ‘n vurige glans soos wanneer olie aan die brand slaan as ‘n lampie aangesteek word (Plin., *H.N.* 2.6.31).

[19] *passim purpureos spargier hesperos*, Prud., *Cath.* 5.148.

# HOOFSTUK 4
# BELIGTING VAN BRANDE

Selfs in die mees gegoede Romeinse huise was dit gewoonlik donker, alhoewel daar vensters in die huise was en lig en lug sekere ure van die dag ingestroom het. Die ryker families het soms dakvensters in die kamers laat insit met deurskynende *lapis specularis*. Vensters het hortjies gehad en was met 'n fyn net toegemaak om muise en ander onwelkome diertjies en insekte uit die huis te hou. Dit het ook die helder sonstrale en rumoer uitgehou, wat kon help dat 'n hardwerkende man bietjie langer kon rus (Plin., *Ep*. 9.36.1). Glasvensters was aanvanklik as 'n Romeinse uitvinding in die eerste eeu n.C. (Adkins & Adkins 1994:325) te duur en talk en ander deurskynende materiaal is in die vensters gebruik om ook te help om koue uit te hou (Johnston 1932:160). Glasvensters is later deur glasblasers gemaak en 'n wye verskeidenheid vorms is gevind. Die glas het ook later terracotta vervang (Dilke 1975:113).

Omdat die huise nie deur natuurlike lig belig is nie, moes ander wyses van beligting gebruik word; die drie mees algemene vorms was fakkels (*taedae, faces*), kerse (*candelae*) en lampe (*lucernae*) (Paoli 1958:82). Lampe en veral kerse het 'n groot bydrae gelewer om die lewenskwaliteit van mense na sonsondergang te verhoog, alhoewel die prys en beskikbaarheid van brandstowwe tog 'n groot invloed gehad het op die gebruik van kunsmatige lig.

Goeie beligting het ook die voordeel gehad dat misdaad daardeur beperk is. Dit het naamlik samesweerders se taak bemoeilik omdat hulle maklik gesien is (Tac., *Ann*. 13.25; Amm. 14.1.9). Apuleius vertel ook dat daar eenkeer ingebreek is by Demochares se huis. Nadat die een slaaf wakker geword het van die geraas en die res van die huishouding wakker gemaak het, was die donker nag skielik verlig met fakkels, lampe, waskerse en ander tipes kerse (*Met*. 4.19).

## 4.1 FAKKELS (*TAEDAE*)

Fakkels was van die heel eerste vorms van kunsmatige lig. Gewoonlik was harsagtige hout gebruik, asook diervelle wat in olie geweek was. Op Griekse vase is illustrasies gevind van jong boompies wat met vet ingesmeer was en in bondels bymekaar gebind was om as 'n fakkel te dien (www.unc.edu/courses/rometech/-public/content/arts and_crafts/Libba_McElreath/artificial light_ in_rome.html).

Homerus vertel ook dat Hermes Kalupso se grot vol fakkels gesien het en dat die grot soos 'n vuur lyk wat lewendig in die vuurherd gloei (Hom., *Od*. 5.68).

Fakkels is veral op spesiale geleenthede soos huwelike en begrafnisse aangesteek. Op huwelike is dennehoutfakkels wat in teer gedoop was, gebruik vir beligting; later is dit as simbool van huwelike gebruik soos blyk uit Catullus se huweliksgedigte (Cat. 61.1-5). Boere het strooifakkels gebrand en waskersfakkels is ook gemaak.

Die pit is van die stam van die papirusplant gemaak wat in gesmelte was gedoop is. 'n Paar sulke wasbondels is dan saam gedraai in groot fakkels wat bekend gestaan het as *funalia, funales cerei* of *cerci* (Paoli 1958:82). Sulke fakkels is deur slawe

gedra, ook in die nag wanneer hulle hul meesters huis toe moes begelei, of soos ene Sosia wat in die nag oppad huistoe was vanaf die hawe (Plaut., *Amph* 149; Val. Max 6.8.1). Nagwagte het ook met fakkels die strate en stadsmure gepatrolleer en polisiemanne het fakkels gebruik wat egter meer rook as lig gegee het (Petr. 97.1-8). Die nagwagte het ook van gekalibreerde kerse gebruik gemaak (DuPont 1992:188).

Die Groot Brand van Rome in 64 n.C. was vernietigend en iemand moes die skuld daarvoor dra. So het Keiser Nero die Christene die blaam laat dra. Mense wat hul Christenskap erken het is gearresteer, en alle blaam vir die brand is op dié groep geplaas (Tac., *Ann*. 15.44). Sommige Christene is gekruisig, maar die meeste is, geklee in leerharnasse, in pik gedoop en aan die brand gesteek en dié menslike fakkels is in die aande in die tuine van Nero se paleis in Rome as beligting gebruik (Tac., *Ann*. 15.44).

## 4.2 KERSE (*CANDELAE*)

'n Ander vorm van kunsmatige beligting was *candelae*. *Candelae* was aangesteekte kerse wat in houers rondgedra is (Plin., *H.N.* 44.6.1) en was saam met fakkels deur die Romeine gebruik voordat die lamp ontdek is (Varr., *L.L*. 5.119). Dit is deur Martialis eers *cicindela* genoem omdat die kers soos 'n gloeiende wurm gelyk het. Hy skryf ook dat "die noodlot mens 'n slavin bykomend tot die lamp gegee het wat deur al die ure van donkerte wakkerbly". [20]

[20] *Ancillam tibi sors dedit lucernae totas quae vigil exigit tenebras*, Mart. 14.40.

Kerse is aan die begin net deur ryk mense gebruik en was baie skaars. Tog het baie kandelare behoue gebly, wat daarop dui dat kerse wel gebruik was. Kerse was later die ligbron van 'n arm man. Waar die slavinne net kerse kon bekostig, het die rykman by lamplig gewerk (Juv. 3.287).

Die lig van kerse het egter baie geflikker en was onstabiel. Alhoewel 'n rustige effek met kerse verkry is, was dit baie moeilik om by kerslig te lees en skryf. Kerse is in lampe, potte of blakers geplaas of later in kandelare *(candelabra)*. Allen (1933:159) verduidelik dat 'n kers bestaan het uit 'n pit wat omring is deur 'n silinderagtige vet-/wasskag. 'n Waskers (*cereus*) kon lank brand en Martialis het geskryf dat so 'n kers vir die mens "deur die nag lig sal verskaf".[21]

Plinius het in detal beskryf hoe byewas omvorm is tot 'n kers. Verskeie tipes was is uit byewas verkry nadat die heuning daaruit gedruk is.[22] Die bye het nektar uit die blomme gekry en dit tot heuning omvorm in hul korwe. Kerse is van die byewas gemaak. Nadat die was uit die byekorwe gehaal is, is dit met water gewas en vir drie dae in die donkerte gedroog. Dan is die was gesmelt en weer gekook en in houers gegooi waarvan die binnekante met heuning gesmeer is. Dié was het as "Puniese was" bekend gestaan. Kretensiese was weer was 'n mengsel van was en byegom, en Korsikaanse was, wat van die heuning in die byekorwe gemaak is, het 'n hoë medisinale waarde gehad (Plin., *H.N.* 21.49.83). Daar was nog 'n tipe was, maar die bye wat dié heuning gemaak het was baie giftig, en die was is as lewensgevaarlik

[21] *hic tibi nocturnos praestabit cereus ignis*, Mart. 14.42.

[22] *cera fit expressis favis*, Plin. *H.N.* 21.49.83.

beskou. Puniese was was spierwit. Dit is volgens oorlewering buite gedroog omdat die maan die was in die nag wit laat verkleur het, en in die dag het die son die was gedroog. Die was was egter met ‘n linnedoek bedek om te keer dat dit in die son smelt (Plin., *H.N.* 21.49.84).

Die Romeine het kerse deur indompeling gemaak. Die pit (*filum*) van papirus of gedraaide vesels is eers met swael behandel voordat dit herhaaldelik in die gesmelte byewas, kersvet of pik gedompel is (Juv. 3.287).

## 4.3 LAMPE (*LUCERNAE*)

Lampe het mettertyd die fakkels en kerse vervang en het ‘n algemene gebruiksartikel geword. Volgens Forbes (1958.73) verwys *lucerna* altyd na ‘n kunsmatige lig wat met behulp van ‘n pit in olie brand en wat afgelei is van die woord *lux* wat “lig” beteken. Varro het op die woord *lucerna* besluit aangesien geen kerse of fakkels houers gehad het wat met olie gevul was nie (Varr., *L.L.* 6.119); Macrobius het lampe as gemodifiseerde *candelae* beskou (*Sat.* 6.4.17-18).

Lampe is bykans orals gevind, nie net in huise nie. Beligting in teaters was ook in die dag nodig vir die nodige effek (Suet., *Calig.* 18). Lampe is gevind in stegies, by die ingange van huise en winkels en veral op straathoeke onder die standbeelde van gode en onder beelde van die *Lares* (huisgode) in die huise (Hieronymus, *In Isa.* 672). Tempels (Lucanus, *De Dea Syria* 32) en grafte (Plin., *H.N.* 37.5.17) was in die

nag helder verlig. Omdat baie grafte langs die groot paaie was, het die lampe die nagverkeer ook baie vergemaklik. In die epigramme van Martialis word geskryf dat 'n goue lantern die mens op sy pad lei, dit word in die hand gedra met 'n brandende vlammetjie binne-in die liggaam van die lamp.[23]

Antieke lampe was baie anders as die tipe lampe wat ons vandag gebruik. Daar was geen skerms nie en hulle was gewoonlik van terracotta gemaak (Aristophanes, *Eccl*. 1). Later is skerms van deurskynende stukkies horing (*laterna cornea*) (Mart. 14.61), dierblase (*laterna de vesica*) (Mart. 14.62) en veel later van glas gemaak (Van Assendelf 1976:5.143-144). Skerms kon later selfs afgehaal word en was nie meer vas aan die voetstuk nie (Plut., *Quaest. Rom.* 72).

Olielampe is in elke vertrek gebruik – in die eetkamer, slaapkamer (*lucerna cubiculares*) (Mart. 14.39) en studeerkamer (App., *Met*. 5.102-103). Daar moes baie lampe op 'n slag gebruik word om 'n werklike effek te hê. Die Griekse geskiedskrywer Herodotus het reeds in die 4de eeu v.C. geskryf dat die nag in dag verander het wanneer hy verskeie lampe aangesteek het (2.133).

Tydens etes is lampe ook gebruik (Lucanus, *Philops* c.31; Plut., *Dem*. c.11) alhoewel 'n dik rookwolk oor die gaste gehang het en alles na rook en gebrande olie geruik het (Quint., *Inst.* 6.3.33). In klein vertrekke was die rook soms verstikkend en kon dit noodlottige gevolge hê. Juvenalis het ook vertel van die swart neerslag in die klaskamers waarin Horatius en Vergilius klas gehad het, wanneer die kinders vroeg

[23] *dux laterna viae clusus feror aurea flammis,* Mart. 14.61.

in die oggend in die donker skool toe gegaan het en lampe dus gebruik moes word (Juv., 7.215-243).

Die hoeveelheid olie wat gebrand is, het ook as ‘n tydsaanduider gedien (Juv. 7.22). ‘n Lamp kon ongeveer 10 ure brand (Healy 1978:83). Antieke lampe het ‘n goeie pit nodig gehad en konstante suurstoftoevoer was ‘n vereiste om die vlam aan die brand te hou (Deonna 1925: 297-306). Die naam van die maker van die lamp was gewoonlik aan die onderkant van die lamp aangebring (Mau 1899:365).

### 4.3.1 VERSKILLENDE TIPES LAMPE

Daar was twee basiese tipes lampe: handlampe en hangende lampe. Handlampe het handvatsels gehad wat klein genoeg was om met die hand rond te dra terwyl hangende lampe projeksies gehad het met openinge waardeur die kettings geplaas kon word. Volgens Vergilius het aangesteekte lampe uit die uitgegraveerde, goue plafonne van ryk mense se huise gehang (Verg., *Aen.* 1.726). Daar was ook lampe wat langs die deure van huise gehang het (Petr. 30). Hangende lampe is gewoonlik relatief hoog aan die plafonne met behulp van hake gehang of vanaf kandelare (*candelabra*) vanaf verskeie hoogtes (Paoli 1958:82).

Die volgende is enkele voorbeelde van verskillende tipes handlampe wat deur die eeue gevind is.[24]

[24] Verlof is verkry by die outeur van die volgende internetbron om sy illustrasies van enkele voorbeelde vir akademiese doeleindes te gebruik (www.ancientlamps.com).



**Trident** (Teen die middel van die eerste eeu tot vroeg tweede eeu n.C.)

Hierdie lamp het ‘n uitbeelding van ‘n dolfyn op wat ‘n drietandvurk dra. Verskeie uitbeeldings van die vurk wat geassosieër word met Neptunus kom op soortgelyke lampe voor. Die ontwerp is in die gipsvorm uitgekerf.




**Fishbourne** (ongeveer eerste eeu n.C.)

Dié *Fishbourne* tipe lamp is volgens die oorspronklike Romeinse lamp gemaak. Dit het ‘n uitbeelding van ‘n gevleuelde Cupido op wat fluit speel terwyl hy op ’n dolfyn se rug ry. Hierdie uitbeelding is nie alleen op lampe gevind nie, maar het ook algemeen voorgekom op skilderye en mosaïek. So ’n mosaïek uitbeelding is selfs gevind in die uitgrawings van die stad Fishbourne in Engeland.

| | |
|---|---|
|  | **Knossus** (Laat eerste eeu n.C. tot laat tweede eeu n.C.)<br><br>Knossos was ‘n stad in Kreta. Onder die baie verskillende simbole kom ook die dubbel-byl voor. |

| | |
|---|---|
|  | ***Novum Vintum*** (Ongeveer die eerste tot derde eeu n.C.)<br><br>In die sentrale diskus is die uitbeelding van ‘n druiwetros en op die buiterand word die uitbeelding herhaal. |

| | |
|---|---|
|  | **Londinium** (50 – 150 n.C.)<br><br>Hierdie onversierde Romeinse lamp is vernoem na die Romeinse London waar die lamp vir die eerste keer in die omgewing van die Teemsrivier gevind is. Dis moontlik aanvanklik in Noord-Italië vervaardig. Ongeveer 2.75" x 3.75" groot. |

| | |
|---|---|
|  | **Korinte** (eerste tot derde eeu n.C.)<br><br>Op die diskus van hierdie lampvorm word Eros (Cupido) uitgebeeld waar hy 'n fakkel dra. Hierdie Cupido stem baie ooreen met dié op die lampe uit die Romeinse era wat tydens uitgrawings in Griekeland gevind is Dit is ongeveer 3.75" by 3" groot. |



**Gallië** (eerste tot tweede eeu n.C.)

Hierdie tipe lamp is 'n "fabriekslamp" genoem en is in groot maat in lamp-fabrieke regoor die Romeinse Ryk, maar veral in Noord-Italië gemaak. Lampe is gemerk met die naam van die vervaardiger self op die basis. In Jerusalem is presies dieselfde lampe gevind met die inskripsie HEROD in Griekse letters op die basis. Ongeveer 3.5" x 2.5"groot.

#### 4.3.1.1 Grondstowwe gebruik vir die maak van lampe

Antieke lampe is van verskeie grondstowwe gemaak met behulp van 'n gietvorm (**www.unicover.com/EA8RCNNI.htm**). Die gietvorm was van klei gemaak, met die hand gevorm, en wanneer dit gebak en droog was, was dit horisontaal deurgesny om twee identiese vorms te kry wat afsonderlik vir die lampbasis en lampdeksel gebruik is. Dit was egter skynbaar baie moeilik om die twee helftes behoorlik op mekaar te pas (Forbes 1958:152). Die meeste lampe is van terracotta en klei gemaak en was gewoonlik nie geglasuur nie. Tog is rooi en groen geglasuurde lampe al gevind. Glasuursel is gewoonlik aan die kleilamp gesmeer voordat dit in 'n bakoond gebak is. Die glasuursel het nie alleen as versiering gedien nie, maar het dit ook effens

versterk deurdat dit voorkom het dat die olie lek. Die baktemperatuur was ongeveer 1000 grade Celsius in 'n bakoond wat soos 'n vuurherd met hout gebrand het (Forbes 1958:158). Brons is ook gebruik om die basisse van die lampe te maak, alhoewel hierdie tipe heelwat duurder was en eerder as ornamente gebruik is. Baie uitbeeldings van mense en diere is daarop gevind. Op die platteland is ook lampe gevind wat van steen en ander metale gemaak is (ww.unc.edu/courses/rometech/-public/content/arts_and_crafts/Libba_McElreath/artificial_light_in_rome.html).

#### 4.3.1.2 Tipe brandstof

Die lig van 'n vlam het van twee eienskappe van die brandstof afgehang:

- die vlugtigheid van die brandstof en
- die tempo van verbranding (Forbes 1958:120).

Die mees algemene tipe brandstof was olie wat met sout gemeng was. Die sout het verhoed dat die olie oorverhit en het bygedra tot 'n helderder geel kleur. Kasterolie was ook as brandstof gebruik, veral deur die arm Romeine (Plin., *H.N.* 15.7), maar dit het 'n baie slegte reuk gehad.

Verder is enige olie gebruik – ook diè waarin kos gaargemaak was soos olyf-, vis- of selfs roulynsaadolie (Forbes 1958:123). Stukkies vet is ook van die vleis afgesny wat dan as brandstof gebruik is - uit 'n ekonomiese oogpunt was dit vir die armes baie nuttig (www.unc.edu/courses/rometech/public/content/arts_and_crafts/Libba_McElreath/artificial_light_in_rome.html). Walvis- en robvet is ook gekook totdat 'n olie verkry is wat

in die lampe gebrand is (Clark 1952:246). Gegeurde olies is ook later gebruik (Petr. 70).

Die ontdekking dat ‘n lamp langer brand wanneer die pit in vet of olie gedoop is, het baie gehelp. Die pit was gewoonlik van plantvesel of gedroogde rietgras gemaak en selfs bondels hare is gebruik. Plinius het ook geskryf dat wanneer die pit van die vesels van ‘n kasterolieplant gemaak was, was die vlam baie helderder, maar die olie het stadiger gebrand omdat dit stadiger deur die pit geabsorbeer was (*H.N*. 23.4.41).

### 4.3.1.3 Die basiese bou van ‘n lamp

Die basiese Romeinse lamp het ‘n handvatsel aan die een kant, en ‘n opening vir die pit aan die ander kant gehad. In die middel van die lamp was nog ‘n opening wat die hervulling met brandstof vergemaklik het. Daar was baie variasies van die lampvorms, byvoorbeeld ‘n lamp met twee tuite vir twee pitte; soms was die twee tuite aan dieselfde kant, soms teenoorgesteld. *Lucerna polymyxos* was lampe met meer as een pit - lampe kon in uitsonderlike gevalle tot veertien pitte hê, alhoewel dit as een lamp gefunksioneer het (Mart. 14.41). Lampe was soms rond, ander kere bootvormig (Paoli 1958:82). Op die lampe is tonele soms as versiering uitgebeeld; daar is byvoorbeeld bronslampe gevind met gedetailleerde uitbeeldings van dolfyne en arende (Giannelli 1963:54).

Lampe is ook gemaak om sekere geleenthede te gedenk, byvoorbeeld ‘n oorwinning ná ‘n oorlog. Die olie is in die onderste deel van die liggaam van die lamp (*infundibulum*) gegooi. Die boonste deel van die lamp (*discus*) het op die reghoekige,

ronde of bootvormige *infundibulum* gepas. Sommige lampe het 'n *margo* (randjie) gehad wat gedien het as rusplek vir die *discus.* Dit was soms versier en van die *discus* geskei deur 'n koordagtige randjie wat reg rondom die lamp geloop het. Die tuit het ook bekend gestaan as die *rostrum, nasus* of *myxus* (Mart. 14.41). Die meeste lampe het 'n kenmerkende handvatsel (*ansa* of *manubrium*) gehad.

'n Groot naald is gebruik om die pit (*filum*) regop te hou terwyl dit gebrand het, of om wanneer dit uitgebrand het, dit maklik weer uit te kry wanneer die pit in die olie gedryf het (www.unc.edu/courses/rometech/public/content/arts_and_crafts/Libba_McElreath/artificial_light_in_rome.html).

## 4.4 LAMPSTAANDERS (*CANDELABRAE*)

Die Romeine het verskillende soorte stutte gehad waarop die lamp kon staan. Daar was byvoorbeeld 'n lae driepoot staander waarop die lampe op 'n tafel kon staan as daar byvoorbeeld laat in die aand gelees of studeer is (Paoli 1958:82).

Die staanders was gewoonlik baie stabiel en van brons of hout gemaak (Cic., *ad Q. Fr.* 3.7) in verskeie groottes en hoogtes. Houtstaanders (*candelabrum ligneum*) kon maklik 'n reuse brand veroorsaak wanneer daar nie toesig gehou is nie en die hout aan die brand geraak het (Mart. 14.44). Die houtstaanders het ook 'n ander doel gehad – om in bakleierye gebruik te word as wapen of vorm van beskerming (Petr. 95)!

Sommige lampstaanders het byna soos klein bronstafeltjies gelyk. Daar was verskeie vorms en tipes versierings. *Candelabrum Corinthium* is kandelare wat gemaak was van 'n mengsel van goud, silwer en koper (Plin., *H.N.* 34.8). Martialis skryf dat "kandelare hul antieke naam aan kerse te danke het".[25] Dit was dikwels net so kosbaar soos juwele, byvoorbeeld die tafel wat Antiochus aan Jupiter Capitolinus wou skenk (Cic., *Verr.* 4.28). Behalwe vir die lampstaanders, was daar ook lamphouers en vaandelligdraers wat tussen 0,5 en 1 meter hoog was. Handlampe kon met gemak bo-op geplaas word. Dit het baie versierings gehad en die skag het gewoonlik op drie pote gestaan wat die vorm van diere-hoewe of kloue gehad het. Die skag het verstelbare hoogtes gehad na gelang van die geleentheid.

Volgens Plinius is die mooiste *candelabrae* in Aegina en Tarentum ontwerp en gemaak (*H.N.* 34.6).

## 4.5 BRANDE

Volgens Lucretius het weerlig die eerste vuur na die aarde gelei en so het die hitte van die vlamme versprei (Lucr., *De Rerum Natura* 1:896-900). So het mense nie alleen 'n verhittingsbron gekry nie, maar ook 'n middel waarmee kos gaargemaak kon word. Ook was vuur 'n beskerming teen wilde diere en het as natuurlike ligbron in die nag gedien. Uit hierdie vure wat later in houers rondgedra is, het die fakkel en later die lamp ontstaan.

---

[25] *nomina candelae nobis antiqua dederunt*, Mart. 14.43.

Die Romeine het vuur gepersonifiseer tot 'n god. Ovidius self het water en vuur as gode beskryf in die gedig waar hy die gebruik van vuur tydens die Fees van Pales verduidelik het (*Fast*. 4.788). Die godin van die vuurherd, Vesta, is in die huise aanbid en is as goedgesinde godin van vuur gesien. Mense het geglo dat sy gesorg het vir die vuur wat hitte verskaf, kos gaarmaak en wilde diere weghou (Rose 1925:43-44). Die god van vuur, Vulcanus is as die vernietigende god gesien – hy was die god wat huise laat afbrand en mense laat doodbrand het. Vergilius het byvoorbeeld 'n vernietigende vuur metafories Vulcanus genoem (Verg., *Aen*. 5.622). Daar was egter mense wat hierdie aspek van vuur tot hul voordeel gebruik het. Martialis (3.52) vertel van ene Tongilianus wat met opset sy huis waarvoor hy 200 000 *sestertii* betaal het, aan die brand gesteek het en deur sy sogenaamde versekering, 1 miljoen *sestertii* terugontvang het!

Vuur het egter groot gevare vir mense ingehou. Omdat oop vlamme gebruik is vir beligting, vir die kook van kos en vir verhitting, het brande gereeld in huise en in die alombekende Romeinse woonstelblokke, die *insulae,* ontstaan. In 'n inwonersregister van die stad Rome is gevind dat daar ongeveer 44 000 *insulae* was teenoor 'n skrale 700 *domus* (gewone huise). Ryk Romeine het in die *atrium*-tipe *domus* gewoon, dit wil sê 'n huis met 'n voorportaal (*atrium*) en verskeie groot kamers, gewoonlik net op die grondvloer. Die minder gegoede en werklik arm inwoners het in hoë, dikwels vervalle woonstelblokke gewoon (Jones 1997:225). Dit het baie dikwels gebeur dat suinige woonsteleienaars slegs die basiese infrastruktuur van klip en sement gebou het en die daaropvolgende verdiepings van hout (www.mmdtkw.org/02-03-01RomefireInsulae.jpg). Sulke "wolkekrabbers" het dikwels snags, wanneer kerse

gebruik is en daar gekook is, aan die brand geraak. Die eienaars van die *insulae* het, ten spyte van vele waarskuwings van Keisers Augustus (27 v.C - 14 n.C.) en Trajanus (98 - 117 n.C.), enorme wolkekrabbers in die hemel laat opstyg. Die *insula* van Felicula was byvoorbeeld so ‘n reuse blok in Rome en het by verskeie geleenthede in ligte laaie gestaan (*CIL* 1.206, 2.20,24,50).

Die brande het ontstaan as gevolg van die enorme hoeveelheid hout wat gebruik is in onder andere die vloere en plafonbalke en ook omdat die stene baie onstabiel geraak het wanneer dit deur uitsetting verhit is. Dit blyk dat die ryker mense meestal op die grondvloer van ‘n woonstelblok gebly het en dus makliker kon vlug wanneer ‘n brand uitgebreek het, terwyl mense wat baie goedkoper op die boonste verdiepings gebly het met slegs die dakteëls as beskerming, dikwels deur rook oorval is en uiteindelik doodgebrand het. Volgens Ulpianus het daar “nie ‘n dag verby gegaan sonder die uitbreek van verskeie brande nie”.[26]

Dit is so ironies - waar die ryk mense baie lig geslaap het uit vrees vir brande en die vernietiging van hul kosbare bronsornamente, marmerpilare en skilpaddop-inlegsels in die mure en vloere (Juv.3.198-199), het armes sleg geslaap as gevolg van hul vrees om lewendig verkool te word deur die genadelose vlamme (Juv. 3.199-207). Juvenalis het self op die boonste vloer van so ‘n *insula* gewoon (Shelton 1988:63). Hy vertel dat die inwoners van die laer verdiepings nog tyd gehad het om van hul besittings te red wanneer ‘n vuur ontstaan het, terwyl die inwoners van die hoër verdiepings nog onbewus was van die brand (Juv. 3.198-202). Hy het dit selfs

oorweeg om uit Rome te trek as gevolg van sy vrees vir brande en sy gebrek aan slaap vanweë brandalarms in die nag (Juv. 3.197-198). Dan het die woonstelblok-eienaar ook nog die vermetelheid gehad om vir hom (Juvenalis) in die aand 'n heerlike nagrus toe te wens (Juv. 3.193-202)!

Plinius die Jongere het tydens sy goewerneurskap van Bitinië in 'n brief aan Keiser Trajanus 'n voorbeeld van so 'n brand beskryf. Hy het vertel dat 'n vuur in Nicomedia verskeie privaathuise en twee publieke geboue (die Gerusia en die Iseon) vernietig het, al was die geboue deur 'n pad geskei. Die vuur het blitsig versprei as gevolg van 'n kragtige wind en daarna as gevolg van nalatigheid van die inwoners wat die brand net gestaan en aankyk het. Daar was geen brandweerman of -wa beskikbaar nie en ook nie emmers of enige ander hulpmiddels om die brand te blus nie. Plinius wou weet of hulle nie toestemming kon kry om 'n brandweerkorps van sowat 150 mans in die dorp te stig nie. Hy het onderneem om hulle met 'n ysterhand te regeer (*Ep.* 10.33). Trajanus het geantwoord dat so 'n brandweerkorps maklik in 'n *collegium* kan ontaard wat politieke onrus kan veroorsaak. Hy beveel dus aan dat die nodige hulpmiddels om die brande mee te blus verkry moet word en dat die eienaars van eiendomme dit moet gebruik en indien nodig, die skares moet vra om te help (*Ep.* 10.34).

[26] *plurimis uno die incendiis exortis*, *Digest* 1.15.2.

### 4.5.1 BRANDWEERMANNE (*VIGILES*)

*"Commune Protegens"* beteken om die gemeenskap te beskerm. Dit is die hoofdoel van die brandweer (http://www.thefireservice.co.uk).

In 24 v.C. het daar onder die keiserskap van Augustus ‘n afdeling brandweermanne (*vigiles*) of vuurvegter-nagwagte tot stand gekom met die *Praefectus Vigilum* aan die hoof. Daar is gepoog om brande te voorkom met behulp van wagte wat alarm gemaak het wanneer vlamme of rook opgemerk is (www.toadspad.net/toad-history.html). Dit was aanvanklik ‘n groep slawe (*Familia Publica*) wat egter uiters versigtig vir hul eie veiligheid was en dus dikwels eers die brand kon geblus het nadat baie skade aangerig is (www.dl.ket.org/latin3/mores/techno/fire/). Elke streek in die stad het ‘n verkose amptenaar gehad wat aan hoof gestaan het van ‘n barak (*excubitorium*), wat die hoofkwartier van die v*igiles* was.

Vrygelatenes is later gewerf om by die *vigiles* aan te sluit met die voorwaarde dat hulle burgerskap kon kry na ses jaar se diens in die brandweer. Dit was later so ‘n gesogte beroep, dat vrygelate manne net vir die status by die brandweer aangesluit het aangesien die brandweer selfs meer respek by die volk afgedwing het as die leër. Trouens, hulle het selfs wetlike toestemming gehad het om in huise in te breek wanneer die inwoners nie tuis was nie en die vermoede van ‘n brand in die huis bestaan het (www.dl.ket.org/latin3/mores/techno/fire/). So is vertel dat toe wagte een nag die strate gepatrolleer het, hulle gedink het dat daar ‘n brand in Trimalchio se huis was. Hulle het skielik by die deure ingebars, gereed met water en pale om hul plig uit te voer en die brand te blus (Petr. 78). Maar dit was net ‘n vals alarm alhoewel

hulle ten volle gereed was. Strate is in die nag gepatrolleer om die inwoners teen brande te beskerm (ss.fd40.com/Fire%20Prevention/Fire%20Prevention.htm). Verskeie wette is in hierdie verband uitgevaardig, soos dat die huurders van die *cenaculae* altyd water gereed moes hê ingeval 'n vuur dalk in die gebou sou uitbreek.[27] In nog 'n poging om brande in die nag te keer, is 'n verbod geplaas op oopvlam vure in huise ná sonsondergang (*Dig*. 1.15.3,5).

Die brandweermanne het vure geblus met 'n reeks gevulde emmers water wat op die vlamme gegooi kon word. Water was verkry uit publieke fonteine en wasbakke, asook vanuit putte binne die geboue, onder die toesig van 'n *aquarius*. Stukke materiaal is ook in water of in suur gedoop en is oor die vlamme gegooi (http://www.ostia-antica.org/dict/topics/caserma/intro.htm). Hulle het ook lere en lang pale met ysterhake vooraan gehad waarmee mure platgetrek kon word in 'n poging om skanse teen die vlamme te vorm (www.thefireservice.co.uk/history.htm). Die hake is ook gebruik om openinge te maak waardeur die hitte en rook uit die vertrekke kon ontsnap. Vuurvegters sou selfs so ver gaan om met behulp van tipes plofstowwe geboue neer te trek in hul poging om die vuur te keer (http://en.C.arta.msn.com/text 761560244 2/Fire Fighting.html).

Tog was daar voor die bestaan van *vigiles,* geharde, geldgierige sakemanne soos Crassus, wat homself verryk het uit mense se swaarkry (Plut., *Crassus* 2.5). Hy het sy eie brandweerbesigheid geopen en 'n span vuurvegterslawe het vir hom gewerk. Wanneer 'n huis sou brand, sou hy hom na die toneel haas en die eienaar 'n appel

[27] *ut aquam unusquisque inquilinus in cenaculo habeat iubetur admonere, Dig.* 1.15.3,5.

en ‘n ei aanbied om die brandende huis te koop. Hoe langer die gebou brand, hoe laer het die aangebode prys geword totdat die eienaar ingegee en verkoop het. Dan eers het die slawe opdrag gekry om die vuur te blus. Wanneer hy die puin laat verwyder het, het hy dan ‘n nuwe woonstelblok op die erf gebou.

# HOOFSTUK 5
# NAGWERKERS

Daar was dikwels mense wat dit verkies het om in die stilte en rustigheid van die nag te werk en so hul loopbane te bevorder of te studeer. Ander mense het nie werklik 'n keuse gehad as om in die nag te werk nie, bloot omdat dit die enigste tyd was wat hulle hul beroep kon beoefen, maar ook dikwels omdat hulle 'n diens aan die inwoners gelewer het en noodgedwonge moes werk.

## 5.1 SKRYWERS

Skrywers het dikwels deur die nag gewerk wanneer hulle geïnspireer was deur die donker, die stilte en die rustigheid. So skryf Prudentius, 'n vierde eeuse digter in sy *Cathemerinon* dat hy dikwels gewerk het "totdat die lig opgekom het".[28] Ander skrywers van wie ons weet dat hulle ook in die nag gewerk het, was die volgende:

### 5.1.1 QUINTILIANUS

Hy het gewoonlik in die nag gewerk wanneer dit stil en rustig was en niks en niemand sy aandag kon aftrek nie. Tog het hy homself nooit uitgeput deur in die nag

[28] *labor eo usque dum lux surgeret*, Prud., *Cath.* 2. 74-5.

te werk as dit nie werklik nodig was nie. Hy het egter 'n nugter siening gehad oor werk: besige mans het geen keuse nie, hulle MOET in die nag werk! Hy het ook aan studente die raad gegee dat as hulle in die nag werk, hulle nie hulself moet uitput nie (*Inst.* 10.3.26)!

### 5.1.2 SENECA

Seneca het meestal ná ete na sy werk teruggekeer. Hy het self gesê dat hy nie die dag met luiheid kan afsluit nie en het homself gedwing om tot laat in die nag te werk (*Ep*. 8.1). Ook skryf hy dat hy met die minimum hoeveelheid slaap kon lewe.[29] In 'n pittige sillogisme verwoord hy die siening: niemand vertrou iemand wat slaap nie, maar mens deel 'n geheim met 'n goeie mens, dus slaap 'n goeie man nie.[30]

### 5.1.3 PLINIUS DIE OUERE

Plinius die Ouere kan nie as norm beskou word vir die bepaling van die lewe van 'n normale Romein in sy tyd nie, hy was 'n uitsondering en is gedryf deur 'n onversadigbare drang om kennis te versamel. Hy het saans by kerslig begin werk, soms tot een-uur in die oggend, en het dan weer na 'n kort slapie begin werk sodat hy nog voor dagbreek sy amptelike sake by die keiser kon afhandel. Sy gemiddelde werksdag het uit twintig van die vier-en-twintig ure bestaan, soos blyk uit briewe van sy nefie, Plinius die Jongere (Plin*., Ep*. 3.5). Hy het vinnig aandete geëet voordat dit

---

[29] *dormio minimum*, Sen., *Ep.* 83.6.
[30] *dormienti nemo secretum sermonem committit, viro autem bono committit; vir bonus ergo non dormit, Sen., Ep. 83.10.*

donker geword het om soveel as moontlik te werk voordat hy gaan slaap (*Ep.* 3.5.13). Tydens die fees van Vulcanus het hy egter by lamplig gewerk, want op dié betrokke feesdag was lamplig 'n simbool van voorspoed (Plin., *Ep*. 3.5.8).

### 5.1.4 JUVENALIS

In sy satires terg Juvenalis vir Quintus Remmius Palaemon, 'n bekende grammatikus van die eerste eeu na Christus. Hy het gesê dat mens jou taalkunde perfek behoort te ken, geskiedenisboeke moet memoriseer en handboeke op die punte op jou vingers ken sodat, as iemand jou iets vra wanneer jy oppad na die baddens is, jy die antwoord sal ken! Eers dan mag mens die geld kry wat jou toekom en dan is dit nie meer nodig om nagte deur in die klaskamer te sit en werk wanneer ander mense rus nie (*Sat.* 7.215-243)!

### 5.1.5 AULUS GELLIUS

Aulus Gellius het 'n gewoonte gehad om enigiets waaraan hy gedink het, sonder 'n spesifieke doel of plan neer te skryf (*Praefatio* 2). Al dié notas is tydens sy verblyf in Griekeland in die lang winternagte geskryf.[31] So het hy tot die besluit gekom om die notas in boekvorm uit te gee en dit *Noctes Atticae* genoem.[32] Aulus Gellius gaan sover om te sê dat iemand wat nie plesier daarin vind om te leer, vrae te vra of

[31] *Per hiemem noctibus in agro…terrae Atticae*, Gell. *Praefatio 4.*
[32] *noctium esse Atticarum*, Gell. *Praefatio 4.*

aantekeninge te maak nie, en wat nog nooit nagte deurgewerk het nie, nie waardig geag kan word om sy *Noctes Atticae* te lees nie (*Praefatio 19*)!

## 5.2 BEROEPE WAT NAGWERK VEREIS

### 5.2.1 MEDIESE DOKTERS

Galenus was 'n werkverslaafde wat baie dikwels in die nag gewerk het. Hy vertel dat hy byna elke nag deurgewerk het sonder om te slaap. Soms as gevolg van siek pasiënte, ander kere het hy kwaliteit tyd aan sy studies spandeer (*De sanitate tuenda* 5.1, K.6.308-9). Baie tyd is ook aan die skryf van briewe afgestaan: hy het verskeie pasiënte by wyse van korrespondensie behandel en selfs ook vir hulle terapeutiese instruksies gestuur (*De locis affectis* 4.2, K.8.224).

Galenus is dikwels in die nag na pasiënte uitgeroep, alhoewel hy pasiënte vroeg in die oggend (ongeveer teen die derde uur) en weer laatmiddag besoek het. 'n Ligdraerslaaf (*laternarius*) (Athenaeus, *Deipn*. 15.699) het hom gewoonlik ontbied en moes dan toesien dat hy veilig die huis van die pasiënt bereik. Galenus het 'n groot bewondering gehad vir Hippocrates, en die voorskrifte vir onder andere die Hippokratiese geskrif *Epidemiae* getrou nagevolg. Sy pasiënte het altyd soos dié van die Hippokratiese dokters, voorkeurbehandeling gekry, ongeag watter tyd van die dag of nag (*Epidemiae* 6.4.7, 5.308L). Hy is ook dikwels na die paleis van Keiser Marcus Aurelius ontbied om sy maagkrampe te behandel. 'n Paleisbeampte het hom dan gewoonlik na die paleis begelei teen die tyd wat die lampe aangesteek is.

Studies het ook baie van sy tyd in beslag geneem. Galenus was egter van jongs af ‘n ywerige student wat met baie entoesiasme gewerk het (*De meth.med.* 7.1, K.10.457). Sy studietyd was gewoonlik laat in die nag maar dit het hom nie in die minste gepla om sy slaaptyd op te offer en dwarsdeur die nag tot sonsopkoms te werk nie (*De sanitate tuenda* 5.1, K.6.307).

### 5.2.2 KEISERS

Keisers is beskou as van dié hardwerkendste mense. Marcus Aurelius vertel byvoorbeeld dat hy eenmaal verslaap het, en eers teen die elfde uur van die nag (ongeveer vyfuur in die oggend) opgestaan het. Hy het ook glad nie wanneer die gewone volk ‘n vakansiedag gehad het, ontspan of gerus nie, en dit was vir hom die ideale geleentheid om deur die nag te werk. Wanneer hy nege uur in die oggend gaan jag het, het hy gewoonlik in die negende uur van die nag (ongeveer drie-uur in die môre) reeds opgestaan om eers tot agtuur te werk (Fronto, *Ad Marc.* 4,5).

Septimius Severus en Julianus het gewoonlik hul nag verdeel tussen rus, staats sake en toewyding aan die Muses (Balsdon 1969:19).

### 5.2.3 BAKKERS (*PISTORES*)

Alle bakwerk is aanvanklik deur die inwoners self by hul huise gedoen tot in die tweede eeu voor Christus (Plin., *H.N.* 18.107). Dit het egter in die tyd van die Romeinse Ryk ‘n belangrike en uitgebreide bedryf geword. In dié bedryf is reeds in die vroeë oggendure van die nag begin bak om sodoende gereed te wees met gebak

wanneer die Romeine teen dagbreek begin werk het.[33] Skoolkinders het ‘n tipe croissant (*adipata*) geëet oppad skool toe, wat die bakkers dus vroeg in die oggend gereed moes hê (Giannelli 1967:74). In Martialis lees ons dat hy sê dat die mense voor dagbreek moet opstaan omdat die bakkers reeds dan aan seuns hul ontbyt verkoop (14.223), wat impliseer dat bakkers deur die nag moes werk. Martialis skryf ook dat onderwysers in die oggend werk, maar bakkers in die nag.[34]

Bakkers het naderhand so ver gegaan om bordele en kroeë in die straat voor hul bakkery te open. So was hulle ook van klante verseker wat in die nag honger sou terugkeer huis nadat hulle in die kroeg gedrink het (http://watarts.uwaterloo.ca/-CLASS/labyrinth/issue83/83neuru.htm ).

## 5.2.4 DIE LEËR

In die leër en veral tydens oorloë, is daar snags dikwels van vuurseine gebruik gemaak. Soldate het ook van fakkels gebruik gemaak om in die nag die kampe te bewaak (O’Connor 1996:17). Dit was die plig van die soldate om hul kampe te beskerm en seker te maak dat die vyand hulle nie in ‘n verrassingsaanval sou oorval nie.

Net so kon vure, rook of selfs die weerkaatsing van vuur op swaarde en skilde die teenwoordigheid van die vyand verklap (Caes., *B.G.* 5.48.10). Kampvure kon veral baie ver gesien word (Caes., *B.G.* 2.7.4). Maar generaals het kampvure ook soms as

---

[33] *opificum antelucana industria…nocte pistores*, Mart. 12. 57.4-5.
[34] *negant vitam / ludi magistri mane, nocte pistores*, Mart. 12.57.

uitoorlê-taktiek gebruik om die grootte van hul mag te verberg (Liv. 31.38.10), of om die teenstanders om die bos te lei. So het Hannibal een nag toe hy in ‘n afgeslote vallei vasgekeer was, die Romeine uitoorlê deur takke aan die horings van beeste vas te maak, dit aan die brand te steek, en die beeste deur ‘n kloof oor die omringende berge te jaag. Terwyl die Romeine na die bewegende ligte storm, het hy rustig sy leër deur ‘n ander kloof uitgelei (App., *Hann.* 1, Liv. 22.16.6). Soms het hulle ook die kamp laat uitbrand (Liv. 49.9.19), sodat die grootte van het.

### 5.2.5 NAGWAGTE (*VIGILES*)

Die Romeinse nagwagte was in vier skofte ingedeel wat in die nag diens in die stad gedoen het en so mense moes help beskerm teen boosdoeners. Die vierde wag teen dagbreek het die taak gehad om inwoners wakker te maak vir die dag se werk. Hulle moes keer dat sonsopkoms mense bekruip en die sake van die dag dan nie afgehandel kon word nie (Plin., *H.N.* 3.320-323). Dit was ongeveer teen die negende uur van die nag. Dit was ook die plig van *vigiles* om op te tree teen diewe en inbrekers, ‘n ogie te hou oor slawe wat hul meesters se klere by die baddens moes oppas, en dit was hul verantwoordelikheid om droster-slawe aan hul meesters terug te besorg (http://www.ostia-antica.org/dict/topics/caserma/intro.htm).

### 5.2.6 VUURTORINGWAGTE

Ligtorings langs die Italiese kuste was nie ‘n algemene verskynsel nie en het meer aan die Griekse kus en langs die Mediterreense See voorgekom. Die bekendste en eerste ligtoring was die Pharos van Alexandrië (Plin., *H.N.* 36.12). *Pharos* as naam

vir die ligtoring is in Grieks afgelei van *phos* (lig) deur Hrabanus Maurus (*De Universo* XIV.113). Isidorus van Seville sê dat 'n *pharos* 'n baie hoë toring is waarin die Grieke en Romeine vuur gemaak het sodat die seevaarders van ver af die vlamme kon sien. Alhoewel daar aanvanklik nie vuur in die ligtorings gemaak was nie en dit net as uitkykposte gebruik is, het die *Pharos* wel tussen 41 v.C. en 65 n.C. werklik as ligtoring gedien. Lucanus (*Pharsalia* 4.1004) en Plinius (*H.N.* 36.12) het wel geskryf van die vure wat gemaak was van hout wat met teer, hars of asfalt gemeng was en skepe gehelp het om rigting te hou (Suet., *Cal.* 46), en ook seemanne gehelp het om veilig in die nag deur die kanaal van Alexandrië[35] te vaar (Dio Cassius 55.2, Suet., *Claud.* 20) en ingange na hawens aangedui het sodat skepe nie in die nagte op die rotse sou loop nie (Isid., *Orig.* 15.3).

### 5.2.7 KROEG (*CAUPONES*)- EN RESTAURANT (*COCI*) EIENAARS

Rome se naglewe is gekenmerk deur kroeë en kosstalletjies in sekere gebiede. Tussen die tyd van Horatius (eerste eeu v.C.) tot Sidonius (vierde eeu n.C.) is kroeë beskou as sleg en bitter gevaarlik (App., *Met.* 1.7). Kroeë se groottes het gevarieer van klein kamertjies wat direk op die straat gebou was (vir 'n vinnige glasie wyn), tot groot plekke met stoele waar mense lank kon sit en drink. Kroeë was gewoonlik dwarsdeur die nag oop en van die laerklas Romeine sou dwarsdeur die nag in die kroeg sit en drink (Amm., 14.6.25). *Cauponae* (Hor., *Ep*. 1.11.12) en *tabernae deversoriae* (Cic., *Orat*. 2.234) was egter onbetaamlike plekke en was veronderstel

---

[35] Staan vandag as die Suez-kanaal bekend, Fullard 1982:31.

om ten alle tye vermy te word, alhoewel dit nooit gebeur het nie! Kroeë rondom die baddens was die naaste wat Rome aan moderne restaurante gekom het. In dié plekke was drank vryelik beskikbaar en mense wat gereelde kliënte was, het as *popinones* (inwoners van die kroeg) bekend gestaan. Hulle was dan ook vanselfsprekend as *lurcones* of *ganeones* beskou, mense wat oormatig drank gebruik het.

Daar was egter ook mense wat deur die nag rinkink het. Horatius skryf dat Cato die Ouere die lewe van die vryman C. Petronius beskryf het wat nooit die son sien opkom het nie, en nog geslaap het wanneer die son gesak het (Hor., *Sat.* 1.3.17). Dan was daar ook 'n man genaamd Buta. Wanneer die ridder Varus die son sien opkom het, het hy altyd in hoogmoed daarna verwys as Buta se slaaptyd (Balsdon 1969:142).

Daar was ook vroue wat gou 'n glasie of twee sou wegslaan voordat hulle na die aandete sou vertrek (Juv. 6.427). Selfs Keiser Nero en die konsul Gallus was gereelde klante. Nero het homself vermom met 'n vrygelatene se mus wanneer hy in die aand 'n kroeg binnegegaan het (Suet., *Ner.* 26.1). Catilina het, net voor sy beoogde revolusie, in erge moeilikheid gekom omdat hy lenings in kroeë gereël het om so die steun van die inwoners te kry (Cic., *Cat.* 2.4).

Kroegeienaars (*caupones*) het goeie besigheid gedoen. In Pompeii alleen was daar 118 kroeë. Dit is dan ook welbekend dat mans graag kroeë besoek het om te drink en dikwels heeltemal besope by 'n *cena* of by hul huise gearriveer het (Quint., *Inst.* 1.6.44; Sen., *Ep.* 122.6). Net buite Rome was 'n lae-klas kroeg (*cauponula*) wat "*Ad*

*Saxa Rubra"* (By die Rooi Rotse) genoem is. Daar het Marcus Antonius een aand tot baie laat gedrink sodat niemand sou sien wanneer hy Rome binnegaan nie. Hy het soveel onmin in die stad gesaai, dat hy skrikkerig was om gesien te word, maar soveel na sy geliefde verlang het dat hy haar op so 'n "skelm" manier besoek het (Cic., *Phil*. 2.77). Langs die Via Appia was die *Tres Tabernae*, drie kroeë waar mans dikwels gestop het voordat hulle in die stad ingegaan het.

Kos is ook voorsien, alhoewel dit nie baie respektabel was om in die *pervigiles popinae* (kookwinkels wat altyd oop is) te eet nie. Veral die reuke van wors, tiemie en jenewer was opvallend. Afgesien van 'n grafskrif van 'n kookvrou (*popinaria*) wat lui dat hierdie vrou se kookkuns talle mense na Tivoli gelok het, kan dit betwyfel word of die kos enigsins van goeie gehalte kon wees (Balsdon 1969:153). Keiser Hadrianus het eenmaal aan sy tutor geskryf: "ek wil nie soos Florus wees wat tussen die kroeë rondloop, in die kookwinkels rondlê en met vet vlooie besmet word nie".[36] Dit was gewoonlik rumoerige huise waar sang, dans en dobbel dikwels in heftige gevegte ontaard het. Mense het soms baie geld spandeer en verloor tydens so 'n dobbelary (Mart. 5. 70).

Juvenalis vertel in 'n satire van die tipe kliënte wat Syrophoenix se eetplek by die Idumaniese hek besoek het. Dié kroegbaas het gaste met baie respek behandel, dus het hulle altyd na sy winkel teruggekeer (Juv. 8.160). Lateranus was 'n ou man, maar 'n gereelde kliënt van Syrophoenix, wat hom altyd as "Meester" of selfs "Koning" aangespreek het. Lateranus sou altyd tussen moeilikheidmakers, matrose en mense

met swak reputasies gevind word. Daar was almal gelyk, almal het uit dieselfde beker gedrink, die rusbanke was vir niemand verbode nie, en die tafels was ewe ver van mekaar af. Ponticus sou egter, wanneer hy een van sy slawe in so 'n huis kry, hom definitief na 'n tughuis (*ergastula*) in Toskanië stuur (Juv. 8.158-180).

### 5.2.8 BORDELE EN PROSTITUTE

In groot stede soos Rome en hawestede soos Ostia was bordele algemeen. Nouliks versteek het werknemers hiervan in permanente vrees vir die polisie geleef (*ILS* 7477). Hul kliënte was meestal diewe, droster-slawe, matrose, begrafnisondernemers en moordenaars. 'n Prostituut was geklassifiseer as 'n "swak en laeklas mens",[37] alhoewel hulle bitter hard gewerk het en soms 'n vierledige beroep beoefen het as musikant, danseres, kelnerin en prostituut. Meeste vroue het dit nie uit sedeloosheid gedoen nie, maar wou met die geld hul vryheid koop (Mart. 12.32). Hulle was sag, vreesloos, het dikwels na drank geruik en was deurdrenk met parfuum, bleek of met rooisel geverf (Sen., *Vit. Beat.* 7.3).

Juvenalis praat vol misnoeë van die ingange van bordele as "die gordyne met die pryskaartjies aan" (Juv. 8.158-180). Hulle was oral te vinde, onder gewelboë waar hulle in die donker weggekruip het, maar ook by die baddens, sweetkamers en tussen die pilare van die Circus Maximus en die Colosseum. Dit was ook waar die bordele was – plekke wat plesier verskaf het in die klein spasies van 'n *inscripta cella*

---

[36] *ego nolo Florus esse. ambulare per tabernas, latitare per popinas. culices pati rotundos*, SHA, *Hadr.* 16.4.
[37] *humilis abiectaque persona*, *Dig*. 23.2.44.

(kelder met ‘n pryslys). ‘n Prostituut het darem omstanders weggehou wanneer sy besig was om haar dienste te lewer deur die deur toe te grendel. In die Summumiese bordeel (een van vele in die rooiligdistrikte in Rome) was daar egter loergate (Mart. 1.34). Vir mans wat nie omgegee het as hulle gesien is nie, was daar donker stegies waar hulle prostitute ontmoet het en daar en dan die daad gedoen het (Ov., *Am*. 3.14.9-10).

Prostitute het veral in kroeë rondgehang en so hul kliënte gekry, soos Cyane wat ‘n prostituut en kelnerin in Syrophoenix se taverne was. Juvenalis beskryf haar as iemand wat haar heeltyd gehaas het tussen die kliënte en die kombuis terwyl sy haar bene vertoon en afgemete wyn ronddra (8.158-180). Surisca, ‘n Siriese kroegmeisie, was opgelei om haar heupe te swaai op die maat van kastanjette, en dronkerig en uitlokkend te dans in rokerige kroeë tot die vermaak van wellustige dronk mans (Dalby 2000:131).

Prostitute was nie net in kroeë te kry nie: Juvenalis vertel van die vroue wat vir rukkies met baie onaansienlike gladiatore “wegraak” (Juv. 6.108). Baie mans wat nodig gehad het om hul ego’s te herstel sou ‘n prostituut oplaai in hul strydwa en vir haar hul vaardighede wys in die *Via Flaminia*, ‘n oop en reguit pad. Sy sou dan in die wa langs hom staan, geklee in ‘n reënmantel (*lacerna*) (Juv. 1.58-62). Mans van hoë range, konsuls en praetors het dikwels hul eerbaarheid opsy geskuif en hulself met prostitute en erotiese speletjies vermaak (Diodorus Siculus 4.83.6).

Baiae ten suide van Rome was ‘n baie gewilde vakansie-oord waar ‘n Romeinse toeris baie seksuele pret, veral in die aand, kon ervaar. Daar word gesê dat ‘n

ongetroude meisie in Baiae verander het in 'n straatvrou, dat 'n ouman weer in 'n lewenslustige jongman verander, en dat baie goeie seuns in meisies verander... (Varr., *Men. Sat.* 44). Cumae was ook so 'n stad waarheen baie uitlanders gestroom het om hulself te vermaak met prostitute wat hulself aan Aphrodite gewy het (Strabo 12.3.36). Dan was daar ook die elegante Samos (*concinna Samos*), die eiland van Juno, met die straat *Lauro*, waar prostitute 'n deel van hul nagtelike inkomste aan Keiser Polycrates moes skenk (Hor., *Ep.* 1.11.2).

In die Subura distrik was daar baie slawe- en kinderprostitute. Dit was gewoonlik kinders uit laer klasse van vrygelate Romeine, wat eerloos was en maklik in 'n lae-klas lewe kon verval. Sulke seuntjies en dogtertjies het hulle openlik tot prostitusie gewend, dus kon hul kliënte nie van verkragting of *stuprum* (seksuele praktyke buite die huwelik) aangekla word nie, omdat dit nie skelm gedoen was nie, maar openlik (Du Pont 1992:228). In een distrik in die Suburra wat die middelpunt van die naglewe was, het die meisies as *Suburanae puellae* bekend gestaan (meisies van Suburra), en dit is waar al die hoere gewoon het. Hulle het by vensters uitgehang om verbygangers se aandag te trek, en in die strate gesit waar die plaaslike mark was (Mart. 2.17; 11.61). Die vroue het gewoonlik 'n oorjas van sy gedra. Dit was egter byna heeltemal deurskynend, dus kon mans voor die tyd al sien wat sy hulle sou kon bied. So het Horatius na so 'n meisie gekyk en gesê het dat niks fout was met haar bobeen nie, dat sy mooi kuite gehad het en dat haar boude net die regte grootte was (*Sat.* 1.2.101-103). Die laaste eienskap moes wees dat haar hele liggaam liefde

uitstraal,[38] al was dit dan net in die paar minute van passie. Philodemus[39] het ‘n dialoog geskryf waarin ‘n man ‘n prostituut genader het. Hulle het gegroet en nie een wou sy naam aan die ander een gee nie. Hy het haar gevra of sy ‘n afspraak het vir die aand en haar genooi vir aandete. Toe hy vra hoeveel geld sy wou hê, het sy geantwoord dat sy geen deposito vra nie en dat hyself die volgende oggend wanneer hulle wakker sou word kon besluit hoeveel sy werd was! Hy sê toe dat hy later een van sy slawe sou stuur om haar na sy huis te begelei. Toe sy nie kon sê waar sy die aand sou wees nie, het hy haar daar en dan saam met hom geneem (*Anthologia Palatina* 5.46).

Op die Campus Martius was daar baie donker suilegange. Mans sou in die donker net die sagte fluisteringe hoor, en die uitlokkende laggies sou die aanduiding wees dat sy in ‘n beskutte hoekie wag (Hor., *Od.* 1.9). Die tipe prostitute wat by graftombes langs die paaie te vinde was (Hor., *Od.* 3.27), veral langs die Via Appia, was gewoonlik vuil en onversorgd (Mart. 1.34.8). Hierdie tipe was die vermaak van verbygangers en was geldelik nie sterk genoeg om byvoorbeeld haarstukke of gekleurde kopbande te bekostig nie, maar het hare soos vlasblare gehad (*flava lupa*) (Juv. 3.66).

Prostitute het dikwels Griekse name gekies wat seks of romanse impliseer, en wat ook ‘n mate van misterie bevat het. Keiser Claudius se vrou het haarself *Lycisca* (klein wolfie) genoem toe sy in prostitusie verval het (Juv. 6.123), en die vrou wat

---

[38] *toto iactans e corpore amorem,* Lucr. 4.1054.
[39] ‘n Epikuriese filosoof in die tyd van Cicero

Propertius van seks geleer het, was *Lycinna* (wolfwelpie) (Prop. 3.15.6). Hy het geen persente aan haar gegee nie, sy was net syne. Prostitute het egter gewoonlik 'n geskenk verwag nadat dienste gelewer is. Nie alleen is geld gegee nie, maar ook geparfumeerde olie uit die streek Kosmos of Niceros, rolle geweefde materiaal of selfs goue muntstukke met Caesar se kop daarop gedruk. Martialis het byvoorbeeld na 'n nag van passie met Phyllis, met geen beperkinge nie, nie geweet wat om vir haar te gee nie. Sy het haar arms om sy nek gesit en nadat sy hom lank en innig gesoen het, vir 'n bottel wyn gevra (Mart. 12.65).

### 5.2.9 BAD-OPSIGTERS

Alhoewel bad in Rome na donker net beperk was tot privaat baddens in die huise en villas van rykes, was die baddens in sommige plattelandse dorpies oop tot laat in die nag. Lampe is by die baddens in Pompeii gevind. Aannames is gemaak dat baddens tot ongeveer die tweede uur van die nag oop was (*ILS* 6891). Baie besige mans het nie tyd gehad om in die dag te bad nie, en het, soos Augustus, geen keuse gehad as om in die aand (soms die eerste uur van die nag) te bad nie. Fronto verwys ook na bad in die aand (*Aquaed.* 2.88).

### 5.2.10 MYNERS

Mynwerkers was gewoonlik slawe wat in verskillende skofte onder die aarde gewerk het. Daar was goudmyne, asook myne vir silwer, lood en tin. Beligting was natuurlik 'n groot kwessie, in die nag en dag. Slegs olie-lampe is gebruik. Die werksomstandighede was uiters swak. Ventilasie was beperk en baie werkers het

asemhalingsprobleme ondervind as gevolg van die rookdampe wat hulle moes inasem (Dilke 1975:110).

### 5.2.11 BOERE

Strabo vertel dat die berg Athos ‘n baie hoë kruin gehad het en dat die mense wat op die kruin gewoon het die son drie ure vroeër sou sien as dié wat op die strand gewoon het (*Geogr. Fr.* 7.33.35). Die derde nagwaak het ongeveer om twaalfuur middernag begin en die kruinbewoners sou dan begin ploeg. Teen hanekraai sou hul reeds uitgeput wees van al die harde werk.

### 5.2.12 VEEWAGTERS

Veewagters het wakker gebly in die nag gedurende normale slaapure. Daar word selfs gesê dat die drie wyse manne wat persente na die baba Jesus geneem het, sulke skofveewagters was (http://216.239.59.104/search?q=cache:ysOK3K8OfxQJ:-www.css.edu/users/dswenson/web/335ARTIC/HISTORY.HTM+ancient+romans+and+night+workers&hl=en).

### 5.2.13 SKOONMAKERS

Romeinse dorpe het publieke toilette gehad vir mans. Groot terracotta houers is op straathoeke geplaas waarin mans en seuns kon urineer. Die houers is in die nag deur skoonmakers omgeruil. Hulle het die uriene weer gebruik om linne mee te bleik (http://www.bbc.co.uk/schools/romans/more/more_roads.shtml).

## 5.2.14 *TABELLARIA* (BRIEFDRAERS)

Gaste het na etes soos Trimalchio se oordadige *cena* van agt uur lank, huis toe gestrompel. Dit was lank voor dagbreek en almal was relatief besope. As gevolg van hul dronkenskap en die feit dat hul fakkels meer rook as lig gemaak het, kon hulle dikwels nie hul pad huis toe vind nie. Trimalchio se briefdraers was oppad terug huistoe met tien waens nadat hulle hul nag se werk gedoen het. Hulle het die verdwaaldes op die regte pad gehelp (Petr. 79).

## 5.2.15 SLAWE

Van slawe is verwag om hul meesters se lewens te vergemaklik. Dus moes hulle deurgaans betrokke en teenwoordig wees by wat hul meesters ookal bygewoon of aangebied het. Tydens aandetes was dit slawe se verantwoordelikheid om lêende gaste soveel as moontlik te bedien en so hul vlak van genot te verhoog. Slawe moes kos ronddra, wyn skink, in die fisiese behoeftes van gaste en hul meester voorsien (Mart. 3.82.8-17) en nadat gaste huiswaarts gekeer het, hul gemors opruim. Slawe se lewens was geensins maanskyn en rose nie. Seneca skryf van uitgeteerde, verhongerde slawe wat heelaand in stilte moes staan en kyk hoe hul meester en sy gaste eet. Die geringste geluidjie van ‘n slaaf sou vir hom ‘n drag slae met ‘n lat beteken (*Ep.* 47. 3).

Slawe het egter nie net tydens die *cenae* gewerk nie, maar hulle was dag en nag ook vir die mees basiese behoeftes van hul meesters verantwoordelik (Mart. 3.82.8-17).

## 5.2.16 DIENSMEISIES

Slawe is ook as seks-objekte gesien. Horatius het gevra dat wanneer jy styf was en ‘n slawe seun of –meisie was beskikbaar om omgang mee te hê, watter tyd van die nag ookal, wie sou dit van die hand wys (*Sat.* 1.2.116-118)? Daar is die storie van Lucius wat sy gasheer se slawe-meisie (Fotis) vir homself gehad en ‘n woeste nag saam met haar spandeer. Sy was pragtig, prettig en intellektueel (App., *Met.* 2.6-7). Rufinus self het eerder ‘n slawemeisie bo ‘n ryk vrou verkies, bloot omdat onwettige pret met ‘n slaaf beter was as wanneer hy duur vir ‘n prostituut moes betaal. Ryk vroue ruik na mirre en hulle het slawe wat hulle in die kamer oppas. ‘n Slawemeisie is net haarself met haar eie reuk en haar eie bekoring. Haar bed is net haar eie en sy is altyd gereed vir ‘n man, sonder om selfs vir geld te vra (*Anthologia Palatina* 5.18).

In een van Aesopus se fabels (55.1.2) word van ‘n vlytige weduwee vertel wat verskeie diensmeisies gehad het. Hulle het permanent die hoenderhaan op die werf die skuld gegee vir die ou vrou se ywer, want sy het die gewoonte gehad om op te staan met hanekraai. Die diensmeisies het gedink dat hulle haar ‘n guns bewys deur die hoenderhaan te slag, min wetende watter fout hulle begaan het. Die weduwee het toe al vroeër opgestaan omdat sy geen benul van tyd gehad het nie!

## 5.2.17 ‘N UITSONDERLIKE GEVAL

Horatius vertel dat Sextus Papinius die donker gesien het as die gunstigste tyd om sy sang te beoefen, veral teen middernag. Teen twee uur in die oggend sou hy sy slawe beveel om sy wa in te span en net voor dagbreek sou hy aandring om aandete te

eet. Vanselfsprekend was hy by nie een van sy bure gewild nie, maar sulke mense was gelukkig die uitsondering (*Od.* 3.21.23; Juv. 8.9-12).

# HOOFSTUK 6
# DIE *CENA*

Na die uitputting van die dag se werk en 'n verfrissende besoek aan die baddens, was dit tyd om te ontspan en met behulp van wyn van alle sorge te vergeet. Al die inwoners het na die forum gestroom. In plaas van statige togas, het almal nou vrolike, kleurvolle tunieke (Mart. 10.29.4) en mantels (*palliola*) gedra. Almal het saam gekuier – mans, vroue, kinders, slawe, howelinge, transvestiete (onthaarde mans wat hulself met swaar hande grimeer het) en prostitute. Prostitute het die jong mans en slawe uitgelok. Straatverkopers het heuningkoekies, worsies en warmdrankies verkoop. In die forum was kulkunstenaars, storievertellers, profete en mimiekkunstenaars – die strate was gevul met verskillende tipes vermaak.

Die dag het geëindig met die aandete (*cena*) wat die hoofmaal van die dag was. Die filosoof Taurus in Athene het mense gewoonlik onthaal tydens aandete wanneer dit donker was; dit was die tyd vir die *cena.*[40] Geen Romein het dit onvanpas gevind om sy wettige vrou saam met hom te neem nie (Nep. *Vitae*, voorwoord). Die voorvereiste vir 'n suksesvolle *cena* was 'n kombinasie van goeie vriende, lekker geselskap, kwaliteit wyn en 'n goed-voorbereide ete (Gell. 13.11.3). Dit was die tyd wanneer almal gerus het, al lêende wyn gedrink het, aan kos uit die boonste rakke gepeusel

[40] *Taurus accipiebat nos Athenis cena plerumque ad id diei ubi iam vesperaverat*, Gell. 17.8.1.

het en herstel het na die dag se uitputting. Hulle het ook gemaklike tunieke en sandale gedra, hoewel party gaste altyd 'n spesiale uitrusting vir die ete (*cenatoria* of 'n *cubitoria*) gedra het of selfs 'n "gemengde kleed" (*synthesis*) wat uit 'n tuniek en mantel bestaan het. Aandete was die tyd wanneer geen stremming geduld is van klere of ongemaklike skoene nie (Balsdon 1969:262). Dit het gewoonlik teen sonsondergang, teen die agtste uur in die winter en die negende uur in die somer begin. Dit is die tyd wat Martialis sy vriend Iulius Cerialis genooi het om hom by die bad van Stephanus te ontmoet. Dit was die naaste bad van Martialis se huis af en daarna sou hulle saam aandete geniet (Mart. 11.52; 10.48). Plinius die Ouere sou ook volgens sy nefie, Plinius die Jongere, in die winter nooit van sy eetkamertafel af opstaan voordat dit lankal donker was nie (*Ep.* 3.5.13).

Eensaamheid was vir die Romeine ondraaglik en hulle wou altyd aan 'n groep behoort of deel wees van 'n vriendekring. Dus was die Romeine baie geneë om ete-uitnodigings te aanvaar (*promittere ad cenam*), veral wanneer hulle nie familie naby hul gehad het nie. Dan was daar ook die parasiete wat heeldag by die baddens en publieke plekke rondgehang het in die hoop om na 'n *cena* genooi te word. Ene Selius het volgens Martialis (2.14) elke denkbare plan gemaak om aandag van 'n potensiële gasheer te trek. Hy het nie alleen by die baddens van Fortunatus en Faustus rondgedrentel nie, maar ook by die suil van Europa op die Campus Martius, by die godin van Memphis se tempel en selfs by die Hecatostylon naby die teater van Pompeius gewag. Aan die einde van die dag sou hulle dikwels alleen moes eet

wanneer niemand hulle genooi het nie. Dit het as ‘n *triste domicenium* bekend gestaan. Martialis (2.11) het verder geskryf dat dieselfde Selius met ‘n frons op sy voorkop, ‘n hartseer uitdrukking en geboë figuur geloop het terwyl hy heeltyd met sy regtervuis op sy bors slaan. Hy het gerou omdat hy nie na ‘n *cena* uitgenooi is nie. Vir ‘n ander man, ene Toranius, was dit net so traumaties om alleen by die huis te sit en het hy vreeslik depressief geraak daarvan (Mart 5.78.1). Martialis (12.77) spot en skryf verder dat die gode eenmaal ‘n parasiet met die naam Aethon op die Kapitolynse heuwel gestraf het deur hom drie aande alleen te laat eet omdat die gode hul vir hom vervies het nadat hy spottenderwys na hul verwys het en mense vir die grap gelag het.

Dit het wel ook gebeur dat party gaste as gevolg van ‘n goeie rede nie die ete kon bywoon nie. Dan het hulle met ‘n *“se excusare”* verskoning gemaak. Gashere het dit dikwels as ‘n klap in die gesig beskou wanneer ‘n gas nie sy ete sou kon bywoon nie. Ammianus Marcellinus (28.14.17) het dan ook gesê dat dit beter is om iemand se broer te vermoor as om nie ‘n ete-uitnodiging te aanvaar nie. Seneca beklemtoon ook die feit dat jy nie durf waag om ‘n uitnodiging van die hand te wys nie.[41] Dit was nog meer onvergeeflik om ‘n uitnodiging te aanvaar en bloot nie op te daag nie. ‘n Gasheer sou egter ‘n geruime tyd op die gas wag voordat hulle met die verrigtinge sou begin (Plin., *Ep.* 1.15.2).

[41] *ad cenam, quia promisi, ibo etiam si frigus erit; non quidem, si nives cadent,* Sen., *Ben.* 4.39.3.

Een *cena* het van 'n ander verskil afhangend van die omstandighede, persoonlike smaak en die morele standaarde van individue. Die gaste sou selfs tydens sekere *cenae* die vrymoedigheid neem om briewe te skryf of selfs aan hul slawe te dikteer, selfs voor die gasheer en ander gaste.[42] Caesar self het ook sy aandete met sy besigheid en korrespondensie gekombineer (Plut., *Caes*. 63.7). Voorlesings is gehou, daar is oor onderwerpe gefilosofeer en gaste is vermaak deur komediante, dansers en sangers. Keiser Nero se *cena* het tot middernag aangehou (Suet., *Nero* 27) en Trimalchio s'n tot in die vroeë ure van die oggend (Petr. 79) en die pretmakers waarvan Juvenalis (89.12) skryf, het gaan slaap toe die môrester opgekom het, dieselfde tyd as wat generaals van ouds hul kampe sou skuif! Volgens Plutarchus het Cicero nooit aangesit voor sonsondergang nie, vanweë 'n swak maag en ook sy vol program (*negotia*) (Plut., *Cic.* 8.4).

Wat ookal die lengte van die aandete was, dit is bedien in die eetkamer (*triclinium*). In Plinius die Jongere se Toskaanse villa was daar egter ook 'n kleiner eetkamer (*cenatio*) waar hy gewoonlik saam met sy vrou of enkele vriende geëet het (*Ep.* 5.6.19-23; 9.36.4).

## 6.1 DIE *TRICLINIUM* (EETKAMER)

Ten einde die verloop van dit wat so 'n groot deel van die gemiddelde Romein se aand in beslag geneem het, beter te verstaan, word die uitleg van die *triclinium* en die meublement kortliks bespreek. Die *triclinium* was die eetkamer in die Romeinse

---

42 *Hoc inter cenam Tironi dictavi,* Cic., *Ad Q.f.* 3.1.19.

huis waarin die aandete, die *cena,* gewoonlik genuttig is. Dit was gewoonlik in die verste regterkantste hoek van die *atrium*. Vitruvius (6.4) vertel dat die *triclinium* veral in die somer gebruik is en dat daar aan beide kante van die vertrek ‘n venster moes wees wat op die tuin uitkyk. Groter huise in Rome het dikwels meer as een eetkamer gehad, wat gebruik is afhangend van die seisoen. Lucullus se huis het verskeie *triclinia* gehad, en dan sou hy net sy slawe in kennis stel waar hulle sou eet. Wanneer ‘n *cena* in die Apollo-eetkamer gehou is, het slawe geweet dat dit ‘n uithaler-ete sou wees (Plut., *Luc*. 41.4-7).

Daar was drie rusbanke (*lecti*) in die vertrek. Dié banke is gebruik tydens die *accubatio* (aanlê tydens die ete). Die aanlê-posisie was nie alleen gemaklik nie, maar was ook ‘n gebaar van elegansie en sosiale onderskeid (Carcopino 1941:265). Wanneer die banke gereed gemaak is vir ‘n onthaal, is dit *triclinia strata* genoem (Caes., *B.C*. 3.92) en die banke moes dieselfde vorm en grootte hê, en van dieselfde materiaal wees (Varr., *L.L.* 55.9.47).

Die gaste het gewoonlik op hul linkersy gelê, en hulle kop ondersteun met hul linkerhand. Slafies van Alexandrië het al singende eers die gaste se hande en daarna hul voete met water gewas wat met sneeu afgekoel was (Petr. 31). Wanneer twee of meer gaste op een bank gelê het, was die een man se kop naby die bors van die persoon wat agter hom gelê het. Soos Plinius sê, een gas lê in die boesem van die ander (*Ep.* 4.22)! Gewoonlik was die maksimum hoeveelheid persone wat op ‘n bank gelê het drie, wat dus beteken dat nie meer as nege mense op ‘n keer by die *cena* teenwoordig was nie. Varro het ‘n reël gehad dat die hoeveelheid gaste nie minder as die Grasieë, of meer as die Muses mag wees nie (Gell. 13.11), menende

dat daar nie minder as drie gaste, en nie meer as nege gaste by ‘n *cena* behoort te wees nie. Tog was daar wel die uitsondering: in Horatius lees ons van vier mense wat op ‘n rusbank gelê het (*Sat.* 1.4.86). Wanneer meer as nege mense genooi was vir ete, is ekstra *stibadia* in die *triclinium* ingedra. Dit was ‘n groot boogvormige bank wat dan die drie *lecti* vervang het, en as *sigma* bekend gestaan het. ‘n Ronde tafel in plaas van ‘n vierkantige is dan gebruik. Tot 36 gaste kon dan om vier tafels aanlê en 27 gaste rondom drie *stibadia* (Vitr. 6.7.3).

Die *lecti* was altyd op ‘n hoër vlak as die tafel (*mensa*) en was in ‘n U-vorm rondom ‘n vierkantige tafel gerangskik waarvan die een kant oop was sodat die slawe maklik die gaste kon bedien. Wanneer die gaste dan geëet het, het hul op hul maag gelê en hulself uitgestrek en so gelê en eet totdat hulle versadig was. Dan sou hul hulself weer op hul linkerelmboog stut (Hor., *Sat*. 2.4.39). Kinders het regop gesit en eet op stoeltjies wat voor hul ouers se rusbank geplaas is (Plut., *Quaest. Conviv*. 7.8.4). Alhoewel vroue die *cena* ook mag bygewoon het, moes ‘n vrou aanvanklik volgens die ou Romeinse gebruik tydens die ete regop sit saam met die kinders omdat die mans gevoel het dat dit onsedelik is vir ‘n vrou om aan tafel te lê.[43] Vrouens het egter later saam met hul mans gelê. Slawe het tydens vakansies ook hul meesters vergesel en kon dan selfs aansit, alhoewel dit byna ongehoord was (Col. 11.19). Ook reisigers wat by ‘n herberg gestop het vir kos kon gaan aanlê vir die ete (Mart. 5.70).

Die drie banke was 90 grade ten opsigte van mekaar gerangskik en daar was ‘n oorgetrekte matras daarop met kussings wat die middelste plek van die ander twee

geskei het; die gaste sou in orde van belangrikheid lê. Die belangriker gaste sou op die regterkantste rusbank lê, en die minder belangrikes op die linkerbank. Die posisie op die middelste bank (l*ectus medius*) wat teenoor die oopkant van die *mensa* was, was die hoogste geag, en op die bank self was die regterkantste posisie die belangrikste *(consularis locus*) (Carcopino 1941:266). Die gas wat op hierdie plek gelê het, het dus baie plek gehad om besigheid te doen (met papierwerk of individue) indien dit nodig sou wees tydens die maal (Plut., *Mor.* 619; *Quaest. Conv*. 1, 3). Die gaste is minder belangrik geag wanneer hul met die bors aan die gas langs hul se kop moes kontak maak om in die proses kos raak te vat (Liv. 39.43). Die gasvrou het haar posisie langs haar man op die linkerkantste *lectum* ingeneem (Suet., *Claud.* 32).

Horatius skryf dat gaste se belangrikheid bepaal het waar hulle sou aanlê aan tafel en of hul *supra* (bo) of *infra* (onder) 'n ander gas sou lê.[44] Die *cena* waarna hy verwys was ter ere van Maecenas en hy het op die belangrikste posisie gelê. Die gasheer was Nasidienus, en hy het op die linkerbank tussen twee gaste gelê. Dit was die posisie waaruit die gasheer die maklikste bevele kon gee en die vermaak organiseer. Daar was ook 'n *umbra*, 'n niks-beduidende persoon (waarskynlik 'n parasiet) wat in die *medius in medio* posisie gelê het. Die *locus summus in imo* was gewoonlik die gasheer se plek, met die belangrikste gas wat langs hom gelê het. Uit bogenoemde blyk dat Maecenas nie langs Nasidienus gelê nie, wat daarop dui dat dié ongeskrewe reël nie altyd toegepas was nie. Tydens 'n ete in Eutrapelos se huis het Cicero, die

---

[43] *mulieres sedere, quia turpis visus est in muliere adcubitus,* Isid., *Orig*. 20.11.9.
[44] *Summus ego, et prope me Viscus Thurinus, et infra, si memini, Varius: cum Servilio Balatrone Vibidius, quos Maecenas adduxerat umbras. Nomentanus erat super ipsum, Porcius infra*, Hor., *Sat*. 2.8.20-23.

eregas, ook nie die *imus in medio* posisie ingeneem nie, maar die *medius in medio* (Cic., *Ad fam*. 197).

Onverwagte gaste sou deur die gasheer genader en gevra word watter plek hulle sou wou inneem (Plut., *Cato*. 37.7f). So is Brutus en Cassius eenmaal by Sardis in 43 v.C. erg onkant gevang toe die onbeskofte M. Favonius ongenooid opgedaag het vir ete en hul hele tafelplan deurmekaar gegooi het omdat hy aangedring het om sy plek op die *medius lectus* in te neem (Plut., *Brut*. 34.4.8).

Op die mure van sommige van die *triclinia* in Pompeii het die stadsvaders wyse sinsnedes laat verf soos dat 'n gas nie vir sy buurman se vrou moet ogies maak nie[45] en die gaste moet toelaat dat slawe hul voete was en afdroog.[46]

Die slaaf wat in beheer van die aandete was, is 'n *triclinarchia* genoem. Hy was verantwoordelik vir die algemene orde in die huis en moes toesig hou oor die slawe terwyl hulle die kos voorberei en bedien het.

## 6.2 DIE GASHEER

Die gasheer moes sorg dat sy gaste gelukkig is in mekaar se geselskap, en soos Seneca ook sê, was dit ook die plig van die gasheer om na die maag van sy gas om

[45] *lascivos voltus et blandos aufer ocellos coniuge ab alterius; sit tibi in ore pudor*, Della Corte 1927:120.
[46] *Abluat unda pedes puer et detergeat udos*, Della Corte 1927:120.

te sien.[47] Dit was egter ook van ‘n gasheer verwag om voortdurend te lag, selfs wanneer dit gelyk het of sy gaste sy hele wynkelder sou leegdrink (Hor., *Sat*. 2.8.35).

Ausonius, ‘n nederige gasheer, sou dikwels ongeveer ‘n uur voordat die aandete begin, na die kombuis gaan net om seker te maak dat die kokke beheer het oor die kos wat voorberei moes word. Hy sou selfs sy kok aanmoedig om sy vinger in die vleissous te druk en af te lek, net om seker te maak of die sous lekker proe (*Ephem*. 6). Daar word ook van soortgelyke situasies gelees in Livius (39.6.9) en Plinius die Ouere (*H.N*. 9.67). Seneca skryf dat Varro in een van sy satires die feit noem dat as ‘n gasheer net ‘n twaalfde van die tyd wat hy voor ‘n ete in die kombuis deurbring (om seker te maak dat sy kok beter brood bak), aan filosofie sou wou spandeer, hy ‘n baie beter mens sou wees (Sen., *Tranq*. 1. 6)!

Dan was daar ook gashere wat net wou spog. Om ‘n goeie kok te hê, was altyd ‘n pluspunt, en gashere sou met mekaar wedywer oor wie se kok die beste is (Petr. 70). Die vereiste waaraan ‘n goeie kok moes voldoen was dat sy kos só lekker moes wees dat ‘n uitgeputte gas homself weer op sy elmboog sou stut om nóg ‘n porsie te kry (Hor., *Sat*. 2.4.35-8). Dan is daar die gasheer wat selfs sover sou gaan om tydens een *cena* elf keer ‘n ander uitrusting te gaan aantrek. Martialis het tereg gewonder of ‘n gas wat net een uitrusting vir aandete besit het, nie vreeslik verneder moes voel nie (5.79). Daar was ook die uitspattige tipe wat Seneca in sy briewe beskryf, wat meganiese stelsels en selfs saffraan-pompe in die dak sou installeer wat tydens die ete gebruik sou word (*Ep*. 16. 9; 90; 114.10; 122.5)!

---

[47] *cum ventre tibi humano negotium est*, Sen., *Brev. Vit*. 18. 5.

Tog het dit dikwels gebeur dat die meester van die huis soveel moontlik gaste na ‘n ete sou nooi, maar dan uit gierigheid of snobisme hulle bitter sleg sou behandel. Volgens Plinius die Ouere sou die gasheer vir die gaste ander wyn bedien as dié wat hyself drink of goeie wyn vervang met minder goeie wyn soos die aand verloop (*H.N*. 14.91). Plinius die Jongere skryf ook dat daar soms aan die gasheer en sy vriende goed voorbereide kos bedien word terwyl daar goedkoop en oorskiet kos aan die res van die gaste bedien word. Die wyn word ook bedien en voorgesit volgens die sosiale stand van die gaste (*Ep*. 2.6). Plinius het egter gesê dat hy self gaste nooi om te eet, nie om hulle te verneder nie.[48]

Virro as *patronus* (beskermheer) het gewoonlik ook sy *clientes* (afhanklikes) baie sleg behandel. Juvenalis skryf dat Virro vir homself gebottelde wyn uit die heuwels van Alba laat skink waarvan die naam van die streek en die datum op die wynbottel ingegraveer is, terwyl sy nederige vriende wyn van die betrokke jaar se oes kry. Virro het ook vir Trebius en ander *clientes* op ‘n baie ongelyke, onregverdige manier onthaal met kos van die hoogste gehalte wat hy vir homself laat bedien terwyl sy *clientes* bedien is met stukkies droë brood en vrot appels (Juv. 5.24 - 155). In Horatius se *Satire* 2.8 word van die swak gasheer Nasidienus vertel en van die voedsel-filosoof Catius, wat, solank hy kon filosofeer, nie omgegee het of sy gaste enigsins iets kry om te eet nie (*Sat*. 2.5). Trimalchio aan die anderkant was ‘n Griekse vrygelatene wat baie ryk en gasvry was, maar geen kennis van letterkunde of matigheid aan tafel gehad het nie (Petr. 26 -78). Domitianus het eenmaal ‘n erg

[48] *Eadem omnibus pono; ad cenam enim, non ad notam invito cunctisque rebus exaequo quos mensa et toro*

sinistere *cena* gehou waartydens alles swart was. Dit het sy senatoriale gaste erg verontrus, soveel só dat hulle gedink het dat die oordeelsdag aangebreek het en hulle sou sterf (Dio Cassius 58. 9).

Baie gashere het egter geredeneer dat dit vir hul *clientes* so 'n groot eer is om genooi te word, dat dit nie nodig was om almal op gelyke voet te onthaal nie. Ander gashere weer sou aan hul *clientes* 'n som geld (*sportula*) oorhandig, wat op hul groothartigheid sou dui. Wanneer Atticus (Cicero se groot vriend) gaste onthaal het, het hy dikwels sy kos van verskillende tafels af bestel om seker te maak dat almal se kos van dieselfde gehalte is en dat die kombuispersoneel nie dalk die gaste volgens range sou bedien nie, iets wat hy nie sou verduur nie (Cic., *Att*. 13.52).

Namate die ete gevorder het, het die wyn gewoonlik al meer vrylik gevloei. Die gasheer sou dan later op eg Griekse manier, 'n rituele breuk aankondig. Dié breek was gewoonlik tussen die *cena* en die *commissatio* (die ekwivalent van die Griekse *symposium)* (kyk 6.5). Dit was die tyd wat die gaste hulself toegewy het aan drank en geselsies.

## 6.3 VERSKILLENDE TIPES GASTE

Wanneer gaste wat 'n ete-uitnodiging aanvaar het, nie opgedaag het nie, het die gasheer gewoonlik op die nippertjie van sy *clientes* genooi, bloot net om die tafel te vul. So 'n *cliens* het dit nooit as 'n belediging beskou om as plaasvervanger op te tree

---

*aequavi,* Plin., *Ep.* 2.6.3.

nie. Lucanus het byvoorbeeld aan Micyllius so ‘n uitnodiging gerig. Hy het aan hom gesê dat hy vir sy dogter ‘n verjaardagete gee en dat een van die gaste nie die ete sou kon bywoon nie, daarom moes Micyllius nadat hy gebad het, vir Lucanus vergesel. Indien die gas egter sou opdaag, sou Micyllius verskoon word (Luc., *Gall*. 9)! Tog het Plinius die Jongere altyd mense aangeraai om, alhoewel hulle nie altyd gemaklik in die teenwoordigheid van sekere gaste gevoel het nie, tog te probeer om gaste te aanvaar soos hul is (*Ep*. 9.17). Gellius vertel dat Varro ook die raad gegee het dat ‘n gasheer nie gaste moes nooi wat praatsiek is nie, maar ook nie té stil is nie, omdat te veel praat in die forum hoort en te veel stilte eerder in die slaapkamer hoort (Gell. 13.6.3).

‘n Gasheer sou ‘n uitnodiging aan ‘n gas rig en hom vra om hom te vergesel na die baddens en daarna om by hom te eet. ‘n Gasheer kon ook op die ingewing van die oomblik ‘n gas by die baddens nader en hom vir ete nooi (*subitae ofellae*), of ‘n opdringerige persoon nooi net om die man tevrede te stel met die hoop om daarna in vrede gelaat te word (Hor., *Sat*. 2.8.2).

In ‘n uitnodiging van Horatius aan Torquatus het eersgenoemde aan hom gesê dat indien hy nie omgee om op Archias se banke te lê nie en hy nie bang is om ‘n aandete sonder vleis te eet nie, hy as ‘n gas teen sonsondergang verwag sal word. Horatius het sy gas meegedeel dat hulle wyn sal drink wat nie baie soet is nie, en dat hy welkom sou wees om sy eie te bring. Die vuurherd was reeds aangesteek en die meubels spesiaal vir hom afgestof. Torquatus sou geen gevlekte servet kry nie en hy

sou sy gesig in elke bord en beker kon sien. Horatius het hom ook verseker dat wat gesê sou word, tussen die gaste sou bly. Torquatus moes aan Horatius terugskryf en antwoord sodat hy kon weet hoeveel mense om te verwag (*Ep*. 1.5).

Omdat die eetkamer klein was, was geen onwelriekende persoon welkom nie; dit was die plig van 'n gas om te sorg dat hy nie sleg ruik nie. 'n Gas behoort homself in te hou en te weet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly. Dit was ook etiket om nie op die vloer te spoeg nie, nie te snuif of aan ander gaste te ruik nie. Dit was nie goeie maniere om met die meisies van ander gaste te flankeer of 'n geveg te begin nie (Plaut., *Mil*. 644).

Oumans het bankette en die *cena* baie geniet, en nie slegs oor die gedekte tafels kos en drank wat vrylik aangebied is nie (Petr. 44-46), maar hulle het daarvan gehou om oor ditjies en datjies te praat met mans van hul eie ouderdom. Hulle sou so tot laat in die nag gesellig verkeer. In die somer sou hulle in die koel naglug sit en klets en aan ietsie teug, in die winter sou hulle voor 'n knetterende kaggelvuur ontspan (DuPont 1992:235).

Tydens sekere etes het mense te veel gedrink wat gelei het tot stryery, die opvlam van humeure en hoë stemtone. Alexander die Grote het selfs nadat hy te veel gedrink het, vir Kleitus, sy beste vriend, tydens 'n woordewisseling doodgesteek (Plut., *Alex*. 51). In Plautus se werk oor die grootpraterige soldaat (*Miles Gloriosus*), word daar oor die oujongkêrel Periplectomenus geskryf wat dit verkies het om huiswaarts te keer in plaas van om in 'n stryery met 'n dronk gas betrokke te raak. Dit was gewoonlik vir almal 'n groot skok wanneer lampe in 'n oomblik van waansin

omgestamp is; dit was natuurlik ook baie gevaarlik omdat meeste van die meubels van hout gemaak was (*Mil.* 652-5). In ‘n eetkamer in Pompeii is *graffiti* gevind wat gaste maan om eerder huis toe te gaan wanneer hulle hulself nie kon gedra of beteuel nie (Balsdon 1969:50). Aan die ander kant het dit ook gebeur dat gaste dikwels van te veel wyn aan die slaap geraak het. Suetonius vertel byvoorbeeld van Keiser Claudius wat gereeld lêend op sy bank in ‘n diep slaap verval het as gevolg van die oormatige gebruik van wyn en kos (*Claud.* 8.33.1). Lucius Calpurnius Piso, konsul in 15 v.C., was ook die *Praefectus Urbi* van Rome en het sy nagte deurgebring by *cenae* en dan geslaap tot laatmiddag. Hy het gewoonlik by die aandete soveel gedrink dat hy aan die slaap geraak het en dat niemand kon hom wakker kry. Dit het beteken dat hy van die gasheer se huis af na sy eie huis gedra moes word (Sen., *Ep*. 83.15)!

Tydens ‘n ete vir ‘n paar filosowe (wat briljant deur Lucianus beskryf word), het hulle reeds aangeklam by die *cena* opgedaag, en was baie dronk toe die *apophoreta* (in diè geval, kos as “geskenke” om huis toe te neem), uitgedeel is. Elke gas wou vir homself net die beste geskenk kry, wat eindelik tot ‘n geveg gelei het. (Geskenke kon ook in die vorm van kamme, vase, lampe en selfs speletjies wees, Ruscillo 2001:24.)

In die meeste huishoudings was daar ná ete baie praatjies en min drank. Daarna sou die gaste huiswaarts keer omdat meeste mense gewoonlik sake gehad het waaraan hulle nog tyd wou spandeer voordat hulle sou gaan slaap. So het Cicero in April 56 v.C. nadat hy saam met sy aanstaande skoonseun Crassipus geëet het, Pompeius besoek voordat laasgenoemde na Luca toe is, en Cicero na die suide. Cicero het

bloot aangevoer dat hy nie deur die dag tyd gehad het om Pompeius te besoek voor sy vertrek uit Rome nie (Cic., *ad Q. Fr.* 2.6.3).

## 6.4 DIE ETE

Gaste het gearriveer in drastoele (*lecti*), op muile of te voet. Met hul aankoms het hulle hul skoene (*calcei*) uitgetrek en 'n tipe sandaal (*solea*) aangetrek (Mart. 11.79). Wanneer die gas wou opstaan, het hy 'n slaaf beveel om sy sandale te bring (Hor., *Sat.* 2.8.77) (wat hulle dadelik tydens die aanlê-ete weer uitgetrek het). Sandale is egter nie in die publiek gedra nie (Petr. 27.2). Gaste het 'n punt daarvan gemaak om die eerste tree oor die drumpel met die regtervoet te gee, wat 'n voorspelling van goeie geluk was (Ruscillo 2001:24). 'n Naamnoemerslaaf (*nomenclator*) het die gaste se aankoms aangekondig en hulle na hul plekke vergesel. Verskeie kelners (*ministratores*) het die disse en bakke ingebring en dit op die tafels neergeplaas. Dit was gebruik om 'n tafeldoek (*mappa* of *mantile*) oor die tafel te gooi (Mart., 12.29.12), anders was die marmer- of houtblad van die tafel ná elke gang met 'n lap afgevee (Hor., *Sat.* 2.8.10).

### 6.4.1 EETGEREI

Alhoewel gebakte kleiborde (*vasa Saguntina*) gewoonlik gebruik is, was silwer borde en bakke (*argentum escarium* of *potorium*) tydens belangrike aandetes gebruik. Die arm Romeine het egter slegs eetgerei gebruik wat van rou erdewerk gemaak is (Adkins & Adkins 1996:343). Die gaste is voorsien met verskillende soorte lepels (*trulla*), messe en tandestokkies (Juv. 2.133). Martialis (14.22) het ook geskryf dat

tandestokkies (*dentiscalpia*) voorsien is en dat die bestes uit mashout gemaak is, alhoewel die gewone mense ook vere gebruik het (Mart. 14.22). Trimalchio het egter egte silwer tandestokkies voorsien (Petr. 33). Die soutpot (*salinum*) en asynbottel (*acetabulum*) was altyd vrylik op die tafel beskikbaar. ‘n *Cocleare* (gepunte lepel) is gebruik om skulpvis en eiers mee te eet (Mart. 14.120). ‘n Beker (*ligula*) kon ongeveer 100 milliliter vloeistof hou wat gelyk was aan ‘n kwart *cyathus* (Mart. 14.121) en was gemaak van kristal, allooie van goud en silwer, of van *murrina,* ‘n baie skaars edelgesteente. Die Romeine het geglo dat dié steen die boeket van die wyn verbeter en beklemtoon. Die bekers was dan ook dikwels versier met reliëfwerk of steentjies (*pocula gemmata*).

Die Romeine het met hul hande geëet voordat vurke bekend geraak het. Hulle het gewoonlik hul vingerpunte gebruik en was versigtig dat hul gesigte of hande nie vuil geraak het nie.[49] Slawe het gereeld geparfumeerde water oor die gaste se hande gegooi en dit met ‘n tipe handdoek (*mantela*) afgevee wat oor hul een arm gedra is (Petr. 31). Baie gaste het ook hul eie servette (*mappae*) gebring waarin hul ná die ete kos kon toedraai om later by die huis te eet (*apophoretae*) (Mart. 2.37.7) - die ekwivalente van vandag se braksakkie.

---

[49] *Carpe cibos digitis (est quiddam gestus edendi); ora nec immunda tota perungue manu,* Ov., *A. A.* 3.755-6.



**Figuur 1:** Piouter- en glasware vir gebruik deur rykes, verkry uit opgrawings in Noord-Gallië oftewel Holland (Rijksmuseum der Oudheden, Leiden, foto L. Cilliers).



**Figuur 2:** Tipiese erdewerk vir tafelgebruik, verkry uit opgrawings in Noord–Gallië oftewel Holland (Rijksmuseum der Oudheden, Leiden, foto L. Cilliers).

## 6.4.2 DIE KOS

Die volledige uithaler-*cena* was gewoonlik 'n sewe-gang maaltyd (*fercula*). Dit blyk onder andere uit Juvenalis wat met afsku vra watter van sy voorvaders 'n sewe-gang maaltyd sou kon verorber.[50] Dit het bestaan uit die voorgereg (*gustatio*), drie verskillende hoofgeregte, twee tipes braaigeregte en die nagereg (*secunda mensa*).

Die voorgereg (*gustatio*) het hoofsaaklik uit groente en kruie bestaan, veral blaarslaai, lensies (*porrum sectivum*) en ment (Mart. 10.48). Daar was vanselfsprekend ook olywe. Daar sou soms ook gekerfde eiers, slakke, skulpvis (veral oesters) en 'n gekookte mengsel van hart, lewer en longe wees. Blokke kaas van Velabrum is ook voorgesit. Velabrum was 'n distrik in Rome teen die westelike hange van die Palatynse heuwel waar kase gerook was om die smaak te verbeter (Mart. 11.52.1-12). Daar sou dikwels ook *mulsum*, 'n mengsel van wyn en heuning gedrink word (Plin., *Ep.* 15.4). Van Horatius kry ons die bekende uitdrukking, "van die begin tot die einde van die feesmaal"[51] wat die gasheer gewoonlik as 'n teken van sy gasvryheid geuiter het. Daarmee het hy bedoel dat sy gaste sou eet en drink vandat hulle gearriveer het totdat hulle weer huiswaarts sou keer.

Varswatersnoek is reeds in die tweede eeu gesien as 'n spesialiteitsgereg en was 'n baie duur lekkerny (Macr., *Sat.* 3.16.11-16), en Cato het selfs gesê dat so 'n vis duurder was as 'n koei! Die redenaar Q. Hortensius was dan ook die eerste persoon wat pouvleis by 'n inhuldigingsete aangebied het (Macr., *Sat.* 3.13.1), en die vader

---

[50] *quis fercula septem secreto cenavit avus?*, Juv. 1.94-95.

van die tribuun P. Servilius Rullus het die modegier begin om heel varkbere voor te sit op die tafel (Juv.1.141)! Sulke modes het egter net 'n kort rukkie geduur, maar die standaarde was permanent aan die styg – nie een gasheer was bereid om vir 'n ander een terug te staan nie (Macr., *Sat.* 3.16.4; Plin., *H.N*. 9.60). Kokke wat gaste wou beïndruk sou ook diere se ingewande met verskillende disse vul en alles dan saamkook (Macr., *Sat*. 3.13.13).

Die hoofgang van die *cena* het uit verskillende disse bestaan (*cena prima, cena secunda, cena tertia*). Daar sou gewoonlik verskeie tipes vleis wees wat vooraf deur 'n slaaf (*carptor*) in klein stukkies (*pulmenta*) gesny is. Die algemeenste was die vleis van varke, ganse, fisante, hase en vis (veral lamprei en turbot), alhoewel die vis gewoonlik as 'n afsonderlike gang bedien is.[52] Juvenalis het vis as 'n gesogte dis beskou en het dit as geskenk aan die Keiser voorgesit (Juv. 4.18). Daar was groentes met baie ryk souse (*garum*) waarvan olyfolie altyd die basis gevorm het. Dikwels het 'n gas nie van elke dis geëet het nie, en was die maaltyd beskryf as 'n *cena dubia* omdat daar so 'n wye verskeidenheid was en dit dus baie moeilik was om keuses te maak (Ter., *Phorm*. 342). Baie sout kos is geëet wat dors geïnduseer het, dus is meer wyn gedrink.

Tussen die hoofgereg en die nagereg is die beelde van die *Lares* (huisgode) na die tafel gebring. Dankoffers is dan aan hulle gebring en goeie voortekens is aangekondig (Paoli 1958:96).

---

[51] *Ab ovo usque ad mala,* Hor., *Sat.* 1.3.6-7.
[52] *aves, conchylia, pisces, longe dissimilem noto celantia sucum,* Hor., *Sat*. 2.8.27-28.

Nagereg (*secunda mensa, bellaria*) kon bestaan uit appels (*mala*), pere (*pira*) (Col. 5.10.18), ingelegde druiwe (*uvae ollares*) van Sirië (Mart. 5.78.12), pruime (*pruna*), neute, amandels (*nux amygdala*) (Mart. 5.78.13), vye (Hor., *Sat.* 2.4; 2.8; Mart. 10.48; Juv. 11.65), asook verskillende soorte koek. Dan was daar ook kwepers (*malum Cydonium*), dadels (*dactyli*, *palmae* of *caryotae*) en appelkose (*praecox* of *malum Armeniacum*). Daar word gesê dat Lucullus kersies (*cerasi*), waarmee 'n gasheer sy gaste kon trakteer, aan die Romeine bekendgestel het (Athenaeus 2.51a; 6.274 e-f).

#### 6.4.2.1 Die verskil tussen die etes van rykes en gewone mense

Die etes van die armes was baie eenvoudig, en hul voorbereiding sonder enige moeite. Hul stapelvoedsel was 'n dikkerige pap (*puls* of *pulmentum*) (Plin., *H.N.* 18.83-4) wat van *far* (uitgedopte koring, *triticum dicoccum)* gemaak was (Purcell 2003:330). Dit was dikwels afgewissel met gebakte koringkorrels, gedroogde groente (ertjies, boontjies en lensies) en groen slaaiblare. Brood het egter later die *puls* vervang, hoewel Valerius Maximus geskryf het dat die oorgrote meerderheid Romeine so gematigd was dat hulle *puls* bo brood verkies het.[53] (Plautus het egter diegene wat *puls* geëet het, as barbare beskou.[54]) Die armes het swart brood van 'n lae kwaliteit geëet (*panis plebeius*) en slegs by spesiale geleenthede 'n witter brood (*panis secundarius*) wat meer voedsaam was.

---

[53] *erant adeo continentiae adtenti ut frequentior apud eos pultis usus quam panis esset*, Val. Max. 2.5.5.
[54] *pultiphagus barbarus*, Plaut., *Most.* 828.

Slegs ryk mense kon ‘n verfynde *panis candidus* of *mundus* bekostig. Oorvloedige gebruik van *ador*, ‘n tipe verfynde *puls*, was ook weer ‘n uitstaande aanduiding van rykdom en status (Hor., *Od.* 4.4.41). Daarenteen skryf Martialis (1.103) dat ‘n bakkie met tien olywe vir twee etes gebruik kan word, die oorskiet rooiwyn van Venusia gedrink kon word en dat warm ertjiesop, net soos seks, vir ‘n as gekoop kon word.

Gewone mense het selde vleis geëet en het meer van bekostigbare en maklik bekombare gepekelde spruite (*menae* of *gerres*) geleef. Sampioene, vis en ander seediere soos seekat, tongvis, tarbot en kreef was hoofsaaklik net vir rykes beskore (Stat., *Silv.* 1.6.28-34). Vanselfsprekend het die armes ook nie verskillende gange gehad nie, en het hulle meestal water in plaas van wyn gedrink (Giannelli 1967:74).

### 6.4.3 WYN

‘n Goeie ete verdien ‘n goeie bottel wyn. Die eerste bekende oes was tydens die konsulskap van Opimius. Wyn is dikwels deur welgestelde gashere ingevoer vanaf ander lande maar in 161 v.C. is die bediening van buitelandse wyn tydens ‘n *cena* deur ‘n senatoriale interdik verbied (Gell. 2.24.2). Falerniese en Nomentaniese wyne was die bekendste Italiaanse wynsoorte. Soetwyn is *Liberi bellaria* genoem, of die “soetvleis van Bacchus” (Gell. 13.6.7).

Gaste het gewoonlik al met hul aankoms begin drink, nog voordat hulle aangelê het (party het selfs al by die baddens intens begin drink en het dikwels baie dronk by die gasheer opgedaag) (Plin., *H.N.* 14.143; Petr. 31). ‘n Eerste plengoffer het die ete begin. Na die voorgereg is *mulsum* bedien. Dit was ‘n tipe heuning-wyn, en die

enigste soort wyn wat vrouens mag gedrink het (Juv. 6.425). Tussen die verskillende gange het die *ministratores* tussen die gaste deurbeweeg en hulle glase konstant met wyn gevul. Die skinkers was aantreklike slawe (ook *pueri a cyatho* genoem), wat dan ook die vermoëndheid van die gasheer beklemtoon het. Wyn van verskillende streke is gedrink, alhoewel wyn uit Marseilles en die Vatikaanstreek nie van die beste kwaliteit was nie. Wyn is in *amphorae* gestoor waarvan die nekke met kurk- of kleiproppe geseël was. Aan die bottel was ook ‘n etiket vasgeheg (*pittacium*) wat die oesjaar aangedui het. Tydens die ete is die wynbottels oopgemaak en is die wyn in mengbakke (*craterae*) gegooi. In die *craterae* is die wyn dan met water gemeng en òf verkoel met sneeu òf verhit (Plin., *Ep.* 15.4). Die verhouding water was gewoonlik minder as ‘n derde ten opsigte van die wyn. Die wyn mòes verdun word omdat dit gewoonlik baie sterk was en geen mens is as beskaafd beskou wanneer die wyn onverdund gedrink is nie (Mart. 1.2). Gaste wat nie baie gedrink het nie, het hul glase gevul met ongeveer drie *cyathi* (142,5 ml), strawwe drinkers het tot drie keer soveel op ‘n slag gedrink (Hor., *Od.* 3.19.11-17).

### 6.4.4 AROMAS

Skrywers het sou gewoonlik geure as die sentrale punt beskryf waarom die plesier van aandetes en vermaak gewentel het. Plutarchus skryf dat geurmiddels by wyn gevoeg word, aromatiese olies tydens die *cena* gebrand word en saffraan in die lug gespuit word om ‘n sekere genot en entoesiasme by gaste te wek (Plutarch, *Rules for Health* 132b). Die Romeine het ook graag narsingolie (*Assyria nardus*) gebrand. Dit het bygedra tot die feestelike atmosfeer van die ete (Hor., *Od.* 4.12.13-23).

Horatius het ook gesê dat geen gasheer sy sout werd is as hy nie sorg dat daar rose, seldery en drywende lelies in die eetkamer as versierings gebruik word nie (Hor., *Od.* 1.36.15-6).

## *6.5* DIE GRIEKSE *SYMPOSIUM* VS DIE ROMEINSE *COMMISSATIO*

Die Griekse *symposium* was ‘n manlike, aristokratiese aktiwiteit wat gewone vroue uitgesluit het. Tydens die *symposium* kon intellektuele en politieke sake bespreek word, maar dit was ook ‘n geleentheid vir plesier, byvoorbeeld die speletjie (*kottabos)* waartydens die laaste druppels wyn uit glase in ‘n aangeduide houer gegooi moes word. Die artistiese en kulturele aspek het later gekwyn, maar die *symposium* was steeds van belang in die sosiale lewe (Hornblower & Spawforth 1998:1461).

In die Romeinse wêreld vind ons die *commissatio*, wat direk na ete gevolg het. Meeste van die tyd sou die gaste ná die ete na die gasheer se bad gaan om hulself te verfris. Nadat hulle in die binnehof rondgeloop het, het hulle teruggekeer na die *triclinium* waar slawe reeds al die banke en kussings se oortreksels vervang het, die vloer gevee het en selfs nuwe tafels ingedra het. Silwerlampe is selfs in die dak aangesteek. Die gaste het gewoonlik blommekranse gekry om op hul koppe te sit (Balsdon 1969:49). Nie alleen was dit ter ere van Bacchus (god van wyn) nie, maar het die Romeine ook geglo dat die krans erge dronkenskap keer en die idee was om

welvoeglike gesprekke te voer,[55] maar terselfdertyd was daar seremoniële heildronke en drinkkompetisies waartydens die inhoud van die bekers met een teug geledig moes word. Mense wat nie gaste by die *cena* was nie, kon dan aansluit by die genooide gaste. So het dit gebeur dat Habinnas by Trimalchio se *commissatio* opgedaag het. Hy was toe reeds by 'n ander *cena* gewees, maar was nog lus vir wyn (Petr. 65). T. Vinius het selfs sy weduwee-dogter ná 'n ete vir drankies saam met Tigellinus geneem (Plut., *Galba* 17)!

Die mans het soms na 'n ander huis gegaan waar hulle dan baie sou drink. Dit was die voorreg van die seremoniemeester (*magister bibendi*) om met behulp van lootjies of dobbelstene te bepaal hoeveel drank in hoeveel bekers so gedrink moes word en die sessies het gewissel van een tot elf sulke bekers (Davis 1928:119). Verder het die gasheer ook bepaal of daar beurtelings gedrink moes word terwyl daar by die belangrikste gas begin moes word (*a summo*), of die leë bekers aangestuur moes word na die persoon langsaan vir goeie wense en of daar op die gesondheid van 'n uitverkose gas gedrink moes word (Mart. 1.71; 8.51). Daar is ook heildronke gedrink op die vroue, die afwesiges en in die Keisertyd op die keiser en die leër.

Uit die bogenoemde lyk dit of die *symposium* meer gekonsentreer het op die intellektuele aspek en dat die drink van wyn net vir die gesellligheid daarvan was. By die *commissatio* het dit bloot gegaan oor die drink van wyn en die letterkunde is as verskoning vir 'n bymekaarkoms gebruik.

[55] *Sermones, ut castitate integros, ita adpetibiles venustate*, Macr., *Sat.* 1.1.4.

Die *commissatio* was aanvanklik 'n Griekse gewoonte (*Graeco more bibere*) maar Cicero het geglo dat dit deur die Romeine ingestel is.[56]

Dit het dikwels gebeur dat die gaste soveel gedrink het dat hulle die volgende dag nie sou onthou watter reëlings die vorige aand getref is nie. So sou hulle dus gekonfronteer word met afsprake wat tydens die ete gemaak is en nie nagekom is nie, soos Martialis tot sy verleentheid ervaar het toe 'n gas vir ete opgedaag het sonder dat hy enigsins vir hom voorberei het (1.27).

### *6.5.1* 'N LITERÊRE *CENA*

Larensis, die gasheer in Athenaus se werk, *Deipnosophistae,*[57] het 'n reeks *cenae* by sy huis gehou. Hy het egter die beste privaat biblioteek ooit gehad. Die gaste is bedien met 'n wye verskeidenheid groente, vrugte, brood, vleis en vis. Die vangplek was egter dat daar aan niemand kos bedien is alvorens hulle die navorsing bespreek het wat hulle in die biblioteek gedoen het nie! Die *Deipnosophistae* is dus as 'n "literêre *cena*" beskou want, alhoewel die hele milieu dié van 'n ete is, is tekste bespreek en geïdentifiseer en het die gaste maar bitter min kos geëet (Wilkens 2003:369).

Literêre voorlesings (*acroamata*) is ook dikwels deur 'n voorleser (*lector*) aangebied tydens die ete.[58] Die voorlesings het verskil van die *commissatio* in die sin dat hierdie

---

[56] *magisteria…a majoribus instituta*, Cic., *De Sen.* 14.46.
[57] In Liddell-Scott-Jones (1961:375) lees ons dat die Griekse woord *Deipnosophistae* beteken dat iemand iets leer uit die geheimenisse van die kombuis.
[58] *Nemo in conviviis eius aliud acroama audivit quam anagnosten,* Cornelius Nepos, *Att.* 14, 1.

werklik oor die inhoud van die lesing gegaan het, en nie oor die drink van wyn as sulks nie. Vroue is ook toegelaat, hoewel dit in die vroeë tydperk taboe was. In die meeste huise (byvoorbeeld dié van Cicero en Plinius die Jongere) was daar voorlesers onder die vrygelatenes of selfs onder die slawe, en hul meesters was baie geheg aan hulle (Cic., *Att*. 1.12.4). Later is selfs vroue as voorlesers gebruik – so 'n vrou het as 'n *anagnostria* (*CIL* 6.33830) of *lectrix* (*ILS* 7771) bekend gestaan. Gaste het dikwels die oomblik wanneer 'n voorleser, musikant of akteur in die *triclinium* ingestap het, hul slawe laat roep en uitgestap, of uiters verveeld daarna geluister (Plin., *Ep*. 9.17.3). Die optredes was egter nie altyd van 'n swak kwaliteit nie.

Welgestelde mans het dikwels verskeie slawe gehad wat verskillende werke van Griekse outeurs gememoriseerd kon voordra. Geleerde gaste wat self die werke geken het, sou met 'n uiters kritiese oor na hulle luister en hulle op elke fout korrigeer. Dit was dus vir die slawe 'n uitdaging om die werke foutloos voor te dra, omdat dit nie 'n kuns was om dit voor te lees nie (Plin., *Ep*. 3.5.12). Soms was daar vir die aand 'n *aretalogus*, 'n man wat sy eie weergawe van ongelooflike stories vertel het, byvoorbeeld oor die nukke van die menslike natuur (Suet., *Aug*. 74). Dikwels is die musiek, komedie en vertellings deur verskillende slawe behartig, alhoewel dit soms gebeur het dat 'n talentvolle slaaf of vrygelatene al drie rolle alleen kon behartig (Plin., *Ep*. 5.19.3).

Die aand het dikwels begin met die een of ander passasie wat voorgelees is. So het dit een aand gebeur dat Favorinus genooi is om 'n praatjie te lewer oor die winde se name. Aulus Gellius het vroeër die aand 'n gedig voorgedra waar die wind *Iapiks* ter sprake was en dit het 'n lewendige gespreksonderwerp geraak. Skielik het Favorinus

homself kortgeknip en gesê dat hy genoeg gehad het om te drink en dat hy te veel gaan klets oor die onderwerp, dat hy reeds te lank gepraat het en die gesprek gemonopoliseer het, wat baie swak gedrag van hom is (Gell. 2.22.1-26)! Tydens 'n ete van Julianus weer was verskeie Grieke teenwoordig. Hy het vir hulle verskeie versreëls van Valerius Aedituus, 'n vroeër digter, en reëls van Porcius Licinianus en Quinctus voorgedra, en gesê dat hierdie die mees afgeronde verse in Latyn en Grieks is (Gell. 9. 9. 10).Varro meld in sy Menippeïese Satire, "Jy weet nooit wat die laat aand vir jou inhou nie", dat passasies vir voorlesings noukeurig vooraf deur die gasheer uitgesoek moet word, en dat dit beide ontspannend en opvoedkundig behoort te wees.

Keiser Tiberius het dit baie geniet om die gaste vrae te vra wat gebaseer is op boeke wat hy in die loop van die dag gelees het. Dit was egter vir hom onaanvaarbaar dat van die grammatici tydens die ete sover sou gaan om te probeer uitvis wat hy gelees het - so 'n oortreder sou swaar deur hom gestraf word (Plut*., Quaest*. Conv. 5)! Keiser Nero en sy talentvolle vriende weer het gewoonlik na ete 'n amateur diggenootskap gevorm waartydens hulle hul poësie aan mekaar voorgelees het (Plin., *Ep*. 6.31.13; Tac. *Ann.* 14.16).

Indien die gasheer van die aand wou hê sy gaste moes na sy gedigte luister, het hy dit gewoonlik self voorgelees. Martialis het een aand moedeloos aan Ligurinus gesê dat laasgenoemde net 'n aandete gegee het sodat hy die mense met sy power digkuns kan martel. Want voor die voorgereg is Boek 1 voorgelees, daarna Boek 2, en ná die hoofgereg, Boek 3, en Boek 4 en Boek 5... Martialis (3.50) het ook aan hom gesê dat dit die oorsaak sal wees dat niemand weer 'n uitnodiging sal aanvaar

nie. Op 'n ander geleentheid het Martialis ook teenoor 'n gas opgemerk dat hy nie sy eie werke aan die gas gaan voorlees nie, maar dat niks die gas keer om sy werke aan hom voor te lees nie (11.52.16-18).

Al was intellektuele gesprekke hoog op die agenda tydens 'n *cena* was daar egter 'n bekende Romeinse gesegde wat lui: "Ek haat 'n drinkebroer wat in die oggend onthou wat die vorige aand gebeur het (of gesê is)" (Mart.1.27.7). Volgens Gellius het Varro dus gesê dat die gesprekke by 'n *cena* oor die daaglikse wel en weë moet gaan (13.11) en dat alle voorlesings nie gelees moes word nie, maar dat eie weergawes eerder vertel moes word (13.5). Cicero adviseer ook in *De Officiis* dat wanneer iemand by die *cena* te veel oor homself praat, die gaste later agter sy rug oor hom sou skinder. Geselsies moet gaan oor die kunste, wetenskap of politiek (*Off*. 1.132-137).

Plutarchus het in *Quaestiones Convivales (*1.8; 2.3; 4.5; 5.7) 'n samevatting gegee van lighartige onderwerpe wat by etes bespreek kan word. Hy het dit ook reeds self beproef tydens etes saam met sy Romeinse en Griekse vriende. Vrae is gevra soos waarom Jode nie varkvleis eet nie, wat was eerste daar, die hoender of die eier, en waarom ouer mense leesstof so ver van hulle hou om dit te kan lees. Horatius het ook gevoel dat alledaagse sake rakende die mens eerder bespreek moes word, byvoorbeeld of dit rykdom of deug is wat mens gelukkig maak, wat die aard en hoogste vorm van welwillendheid is en of self-gesentreerdheid tot opregte vriendskap kan lei (*Sat*. 2.6.65). Plinius egter, was bitter geïrriteerd met sulke vermaak. Hy erken dat hy dit nie in sy huis toelaat nie, en hy dit ook nie by ander huise kan verdra nie ( Ep. 9.17.2).

## 6.6 DIE *CENA* VAN EEN VAN DIE NOUVEAU RICHE (DIE *CENA TRIMALCHIONIS*)

Daar was gashere wat net daarop uit was om hul rykdom te vertoon en hul vriende te beïndruk, en nie geskroom het om totaal buitensporig te raak nie. ‘n Voorbeeld hiervan is die ete van Trimalchio; hy was self eers net ‘n slaaf wat later in die hoër geledere aanvaar is vanweë sy weelde en eksentrisiteit. Die volgende beskrywing van Trimalchio se *cena* word gevind in Petronius se *Satyricon*. Die *Satyricon* kan nie as sulks in ‘n sekere genre ingedeel word nie, aangesien daar soveel verskillende elemente en stylvorms gebruik is. Uit ‘n Romeinse oogpunt kan dit as ‘n satire beskou word alhoewel daar ‘n sterk invloed van die Griekse roman is. Daar is baie oordrywing in die stuk (tipies van ‘n satire) maar genoeg feite word genoem om ‘n geloofwaardige geheelbeeld te vorm (Smit 1990:XVIII). Macrobius het hierdie ete egter as belaglik afgemaak, nie alleen oor die oormaat kos nie, maar ook oor die kinderagtige opgewondenheid van die gasheer oor sy imposante uitvindings en sy pretensieuse eksentrieke disse (*Sat.* 3.13.10).

Dit het ongeveer agt ure geduur en was in verskillende “bedrywe” opgedeel. Die gaste is deur ‘n groep slawe ontvang en daar is aan hulle vase met water aangebied waarmee hulle hul hande kon was. Daarna is hulle na die *triclinium* begelei en hul plekke is aangewys. Elke gas het op die rusbank gaan lê, met ‘n wye keuse van peuselhappies voor hom op die tafel. Klein brons donkies met twee mandjies elk op hul rûe het voor elke gas gestaan: in die een mandjie was swart olywe, en in die ander groen olywe, dit het as een van die vele *gustationes* gedien. Kos is in silwer

borde bedien, met die gasheer se naam wat op elke bord uitgegraveer was. Die gewig van die borde was van so ‘n aard dat almal moes besef hoe waardevol die borde is en dus so bewondering kon wek vir die rykdom van die gasheer.

Op die borde was muise gemarineer in heuning en papawersaad, gerookte worsies het op silwer bakplate gelê en swart pruime wat besprinkel was met rooi granaatpitte het soos brandende houtskool gelyk (Petr. 31). Tydens die voorgeregte was daar ‘n pantomime aangebied deur ‘n slaaf wat soos ‘n silwerkleurige geraamte aangetrek was.

Terwyl musikante ligte, lewendige musiek gespeel het en die gaste nog besig was met hul voorgeregte, het ander slawe ‘n reuse bord ingebring waarop ‘n houthen gelê het. Dit het gelyk asof sy pou-eiers uitbroei. Vol wantroue het die gasheer die varsheid van die eiers betwyfel, en tot sy kamstige verbasing was die eierdoppe eintlik gebakte meel en binne die eiers is reuse koekies gevind wat in gegeurde eiergeel gerol is (Petr. 33)! Die vermaak was daarna gelewer deur akrobate.

Toe een van die slawe per ongeluk ‘n silwerbord laat val, het die gasheer die bord op die ashoop laat gooi. Ander slawe het die gaste se hande met onverdunde wyn gewas, en daarna is verseëlde bottels Falerniese wyn wat 100 jaar oud was, op die

tafel geplaas (Petr. 34). Die tafelversiering in die middel van die tafel was van Korintiese brons.[59]

Toe het die slawe die eerste dis (*prima mensa*) van die aand ingebring: 'n ronde bord met die twaalf sterretekens daarop in volgorde. Teenoor elke teken was 'n sekere tipe dis voorgesit: oorkant *Aries* was ertjies,[60] teenoor *Taurus* was skywe beesvleis (die ooreenkoms vanselfsprekend), by *Gemini* was testikels en niertjies, 'n gerf blomme en 'n krap het teenoor *Cancer* gelê.[61] Teenoor *Leo* was vye uit Afrika,[62] by *Virgo* het maagdelike sog-uiers gelê, oorkant *Libra* 'n weegskaal met tertjies in die een pan en kaaskoek in die ander. Teenoor *Scorpio* was daar varswaterkreef en by *Capricorn*, 'n kreef. Op *Aquarius* was 'n gans, en twee rooi varswatervisse teenoor *Pisces* . In die middel van die bord was 'n stuk groen gras met 'n reuse byekorf bo-op. Trimalchio het deurentyd die gaste aangemoedig om meer te eet (Petr. 35).

Nadat die gaste tyd gehad het om hulle te vergaap aan al die eienaardighede, het vier slawe op die teken van hul meester al dansend die vertrek binnegekom. Toe hulle die deksel van 'n enorme silwer bord lig, was dit gevul met vetgemaakte hoender en ingewande en in die middel daarvan was 'n gevleuelde konyn wat op 'n druppel soos Pegasus gelyk het. Op die vier hoeke van die bord was figure van

---

59 Korintiese brons was eintlik 'n allooi van brons en nog 'n metaal. Almal wat egter in die besit van sulke stukke was, het hulself baie hoog geag. Plinius het gesê dat dit per abuis ontdek is nadat Korinte afgebrand is met die inval van die Romeine in 146 v.C. (*H.N.* 34.6)

60 Volgens Plinius het die kop van die ram (Aries) en peulertjies dieselfde vorm gehad - *est enim arietino capiti simile, unde ita appellant* (*H.N.* 18.124).

61 Trimalchio se eie sterreteken (Petr. 39). Astroloë het gewoonlik in hierdie tydperk kos en blomme verkoop (Smit 1990:90).

62 Watertandlekker vye het in hierdie tyd ryp geword. Plinius beskryf dié vye in *H.N*. 15.69.

Marsyas waaruit ‘n prikkelende sous gedrup het oor delikate soorte vis wat gelyk het asof hulle in ‘n miniatuur Euripus (waterkanaal) swem (Petr. 36).

Namate die aand gevorder het, het die geselskap al lewendiger en lawaaieriger geraak. Byna al die gaste was vrygelatenes wat mettertyd ryk geword het. Nog ‘n verrassing het op die gaste gewag: nadat die slawe die banke met skoon bekleedsels oorgetrek het (met uitbeeldings van jagters en vangnette op), en nadat ‘n paar wreedaardige jaghonde deur die eetkamer gestorm het asof hulle ‘n wildedier jaag, het slawe met ‘n reusagtige uitgestrekte wildevark op ‘n bord ingekom. Aan beide slagtande het geweefde mandjies van palmblare gehang: die een was gevul met gedroogde dadels uit Caria, die ander met vars dadels uit Thebe in Griekeland (Petr. 40).

Terwyl die gaste luid uiting aan hul verbasing gegee het, het ‘n bebaarde jagter die vertrek binnegekom. Hy het ‘n leerbroek aangehad en ‘n kort rooi jas. Met ‘n mes het hy ‘n wildevark oopgesny en ’n swerm voëls het by die opening uitgevlieg (Petr. 40)! Voëlvangers met stokke waaraan lym gesmeer was, het gereed gestaan en in ‘n oogwink al die vlieënde voëls in die *triclinium* gevang. Aan elke gas is ‘n voël oorhandig, wat toe deur kokke gaargekook is. Intussen het die gaste aan die dadels gepeusel en natuurlik wyn gedrink.

Die banket was skaars halfpad en die gaste was reeds moeg vir al die verrassings en oordadigheid van die gasheer, alhoewel hy aangedring het op nog disse, wyn en vermaaklikhede. Meganiese stelsels het ‘n hoepel uit die dak laat sak waaraan baie

botteltjies parfuum geheg was, wat tussen die verbysterde gaste versprei is (Petr. 34-35). Verder was daar raaisels en selfs ‘n lotery.

Slawe, aangetrek soos helde uit Homerus se verhale, het teruggestaan terwyl ‘n gekookte kalf op ‘n skinkbord ingedra is. Daar was ‘n helm op sy kop. ‘n Vergestalting van Ajax die tragedie-held, het die kalf aangeval met sy swaard asof hy besete geraak het. Hy het egter met netjiese, vinnige snitte die kalf opgesny en die kalfsvleis tussen die verbaasde gaste verdeel (Petr. 59). Daar was egter nooit ‘n gevoel van werklike vermaak nie totdat hansworse en grapmakers verskyn het. Toertjies is deur losbandige maltrappe rondom die tafels gedoen en lewendige, uitlokkende danse is op die maat van kastanjette deur Spaanse danseresse gedoen, vermaaklikhede waarvan Plinius (*Ep*. 9.17) en Juvenalis (2.162-164) ook melding maak.

Eindelik is verskeie soorte vleis met soet souse en vrugte in die middel van die tafel geplaas, vanwaar ‘n reuse geel saffraanfontein op die gaste gespuit het. Steeds was daar kos: vetgemaakte hoenders omring deur ganseiers, lystervoëltjies gemaak uit volgraanmeel en gevul met neute en rosyntjies, kwepers met dorings wat kompleet soos krimpvarkies lyk en ‘n vet gans wat gegarneer was met visse en verskillende soorte voëls. Die verrassing was egter dat die gans, sowel as die visse en voëls uit varkvleis gemaak was. Dit is ‘n tipiese voorbeeld van die *cenae* in die Keisertyd, toe gashere dit baie vermaaklik gevind het om hul gaste te “bedrieg” met disse wat in vreemde vorms aangebied was, soos ook Plinius van die bekende kok, Marcus Apicius vertel (9.30). Daar was ook volstruisvleis en slakke. Tussen die hoof *cena* (*prima mensa*) en die nagereg (*secunda mensa*) is die tafels uitgedra en met nuwes

vervang. Ander slawe het gekleurde saagsels van saffraan en vermiljoen op die vloer gestrooi, asook verpoeierde kalksteen (Petr. 68).

Eindelik het die tyd vir die *secunda mensa* aangebreek. ‘n Beeld van Priapus is deur die bakker gemaak. Hy het in die middel van die tafel gestaan en het ‘n wye verskeidenheid vrugte in sy voorskoot gehou (Petr. 60). Op hierdie stadium was die gaste reeds so moeg dat sommiges onder die tafels begin wegkruip het en ander ongemerk hul slawe nader geroep het, hul fakkels en drastoele laat kom het en stilweg na hul huise vertrek het. Trimalchio het egter die oorblywendes gedwing om in warm water te bad en hul daarna na ‘n tweede eetkamer geneem waar hulle volgens gebruik die *commissatio* gehou het. Dit was ook gesien as die behoorlike afsluiting van ‘n suksesvolle *cena* (Petr. 72-73).

Nadat die gaste weg is, het die gasheer, in sy dronkverdriet hartseer begin praat oor sy dood...

## 6.7 ‘N LOSBANDIGE, ONDERGRONDSE *CENA*

Cicero beskryf in sy redevoerings teen Catilina (*Cat.* 2.10) die losbandige *cena* wat Catilina gehou het tydens die beplanning van die sameswering wat in 63 v.C. aan die lig gebring is. Die gaste was deurweek met wyn, vraatsig en parfuum walms het oor hulle gehang. Hulle was uitgeput as gevolg van hul seksuele aktiwiteite en het skaamtelose vroue van lae klasse vasgehou terwyl hulle aangelê het en moorde en die verwoesting van die stad beplan het.

## 6.8 OORDADIGHEID

Vermaak het daartoe gelei dat mense meer oor ‘n langer tydperk geëet het, sodat etes van agt tot tien ure lank kon duur. Martialis (5.76) het ook vir Cinna aangespreek omdat hy altyd so baie geëet het dat daar gesê is dat hy nooit van honger sou sterf nie. Wanneer vermaak nie meer gehelp het nie, en die kos en drank te veel geraak het vir die liggaam, was daar ‘n aangrensende klein kamertjie waar die gaste van oortollige kos en drank ontslae kon raak.[63] Dit het dan ook gereeld gebeur dat mense heeltemal te veel geëet het en bekendes soos Caesar sou, nadat hy hom by Claudius ooreet het, emitika drink om naar te word (Adams 2002:1).

Te veel drank het die mense natuurlik ook naar gemaak. Juvenalis (6.424-433) beskryf dat ‘n gasvrou eenmaal nog voor die ete soveel gedrink het dat sy voor haar gaste naar geword het! Tog was self-geïnduseerde braking of die gebruik van emetika nie deel van die alledaagse lewe van die Romeine nie (Sen., *Cons. Helv*. 10.3; Suet., *Claud*. 33).

### 6.8.1 WETTE TEEN OORDADIGHEID

Verskeie wette rakende die gesondheid en sedes van die Romeinse volk is uitgevaardig; sommiges so vroeg as 213 v.C. Die senaat het so sterk oor hierdie wette gevoel, dat hulle *lictores* en soldate aangestel het om seker te maak dat dit nagekom word. *Lictores* is byvoorbeeld in die markte gestasioneer om aankope te

---

[63] *vomunt ut edant, edunt ut vomant*, Apicius 4.2.132.

reguleer. Hulle het selfs die reg gehad om tydens privaat *cenae* in die huise in te gaan, die aantal gaste te tel en te kyk watter disse voorgesit is (Cic., *Fam*. 7.26; 9.15.5)! Later is eetkamers so gebou dat die vensters op die straat uitgekyk het. So kon inspekteurs dan deur die vensters loer sonder om die ete te onderbreek. Die liefde vir goeie kos, en die behoefte om ander te beïndruk het mense totaal buitensporig laat leef. Om gaste met disse van hoë kwaliteit en indrukwekkende voorkoms te kon bedien, is as 'n groot deug gesien (Ruscillo 2001:21). Kandidate wat vir die verkiesing gestaan het, het dikwels die mense omgekoop met spog-*cenae* en verskeie presente wat hulle uitgedeel het (Plin., *Ep*. 6.19).

Weelde en oordadigheid het later so 'n groot kwessie geword dat wette soos die *Lex Orchia* in 181 v.C. in Rome uitgevaardig is. Dié wet het die hoeveelheid mense wat 'n ete mag bygewoon het beperk (Kippen 2004:1). Die volk wou egter vrye teuels hê en het gevoel dat niemand 'n sê behoort te hê oor waarop hulle hul tyd en geld spandeer nie, maar Cato het amptelik gekeer dat hierdie wet afgeskaf word (Malcovati 1955:54-56). Daar bestaan egter twyfel of Cato, wat op sy oudag baie gasvry was, wel hierdie wet nagekom het (Scullard 1951:221)

In 161 v.C. is die *Lex Fannia* uitgevaardig. Die konsul C. Fannius Strabo het bedrae geld vasgestel wat op aandetes spandeer kon word, en het dus so die koste van vermaak gereguleer en beperk (Kippen 2004:1). Dit het gespruit uit die feit dat gaste dikwels heeltemal te veel van gashere verwag het, en dat gashere hul gaste te veel wou beïndruk. Die weelderigheid is natuurlik verhoog wanneer soutvis voorgesit is, en pragtige slawe-seuns teenwoordig was om hul meester se gaste te bedien (nie slegs met kos nie, maar ook op fisiese vlak) (Polybius 31.25). Verder het die wet ook

die voorsit van vetgemaakte henne verbied en het mense later braaikuikens in hul plekke geniet (Gell. 2.24.2-6). Later is die algemene prys van kos verhoog, net om seker te maak dat die volk die wet nakom. Die hoeveelheid mense buite ‘n familie wat ‘n ete mag bygewoon het was vyf op feesdae en die *nundinae*, en drie op werksdae (Balsdon 1969:39).

Wetgewing van die konsul M. Aemilius Scaurus is veral deur die *censors* ondersteun. Die *Lex Didia* het bepaal dat geen waaierstertmuise, skulpvis of ingevoerde voëls aan gaste tydens ‘n *cena* voorgesit mag word nie (Macr., *Sat.* 3.17.6). P. Lucinius Crassus het ook saam met bogenoemde kollega die pryse van Griekse en Piceniese wyn vasgestel (Macr., *Sat*. 3.17.7-10). Sulla het met die *Lex Cornelia sumptuaria* ‘n maksimum bedrag bepaal vir sekere buitensporige lekkernye wat nie vir die gewone mense bekostigbaar was nie (Macr., *Sat.* 3.17.11). Antius Restio het met die *Lex Antia* amptenare verbied om ete-uitnodigings van gewone mense te aanvaar. Hulle mag dus nie in private huise ‘n *cena* geniet het nie. Dit is egter selde egter nagekom (Macr., *Sat*. 3.17; Gell. 2.24).

## 6.9 VERMAAK

Voorlesings, komiese vertellings en musiek tydens die aandete het sy oorsprong in Griekeland gehad waar dit as *akroama* bekend gestaan het. Die *cena* was in verskillende “bedrywe” verdeel. Die heel eerste tipe teatrale vermaak sou wees hoe die kos bedien en voorgesit is. Die kos sou op eienaardige maniere voorgesit word, of sou deur dansende kelners in die eetkamer ingebring word. Romeine het volgens Horatius net soveel genot geput deur voor die ete na die kos te kyk as na die

opvoerings (*Sat.* 2.2.23). ‘n Watertandlekker voorkoms sou alreeds ‘n groot teatrale bydrae lewer. Tydens die ete van Spurinna is ‘n komedie vertoning gehou, en die plesier van die maaltyd is verleng deur die voorlesing van verskeie briewe. Die maaltyd het dus aangehou tot laat in die nag sonder dat dit enige gas gepla het (Plin., *Ep.* 3.1.9).

### 6.9.1 GRAPMAKERS

Vrolikheid en gelag was nie opsioneel tydens ‘n *cena* nie, dit was ‘n moet. Dit het egter van twee kante gekom, en het nie alleen van die komediante afgehang nie, maar ook van die gaste. Gaste moes nie hul sorge oor politiek of oorlog na die tafel bring nie (Hor., *Od*. 3.8). ‘n Ete was nie volledig voordat hansworse en grapmakers hul verskyning gemaak het en op koddige, baldadige wyses die gaste om die tafels vermaak het nie (Plin., *Ep*. 9.17). Komediante (*comoedi*) wat hoog aangeskryf was, het dikwels stukke uit dramas op ‘n baie snaakse wyse opgevoer (Plut., *Mor*. 673; *Quaest. Conv*. 5) met vreeslike handgebare en verskillende intonasies. Die teenwoordigheid van ‘n maltrap (*scurra*, *coprea*) is meestal by enige tipe *cena* verwelkom. So ‘n man het dikwels ‘n tipe gebrek gehad waarvoor die gaste vir ure lank kon lag. Plutarchus (*Quaest. Conv*. 2.1.5-13) merk op dat dit merkwaardig is dat so ‘n gebreklike man met homself kon spot.

By ‘n aaklige filosofiese ete gee Lucanus in sy *Symposium* (cc. 17 – 19) ‘n briljante beskrywing van die *scurra* Satyrion. Hy was ‘n reusagtige man wat aanvanklik net eers danspassies en gebare gemaak het, maar later vir Alcidamas, ‘n stoeier, geroep

het. Alcidamas het met Satyrion probeer stoei maar tot sy vernedering sleg tweede gekom (*Symp*. 17-19)!

Maecenas het twee eienaardige *scurrae* in sy huishouding gehad, naamlik Sarmentus en Gabba. Die twee was gedurig aan die kompeteer met mekaar met grappe en poetse, maar Gabba was skynbaar effe beter want Quintilianus het 'n eeu na Gabba se dood steeds oor sy lewendige gevatheid geskryf (6.3.58). 'n *Scurra* was nie noodwendig 'n oningeligte lae-klas Romein nie. Inteendeel, in die keiser se huishouding kon so 'n man ook mag uitoefen. Iulius Paelignus wat fisies misvormd was, het byvoorbeeld die provinsie Cappadocia regeer. Die *scurra* Vatinius het 'n gebreklike neus gehad, maar was ten spyte daarvan 'n ryk en invloedryke man in Nero se hofhouding (Mart. 14, 96; Tac., *Ann*. 12.49.1; 15.34.3).

Groot vermaak is ook deur dwerge (*moriones*) verskaf. Martialis (6.39.15-16) beskryf 'n sekere dwerg met 'n gepunte kop en lang ore wat soos dié van 'n donkie beweeg. Hulle was veral baie gewild in die keisertyd en selfs hoogs geleerde gaste het geskaterlag wanneer hulle hul verskyning gemaak het (Plin., *Ep*. 9.17). Hierdie dwerge het voorgegee dat hulle baie dom was, wat dikwels nie die geval was nie. Hoe dommer hulle egter voorgekom het en hoe snaakser hulle opgetree het, hoe meer was hulle werd (Mart. 8.13).

## 6.9.2 MUSIEK EN DANSE

Die vroegste Romeinse musiek het basies bestaan uit vrolike uitroepe, drinkliedere en satiriese koeplette. Fluitspel en veral die klanke van 'n lier (gespeel deur 'n *lyrista*)

(Plin., *Ep*. 1.15.2; 9.17.3; 9.36.4) of harp was gewilde musiek tydens die *cena*. Musikante was dikwels vergesel deur ‘n groep sangers (*choraules*) (Gell.19.9). Martialis (9.77) het glad nie van sang gehou nie – volgens hom oorweldig dit ‘n geselskap.

Sangers moes dikwels teen betaling van buite die huishouding gekry word, alhoewel vermoëndes soms ‘n slawekoor onder leiding van ’n fluitspeler vir hul eie plesier gehad het (Mart. 5.56.9). Ummidia Quadratilla het nie net vir Plinius die Jongere nie, maar selfs ook haar eie seun, Quadratus, erg geskok toe hulle uitgevind het dat sy haar eie geselskap van kunstenaars gehad het wat nie net vir haar nie, maar ook in die plaaslike teater opgetree het. Dit was dikwels die welgesteldes wat akteurs sou kry wat ‘n monoloog sou opvoer met danse, en komiese dialoë sou improviseer (Plin., *Ep*. 7.24).

Antonius Julianus het tydens sy *cena* gevra dat die sangers moes inkom. Tot almal se verbasing was dit slaweseuns en -dogters wat uiters talentvol was. Hulle het verskeie odes van Anakreon en Sappho gesing, asook erotiese elegieë van tydgenootlike digters wat beroemd was (Gell.19.9.4).

By sommige etes is daar ook ballerinas gesien wat ‘n hele vertoning gelewer het. Pylades was ‘n beroemde danser wat die rol van die besete Hercules by ‘n aandete van Augustus vertolk het (Petr. 53). Spaanse danseresse het met kastanjette (*crotalistriae*) wulpse danspassies gemaak (Juv. 2.162-164). Dan was daar ook die dansies van verwyfde mans (*cinaedi*), pantomime (Petr. 31.7) en hansworse wat vir Plinius met afgryse vervul het. Hy het beweer dat hy niks amusant vind in dié tipe

danse nie en dat niks hom lok om daarna te kyk nie (*Ep*. 9.17.2). Tydens Trimalchio se ete was daar dus nie net gaste nie, maar ook kunstenaars en verskillende vorms van vermaak (*acroamata*),[64] ja, selfs trompetspelers (*cornicines*) (Petr. 78.5).

### 6.9.3 GEVEGTE

Die Romeine het nie net tydens feeste en in teaters na gladiatore-gevegte gekyk nie, maar ook tydens hul *cenae*, 'n gewoonte wat hulle by die Etruskers oorgeneem het. Dit was dus 'n tipe vermaak wat van die vroegste tye deel van die *cena* uitgemaak het. Dit het dikwels gebeur dat gaste nie soseer genooi is vir die onthaal as sulks nie, maar eerder om die gevegte te aanskou. Wanneer die gaste dan ná die ete sou gesels en wyn drink, sou die gasheer die gladiatore inroep, en die gaste sou hul 'n staande ovasie gee die oomblik wanneer een van die vegters se kele raakgesny is. Nicolaus van Damaskus het vertel dat dit het selfs gebeur het dat 'n invloedryke man in sy testament bepaal het dat die mooiste slavinne wat hy ten duurste gekoop het, by sy begrafnis in tweegevegte betrokke moes raak. Ook het hy dit van die jong slaweseuns (wat sy gunstelinge was) verwag. Gelukkig het party Romeine darem die insig gehad om sulke waansin te verwerp en die testament nietig te verklaar (*Hist*. 110).

By etes soos dié van L. Verrus was daar gladiatore-gevegte. Die gaste is dan uitgenooi na 'n ete en geveg en die hoeveelheid pare wat teen mekaar sou veg, het afgehang van die hoeveelheid gaste wat by die ete teenwoordig was (Plin., *Ep*. 9.17).

---

[64] *non solum spectator sed actor et acroama*, Polyb. 4.20.10.

Strabo vertel dat die Campaniërs graag na gevegte ná ete gekyk het. Alhoewel daar net twee of drie rondtes was, was dit gevegte tot die dood (Strabo 5. 250). Dit was egter nie heeltemal in lyn met die Romeinse kultuur nie: die Romeine het nie feesmale geniet waar meer bloed as wyn gevloei het nie.

### 6.9.4 REGSAKSIES

Daar was nie net altyd positiewe vermaak vir die gaste nie, maar ook negatiewe ervarings. Tydens die *cena* is kriminele soms 'n straf opgelê. Hoewel dit dikwels gebeur het, het dit baie misnoeë ontlok omdat daar gesê is dat strawwe in die forum hoort, nie in die eetkamer.[65]

So het L. Quinctius Flaminius eenmaal 'n veroordeelde krimineel na sy *cena* laat kom. Hy het hom daar en dan wreedaardig tereggestel omdat die *scortum* (hoer) waarmee hy deurmekaar was, hom beïnvloed het om 'n sekere man te vermoor (Cic*., Sen*. 42; Plut., *Cato Maior* 17.3).

### 6.9.5 SPELETJIES

Somber partytjies is dikwels opgevrolik met speletjies met dobbelsteentjies (*tali* of *tesserae*), alhoewel Keiser Augustus meer lewendige vermaak verkies het. Dobbelspeletjies is onder al die klasse in die Romeinse Ryk aangetref. Ene Volanerius het selfs geld aan 'n vrygelate man betaal om die dobbelsteentjies ná elke

---

[65] *serviebat forum cubiculo, praetor meretrici, carcer convivo dies nocti*, Sen., *Cont*. 9.2.4-27.

gooi terug in sy houertjie te plaas! Die *tesserae* sou dan uit die dobbelsteenhouer (*fritillus*) op die grond of speeltafel (*alveus*) gegooi word. *Par impar* (gelyk en ongelyk) was ook 'n gewilde speletjie. Die hele spel was gebaseer op die gelyke of ongelyke getal klippies, neute of selfs vingerbeentjies wat die een speler in sy hand sou wegsteek. Die ander spelers moes dan raai hoeveel hy in sy hand hou (Suet., *Aug*. 13.2). Kop of stert, *navia aut capita*, was ook 'n gewilde spel (Hor., *Sat.* 2.7.15-18).

*Micatio* was 'n variasie van *par impar* en kon, anders as *par impar*, in die openbaar gespeel word, vanselfsprekend by die *cena*. Van 'n man met integriteit kon gesê word dat jy tot laat in die nag *micatio* saam met hom kon speel as 'n bewys dat hy nooit iemand sou kul nie (Cic., *Off*. 3.77).

In die Romeinse weergawe van bordspel (*duodecim scripta*), het die getal wat met die dobbelsteentjies gegooi is, bepaal hoeveel skuiwe (*calculi*) die speler op die bord kon maak. Die bord het uit 24 blokkies bestaan met 15 wit en 15 swart skuifstukke. Skaak (*latrunculi*) was 'n baie gedissiplineerde, intellektuele spel, met baie skuifstukke en reëls wat heeltemal té ingewikkeld kon raak hoe verder die aand gevorder het en hoe meer wyn gedrink is. Dit verskil egter hemelsbreed van die hedendaagse weergawe van skaak (Dilke 1975:155).

Verdere speletjies wat die Romeine veral tydens die *cena* gespeel het, was 'n speletjie met kneukelbeentjies (*astragalos* of ook bekend as *tali et tropa*), die

Engelse Tic-Tac-Toe (Tiktaktol) (*Temi Lapilli*) en Romeinse dambord (*Tabula*). Die Romeine het ook Griekse speletjies soos *Petteia* en *Pente Grammata* gespeel, die Egiptiese spel *Senet*, die Libiese *Mancala* en Vyf-in-'n-ry (*Ludus Calculorum*) (http://www.personal.psu.edu/users/w/x/wxk116/roma/rbgames.html).

#### 6.9.5.1 Dobbelary

Onder alle klasse van die Romeine was speletjies (*alea*) en dobbel gewilde vorme van ontspanning in die aand. Mense is nie vir dobbelary tydens die Saturnalia vervolg nie en ook nie as geld op atlete verwed is nie (*Dig.* 2.5.2), alhoewel die wet ander vorme van dobbelary streng teengestaan het. Boetes kon gehef word van soveel as vier maal die bedrag wat verwed is tot so erg as verbanning (Cic., *Phil.* 2.56). Die wet het egter nie die eienaar van so 'n dobbelonderneming beskerm teen enige verlies nie (*Dig*. 2.5.1.2).

Dit word egter ten sterkste betwyfel of die wet ooit baie streng toegepas is, trouens vanaf die vroeg Romeinse Ryk lyk dit nie of dit enigsins toegepas is nie. Dobbelaars het met dobbelsteentjies en kneukelbeentjies gespeel en daar was selfs boeke oor hoe om te dobbel, te koop. Suetonius het so 'n boek oor al die moets en moenies van dobbel geskryf en Keiser Claudius het glo ook oor sy jongmenslewe as dobbelaar geskryf (Suet., *Claud*. 33.2).

Baie mense het geld gewen, maar 'n ongelukkige wedder kon tot soveel as 100 000 *sestertii* in een aand verloor... Onverantwoordelike mans sou selfs sover gaan om

kosbare items uit hul klerekaste te verwed. Tog was daar die uitsonderings waar mans, vroue en kinders net met neute sou speel (Juv. 1.88-93).

Keiser Augustus was ook 'n man wat nie omgegee het om kanse te vat en enorme bedrae geld te wed nie. Hy het egter sy familie genooi om saam met hom *par impar* te speel, en selfs 250 *denarii* aan elk oorhandig sodat hulle die spel voluit kon geniet sonder om bekommerd te wees of hulle hul geld gaan verloor (Suet., *Aug*. 71.4)! Hy en sy vriende het ook soos oumanne tydens die maaltyd gedobbel.[66] Die geluksgodin was gewoonlik aan sy kant, maar hy sou selfs wanneer hy ná 'n aand se dobbel tot soveel as 20 000 *sestertii* verloor het, gesê het dat as hy sy geluk huis toe sou stuur, die kans goed sou wees dat hy die aand 50 000 *sestertii* sou kon wen (Suet., *Aug* 70.2; 71.2-4). Keiser Gaius (Caligula) was bekend daarvoor dat hy mense gekul het en dobbelaars was skrikkerig om saam met hom te speel. Trouens, hy was so ongevoelig en onmenslik dat hy selfs gedobbel het ten spyte van die feit dat die hele hofhouding in rou gedompel was na die dood van sy suster Drusilla (Suet., *Calig*. 41.2).

## 6.10 DIE LIEFDESPEL

Namate die gaste al meer ontspanne en joliger geraak het soos wat die aand gevorder het, het wellus ook al meer opgevlam. Propertius (3.10) het tereg gesê dat kos, wyn, aroma en liefde die vier komponente is wat bydra tot plesier. Die seksuele

---

[66] *inter cenam lusimus geronticos*, Suet., *Aug*. 71.2.

het dikwels ‘n belangrike komponent van die *cena* uitgemaak. Dit was welbekend dat die welgestelde Romein te veel geëet, te veel gedrink en te veel gehoereer het (Cic., *Sest.* 138; Ov., *Pont*. 2.9.61). Die feit dat vroue by die *cenae* toegelaat is, het heelwat geleenthede gebied om sosiaal saam te verkeer. Dit kon dus maklik aanleiding gee tot verleiding (Dalby 2000:257). Lêende mans het die *cena* ook gesien as aanloop tot seksuele omgang met die vroue wat teenwoordig was of met beeldskone slaweseuns tydens of ná afloop van die *cena* (Sen., *Ep.* 47.7; 95.24).

Onskuldige flirtasies sou ontstaan met min of geen nagevolge nie. In die afwesigheid van die vroue en kinders, is alle oë gerig op die dansende meisies, pragtige, uitlokkende fluitspelers, jongmans met krulhare en vrygelate vroue en mans wat uitlokkend van gas tot gas sou dartel. Die parfuum wat deurlopend tydens die *cena* aangespuit is, het ‘n baie erotiese effek gehad. Catullus (13.12) sê dan ook dat die gaste al die kragte van liefde aan het, menende die soet geur van die parfuum.

Geen ernstige set is tydens die *cena* geduld nie. Netsoos wat die *cena* geleentheid gebied het vir alle tipes speletjies (*ludi*), is seksuele uitlokking ook as spel gesien. Gaste wat in hierdie tipe spel by ‘n sekere persoon betrokke sou raak, het vir hulself Griekse skuilname uitgedink ter wlle van anonimiteit en gekleurde tunieke aangetrek.

Soms het dit egter gebeur dat, wat as flirtasie tydens die *cena* gesien is, daarna kon lei tot ‘n baie ernstige verhouding. So het Catullus aanvanklik net ‘n liefdespel met Clodia gespeel, maar al ernstiger geraak, liefdesgedigte aan haar opgedra en ‘n alombekende affair met haar gehad het nadat wederkerige liefde tussen hul ontstaan het (Cat. 5). In al sy gedigte aan haar gebruik hy die skuilnaam Lesbia. In ‘n ander

gedig vertel Catullus van Flavius wat ook daarvan beskuldig is dat hy verlief geraak het op ‘n meisie met wie hy ná ‘n *cena* ontug gepleeg het, en dat hy te skaam was om dit te erken. Sy bed het na blomme geruik en enige mens kon sien dat hy nie alleen geslaap het nie (Cat. 6.10)!

Uitlokking en selfs owerspel is deur die publiek geduld, solank dit slegs streng by die *cena* gebly het. Die hoë posisie van ‘n persoon het egter ook ‘n rol gespeel. In ’n gedig van Horatius vertel hy van ‘n man wat sy vrou se ontrouheid moes toelaat want Keiser Gaius was betrokke. Die man het besef dat die enigste wyse waarop hy sy lewe sou kon behou, sou wees om onderdanig die keiser se bevlieging te aanvaar (*CIL* 4. 7698 b; Hor., *Carmina* 3.6.21-32). Keiser Augustus (toe nog Octavianus) het ook sy mag misbruik toe hy openlik die konsul Tiberius Claudius Nero se vrou Livia verlei het. Hy het vir Livia uit die eetkamer van haar man na die slaapkamer geneem. Hy het heelwat later blosend teruggekeer en haar hare was skynbaar baie deurmekaar. Augustus is egter later met Livia getroud en het 52 jaar lank met haar saamgeleef (Suet., *Aug.* 69.1). Daar word ook vertel dat Keiser Gaius ander mans se vroue uit die *triclinium* gelei het om omgang met hulle te hê (Suet., *Calig*. 25.1).

Baie min eerbare vroue sou hulself wettig beskikbaar gestel het, maar soms het dit gebeur dat ‘n *tutor* (‘n wettige voog, eggenoot, of selfs vader) by sy beskermheer ‘n guns wou kry, en dan is die beskermheer toegelaat om seksueel met die *tutor* se vrou te verkeer. Hy kon ook in skuld by ‘n sakeman wees, byvoorbeeld ‘n winkeleienaar. So ‘n man sou dit dus nie ongemaklik of verkeerd beskou wanneer sy geëerde gas vir sy vrou of dogter ogies gemaak het nie. Die gas sou haar openlik

roep en saam sou hulle na ‘n kamer gaan (Hor., *Od.* 3.6.21-32). Hulle sou dus nie skelm ontmoet het wanneer almal geslaap het of wanneer dit donker was nie.

Die Etruskers het in sekere opsigte ‘n baie slegte invloed op die Romeine gehad. Seksuele omgang was later nie meer beperk tot tussen ‘n man en vrou nie. Mans het omgang met mans gehad. Hulle het selfs seuns uit bordele ontbied tydens die *cena* (Athenaeus 517).

Soen was ‘n algemene verskynsel tydens die *cena* – die enigste verskil was dat dit nie die onskuldige *osculum*-tipe soen was wat lede van ‘n gesin vir mekaar sou gee nie. Dit was wel die *basium*, ‘n passievolle, erotiese soen, soos ook afgelei kan word uit die gedigte van Catullus.[67]

Die gebruiklike posisie van ‘n vrou saam met ‘n man op een bank was dat sy met haar rug teen sy voorkant gelê het. Dus was nie net fisiese kontak moontlik nie, maar kon die man die vrou met ‘n fyn oog dophou. Mans was relatief jaloers op hul vrouens (al was dit soms net ‘n vrou vir een nag van passie) en kon dus dadelik sien wanneer geheime seine van flirtasies na ander gaste van die manlike geslag gestuur is (Ov., *Am*. 2.5.13-28). Vroue sou dan tekens of letters in wyn op die tafelblad skryf, uit dieselfde beker drink as die man op wie sy haar visier ingestel het of selfs sorg dat die man saam met wie sy aanlê so dronk word dat hy aan die slaap raak. Dit sou dan die kommunikasie tussen haar en die ander man vergemaklik en dan kon hulle openlik flankeer (Ov., *Am.* 1.4.51-58; *A.A.* 1.565-78). So het Gabba een aand

---

[67] *da mi basia mille, deinde centum*, Cat. 5.7.

voorgegee dat hy slaap terwyl sy vrou openlik met Maecenas geflankeer het wat op ‘n ander bank gelê het (Plut, *Mor*. 759f-60a).

Volgens Dionysius van Halikarnassus (2.25.6) het Romulus bepaal dat vroue wat owerspel pleeg en wyn drink, doodgemaak moet word omdat dronkenskap die begin van owerspel, en owerspel die begin van waansin is. Ovidius het ook gesê dat wyn die sorge verdryf en minnaars meer vrymoedig maak (*A.A.* 1.241-44). Plinius die Ouere het treurig opgemerk dat leed (veral dié wat deur owerspel veroorsaak word) deur die oormatige drink van wyn tydens die *cena* vererger word (*H.N*. 14.141).

### 6.10.1 PROSTITUSIE TYDENS DIE *CENA*

Dit is algemeen aanvaar dat ‘n vrou wat saam met ‘n man op ‘n bank aanlê om te eet, seksueel aan hom verbind is. So ‘n verhouding is voorgestel as “*licet*” – met ander woorde ‘n man en vrou wat seksuele omgang met mekaar het sonder *stuprum* (ontering, egbreuk of verkragting). “*Licet*”-verhoudings het gestrek van behoorlike getroudes (*concubinatus*) tot die seksuele gebruik van slawe en prostitusie (Roller 2003:399).

In veral die komedies van Plautus word die teenwoordigheid van prostitute tydens die *cena* vermeld. Hulle sou lêend saam met mans van hoë status eet. In *Asinaria* (830-2, 878-9) bevind die prostituut haar saam met die vader van haar metgesel vir die aand op ‘n bank terwyl die jongman op ‘n ander bank vir haar lê en wag. Die komedie *Bacchides* is vol seksuele insinuasies van Bacchides en nog ‘n prostituut wat saam met twee jong adellike mans of saam met hul vaders eet (*Bacch.* 79-81, 139-142,

754-8). In die *Mostellaria* (308-9, 326-7, 341-3) eet ‘n baie ryk man saam met die prostituut wat hy as slavin vrygekoop het, en vergesel een van sy vriende hulle met sy eie persoonlike prostituut. Hulle vier het dus saam aandete geniet. Toxilus,‘n manlike slaaf in Plautus se *Persa*, het ook dikwels saam aandete geëet met die prostituut vir wie hy lief was en wat hy vrygekoop het (763-767).

Die manlike gas en die betrokke prostituut het gewoonlik op dieselfde bank gelê en was in noue fisiese kontak met mekaar. Die man het gewoonlik teen die rug van die vrou gelê, en omdat hy in die hoër posisie op die bank was, was intieme kontak moontlik. Soos beskryf het die vrou wat teen die man lê, sy bors verhit[68] en vele ander gebare van intimiteit kon uitgeruil word (Ov., *Am*. 1.4.4-6, 15-16, 33-44), ook dat hulle na die ete seks sou hê (Ov., *Am*. 1.4.59-70). In die *Heroides* vertel Ovidius dat nadat Paris ook die intimiteit van Helena en Menelaus tydens die *cena* op die bank waargeneem het, (16.221-28) hy tot die gevolgtrekking gekom het dat hulle dwarsdeur die nag seks sou hê.[69]

In Propertius (4.8.29-33, 37-44) lees ons dat ‘n man op soek was na vreemde passie (*venere ignota*), en in die afwesigheid van Cynthia vir hom twee prostitute gehuur het. Nadat hulle saam aandete geëet het, het hy die vreemde passie waarna hy gesmag het, ervaar.

---

[68] *alteriusque sinus apte subiecta fovebis* , Ov., *Am*. 1.4.5.
[69] *heu facinus! Totis indignus noctibus ille / te tenet, amplexu perfruiturque tuo*, Ov., *Her*. 16.215-16.

Vroue van hoë aansien het egter ook soms prostitute aangehou vir hul gebruik. Dit was egter kinderslawe. Die kinders was veral begeerlik vanweë hul onskuld, kinderlike koddigheid, spraaksaamheid en gebrek aan inhibisie (Dio. 48.44.3).

## 6.11 AAN DIE EINDE VAN DIE *CENA*

Wanneer gaste besluit het om huiswaarts te keer, is hul skoene aan hul besorg. Nadat almal gegroet het, is hulle weggedra in drastoele. Dié wat gestap het, is deur hul slawe begelei. Nadat al die gaste vertrek het, was dit tyd vir die slawe om die *triclinium* op te ruim. Eerstens moes die vloere gevee word omdat die gaste gewoonlik alles wat hul nie geëet het nie, op die vloer neergegooi het. Dit sou onder andere insluit slakdoppe, die bene en voelers van krewe, eierdoppe, appelstronke en kersiepitte. Natuurlik was daar gewoonlik 'n dronk gas of twee wat hul glase of selfs borde sou laat val het. Die kunstenaar Sosos het later mosaïek-vloere in die eetkamers ingesit, wat afvalkos en vullis uitgebeeld het. So het die *triclinium* se vloer dus minder vuil gelyk wanneer die gaste op die vloer gemors het (Plin., *H.N.* 36.184).

Dit was dan ook die lot van die jong slawe seuns (*scoparii*) om met hul oë na die hemel gerig, die gemors skoon te maak wanneer daar van die gaste was wat aan tafel naar geword het (Sen., *Brev. Vit*. 12, 5). Die slawe kon darem gewoonlik as troosprys al die oorskietkos en drank kry en hulle het gewoonlik hul eie ete na die groot *cena* gehou (Hor., *Sat.* 2.6.63-77).

Dit was dus nie wenslik om te veel oordadige *cenae* by te woon nie. 'n Oormaat van selfs 'n goeie ding is nie goed nie, en het daartoe gelei dat gaste nie 'n *cena* na

behore sou geniet nie. Teneinde nie met ‘n dik kop, opgeblaaste maag en ‘n kop wat draai van al die gesels te gaan slaap nie, is die advies gegee dat so ‘n gas eers moes gaan hout optel, of op die Campus Martius draf en daarna in die vriesende water van die Tiber moes gaan swem. Nie alleen sou dit sy aptyt herstel nie, maar ook help om weer sy sin vir humor te herwin (DuPont 1992:283)!

# HOOFSTUK 7
# SLOT

Die voorafgaande inligting lei tot die gevolgtrekking dat die Romeine nie alleen hard gewerk het in die nag nie, maar ook lekker kon eet, drink en partytjie hou. Alhoewel hulle beperkte ligbronne gehad het, het hulle die aande en nagte optimaal gebruik. Vriendskap het 'n belangrike rol in die Romein se lewe gespeel en hul vrees vir eensaamheid het daartoe gelei dat sosiale aktiwiteite prominent gefigureer het onder hul nagtelike aktiwiteite.

In die eerste en tweede eeue v.C. was daar definitief 'n herlewing in die kommersiële lewe, in die stad sowel as die platteland. Basiese konsepte is rgestandardiseer, soos die kalender (deur Caesar), tydsbepaling deur sonhorlosies en waterklokke, en daar was verbeterings in die vorms van vermaak, onthaal en die soorte kunsmatige lig.

Daar is, waar moontlik, van primêre bronne gebruik gemaak in hierdie studie. In die hoofstuk oor die bronne is daar gepoog om die biografiese inligting te kombineer met die uittreksels van die betrokke skrywer, en die invloed van hul bepaalde milieu op hul skryfwerk en leefwyse aan te toon. Mens kon dikwels sarkasme, sinisme en oordrywing in hul werke opmerk. Satire-skrywers byvoorbeeld moet altyd met 'n knippie sout opgeneem word omdat hulle baie oordryf: die werke van skrywers soos Martialis en Juvenalis gee 'n oordrewe beeld, maar bevat baie raak beskrywings van

die sosiale omstandighede. Plinius weer gee in sy ensiklopedie (*Naturalis Historiae*) baie nuttige feite oor byvoorbeeld die maak van kerse en hoe tyd op eksperimentele wyses bepaal is.

Tyd help om mens se lewe te orden. Die vraag het reeds in antieke Rome ontstaan wanneer tyd as "dag" of as "nag" beskou was. Nadat die hoenderhaan se aankondiging van die oggend nie meer as geloofwaardig beskou is nie, is daar eers van nagwagte gebruik gemaak om 'n nuwe dag aan te kondig voordat meer wetenskaplike uitvindings soos die sonwyser en later die waterhorlosie gebruik is om tyd mee te bepaal. Aanvanklik was dit egter net die keiser en ryk mense wat horlosies kon bekostig. Die gewone (en arm) mens was afhanklik van ander mense om te hoor hoe laat dit is.

Beligting was 'n belangrike faktor aangesien dit vroeg donker geword het en mense ná sonsondergang aangewese was op kunsmatige ligbronne. Nie alleen het fakkels, kerse en later lampe mense se lewenskwaliteit verhoog nie, maar misdaad is ook deur goeie beligting beperk. Die prys en beskikbaarheid van brandstowwe het 'n groot rol in die sogenaamde klasseverskil gespeel. Arm mense het hoofsaaklik kerse gebruik terwyl die ryk man die duisternis met behulp van lampe verdryf het. Waar ryk mense olie gemeng met sout as brandstof in lampe gebruik het, het die armes kasterolie (wat baie sleg geruik het) of stukkies vet wat van vleis afgesny is, gebruik. In die stad was die lampe meestal van terracotta en klei en op die platteland van steen en ander metale.

Vuur was egter ‘n wesenlike gevaar vir die mens. Omdat oop vlamme gebruik is vir beligting, om kos mee gaar te maak en vir verhitting, het brande gereeld in huise en woonstelblokke ontstaan. Welgestelde Romeine het in huise of op die grondvloer van woonstelblokke gewoon terwyl werklike arm inwoners gewoonlik in hoë vervalle woonstelblokke gewoon het. Brande het maklik uitgebreek, en inwoners wat op die hoër verdiepings vasgekeer was sou waarskynlik òf doodgebrand het òf hulself doodgeval het wanneer hulle by die vensters uitgespring het. Dié brande het uiteindelik gelei tot die totstandkoming van die brandweer waar die personeel in skofte ingedeel is en permanent aan diens was.

Behalwe die brandweer het onder andere bakkers, prostitute, vuurtoringwagters, mediese dokters en kroeg- en restaurant-eienaars ook in die nag gewerk. Ook die leër wat verantwoordelik vir die veiligheid van die land se inwoners, moes soms in die nag optree, dus is dit vanselfsprekend dat hulle in die dag én nag paraat moes wees. Vele skrywers (byvoorbeeld Quintilianus, Seneca en Plinius die Ouere) het eerder in die nag gewerk wanneer dit stil en rustig was. Hulle het egter steeds hul daaglikse take gedoen wat daarop dui hoe hardwerkend sommige Romeine wel was.

Die Romeinse dag het ongeveer teen die agtste uur geëindig met die *cena* as die hoofaktiwiteit van die laatmiddag en nag. Dit was die tyd wat mense in die *triclinium* aangelê het om te eet en drink en van die dag se sorge te vergeet. Kinders het op stoeltjies by hul ouers gesit. Alhoewel vroue die *cena* bygewoon het mag hulle aanvanklik nie aangelê het nie, later het hierdie gebruik weggeval en het die vrou haar man mag vergesel het. Die gasheer het ‘n baie belangrike rol vervul. Nie alleen moes hy sy gaste gelukkig hou nie, maar ook na die ordelikheid van die bediening en

die slawe omsien. Tog het hy ook daarvan gehou om sy vriende te probeer beïndruk met uithalergeregte, verrassings en sy rykdom. Die ete van Trimalchio is 'n uitstekende voorbeeld van oordrewe uitspattigheid en verskeie vorme van vermaak. Dikwels het gasheer gaste van verskillende stande genooi en 'n duidelike onderskeid getref deur kos en wyn van swakker gehalte aan die laerklas mense te bedien. Verskillende gange kos is bedien, t.w. die voorgereg (*gustatio*), hoofgereg (*prima mensa*) en nagereg (*secunda mensa*) asook groot hoeveelhede wyn.

Verskeie vorme van vermaak is tydens die *cena* aangebied. Voorlesings is soms deur digters of skrywers gehou, anders moes 'n slaaf die betrokke stuk memoriseer en opvoer. Komiese vertellings en musiek was ook gereeld 'n deel van vermaak. Vrolikheid en gelag was 'n vereiste om 'n *cena* as suksesvol te beskou. Verder was daar in uitsonderlike gevalle ook gladiatore-gevegte en heel dikwels is speletjies (met dobbelsteentjies) ná ete gespeel. Die c*ommissatio*, die Romeinse weergawe van die Griekse *symposium,* was die samekoms van 'n groep mans met die hoofdoel om plesierig saam te verkeer; dit het meer dikwels as nie tot erge dronkenskap gelei.

Wellus en dronkenskap loop hand-aan-hand. Hoe verder die aand gevorder het, hoe luidrigtiger het almal geword, hoe meer flirtasies was daar en hoe meer owerspel het plaasgevind. Die feit dat vroue by die *cena* toegelaat was, het natuurlik baie geleenthede daarvoor geskep. Op die *lecti* het vrouens saam met mans aangelê, wat fisiese kontak bevorder het. Nie alleen is daar met die vroue teenwoordig by die *cena* seksueel verkeer nie, maar ook met kinders en slawe.

Een van die twee aktuele sake ter sprake is sosiale stratifikasie. Diskriminasie is nie ‘n moderne gebruik nie, maar het al reeds in die eeue voor en na Christus gefloreer. Daar is openlik op armes neergesien, soms tot groot vermaak van die adelikes. So sou dit vir die arm man ‘n voorreg wees om na ‘n ryk man se *cena* genooi te word, terwyl hy daar bitterlik verneder sou word. Nie alleen sou hy in die *medius in media* posisie moes lê nie, maar sou hy ook swak voorbereide kos en suur wyn kry om te drink. Ryk mense is selfs deur slawe in drastoele na die *cena* gedra, terwyl armes moes stap. Ryk mense het met silwer eetgerei geëet, gewoonlik mashout-tandestokkies gebruik en wyn gedrink. Arm mense het (indien wel) eetgerei van rou erdewerk gehad, hul tande met vere in plaas van tandestokkies skoongemaak en meestal water gedrink. Arm mense het ook selde vleis geëet maar growwe *puls* en gepekelde spruite terwyl die rykes aan sampioene, brood en vis gesmul het.

Arm mense moes goedkoper olie vir hul lampe gebruik wat selfs dikwels tot gesondheidsprobleme gelei het. Verblyf het ook groot probleme geskep omdat armes wat in haglike omstandighede op die hoër verdiepings van woonstelblokke gewoon het, en altyd in vrees vir brande moes lewe. Die moontlikheid was ook daar dat hulle nie alleen die bietjie besittings wat hulle gehad het sou verloor nie, maar ook hul lewens.

Die ander aktuele probleem is geslagsongelykheid. Mans was hoofsaaklik die skrywers wat dus oor sake geskryf het wat hulle raak. Dus is kennis oor die vrou baie beperk hoewel mens tog tussen die reëls kan lees dat vroue ‘n baie minderwaardige rol gespeel het. Die vrou was hoofsaaklik die moeder van die huis wat

verantwoordelik was vir die geboorte van kinders, die voorbereiding van kos en die instandhouding van die huishouding.

Vroue is tot die *cena* toegelaat maar in die vroegste eeue was dit as vernederend vir die man gesien as die vrou saam met hom aangelê het. Dus moes sy regop op ‘n stoeltjie langs hom sit. Dié gebruik het egter later verval. Tydens die aanlê-ete moes vroue in die posisie voor hul man lê sodat persoonlike kontak kon plaasvind en hy haar kon dophou om seker te maak dat sy nie met van die ander gaste flankeer nie. Verder was ‘n vrou nie toegelaat om saam met die mans wyn te drink nie, maar *mulsum*, ‘n tipe heuning drankie. Wanneer mans geld aan ‘n skuldeiser geskuld het en nie kon betaal nie, het hy dikwels sy vrou aan die eiser beskikbaar gestel vir seksuele gunsies.

Vroue was nie beperk tot sekere beroepe nie, daar was selfs priesteresse. Maar die politiek was uiters gekant teen deelname deur vroue en dus is daar nooit byvoorbeeld ‘n vroulike konsul gevind nie. Selfs in die tyd van Keiser Nero was die feit dat sy moeder Agrippina by geleentheid bygesit het wanneer afgevaardigdes van die buiteland hom besoek het (Juv. 14), groot teenkanting ontlok – mans het gevoel dat vroue nie in magsposisies hoort nie. Al het die vrou in die praktyk ‘n belangrike rol gespeel, het sy in teorie geen titel gehad nie. Hierdie is enkele voorbeelde van diskriminasie, ‘n aspek wat vandag aan niemand onbekend is nie. Dit is egter eers vandag in die moderne tye wat daar daadwerklik opgetree is teen geslagsongelykheid.

Die navorsingsterrein van hierdie verhandeling het dus gelê op die kultureel-sosiale vlak met spesifieke verwysing na die belewenisse van verskillende sosiale klasse en geslagte met betrekking tot aktiwiteite in die nag in antieke Rome. Hierdie studie bied hopelik 'n ietwat meer genuanseerde beeld van die sosiale lewe. Die nagte was lank (selfs in die middel van die somer was daar maar gemiddeld nege uur sonlig per dag in Rome), dus het daar baie gebeur. Sommige mense het hard gewerk in die nag, sommige het deur die nag gefuif. Die sentrale tema van hierdie studie vorm egter 'n kontras met vorige werke in dié sin dat nagtelike aktiwiteite nie net terloops genoem is nie, maar in detail bespreek is teneinde die wye verskeidenheid van aktiwiteite aan te toon.

Uit die studie as geheel kan mens tot die gevolgtrekking kom dat die Romeine allermins 'n ernstige en swaarmoedige volk was wat struikelblokke op Stoïsynse wyse met gelatenheid aanvaar het. Vir elke struikelblok het hulle 'n oplossing gevind of op alternatiewe maniere nie alleen hul lewens verryk nie, maar ook interessanter gemaak.

# BIBLIOGRAFIE

Adams, C. 2002. Were there really vomitoriums in ancient Rome? [Aanlyn]. Bekom van: http://www.straightdope.com/columns/021101.html

Adkins, L. & Adkins, R.A. 1996. *The handbook to life in ancient Rome*. New York: Facts on File Inc.

Albertyn, J. 1977. *Ensiklopedie van die wêreld*. Pretoria: C.F.Albertyn (Edms) Bpk. Vol. 3, p. 73.

Alfoldy, G. *et al*. 1998. *Corpus Inscriptionum Latinarum*. Berlyn: De Gruyter

Allen, D. 1933. Candles and candle making. *J. Instituten of Petroleum Technology*. 14:159 - 161.

Balme, M. & Morwood, J. 1997. *Oxford Latin reader*. London: Oxford University Press.

Balsdon, J.P.V.D. 1969. *Life and leisure in ancient Rome*. Sydney: The Bodley Head.

Brewster, E.H. 1972. *Roman craftsmen and tradesmen of the early empire*. New York: Lenox Hill Publ. & Dist. Co. USA.

Brothers, A.J. 1996. Roman Domestic Buildings. In: I.M. Barton (red.), *Urban Housing* London: University of Exeter.

Carcopino, J. 1941. *Daily life in ancient Rome*. London: Penguin.

Casson, L. 1998. *Every day life at Rome*. New York: Baltimore.

Clark, J.G.D. 1952. *Prehistoric Europe. The economic basis.* London.

Connolly, P. 1998. *The ancient city.* London: Oxford University Press.

Cowell, F.R. 1968. *Everyday life in ancient Rome.* London: B.T. Batsford Ltd.

Dalby, A. 2000. *Empire of pleasures*. London: Routledge.

Daremberg, C., Saglio, E. *et al*. 1877 – 1919. *Dictionaire des antiquités grecques et romaines d'après les textes et les monuments*. Paris: Hachette.

Davis. W.S. 1928. *A day in old Rome*. London: Biblo-Moser.

Della Corte, 1927. *Case e abitanti a Pompei*. NS, p 120 – 121.

Deonna, W. 1925. *Zoologie antique et lampes romaines*. *REA* 27: 297-306.

Dessau, H. 1892-1916. *Inscriptiones Latinae Selectae*. Berolini: Weidmannus.

Di Cesare, M.A. 1974. *The altar and the city*. New York: Columbia University Press.

Dilke, O.A.W. 1975. *The ancient Romans. How they lived and worked*. London: David & Charles.

Dill, S. 1904. *Roman society*. London: Macmillan.

Drapkin, I. 1989. *Crime and punishment in the ancient world.* Lexington, MA: Lexington Books.

DuPont, F. 1992. *Dialy life in ancient Rome*. Oxford: Blackwell.

Dwyer, E. 1991. The Pompeian Atrium House in theory and in practice. In: E.K. Gazda (red.), *Roman art in the private sphere: New perspectives on the architecture and decor of the domus, villa and insula*. A. Arbor: University of Michigan.

Edwards, C. 1993. *The politics of immorality in ancient Rome*. Cambridge: Cambridge University Press.

Faas, P. 2002. *Around the table of the Romans: Food and feasting in ancient Rome*. New York: St Martins.

Forbes, R.J. 1958. *Studies in ancient technology*. Vol VI. Leiden: E.J.Brill.

Fullard, H. 1982. *Juta se nuwe visuele atlas.* Pretoria: Juta.

Giannelli, G. 1967. *The world of ancient Rome*. London: MacDonald & Co.

Glare, P.G.W. 1976. *Oxford Latin Dictionary*. Oxford: Clarendon Press.

Healy, J. 1978. *Mining and metallurgy in the Greek and Roman world*. London: Thames and Hudson.

Healy, S. 1968. *Townlife*. London: Batsford.

Hornblower, S. & Spawforth A. 1996. *The Oxford companion to classical civilization*. London: Oxford University Press.

Johnston, H.W. 1932. *The private life of the Romans*. London: Scott, Foresman and Company.

Jones, A.H.M. 1940. *The Greek city from Alexander to Justinian*. London: Oxford.

Jones, P. & Sidwell, K. 1997. *The world of Rome: An introduction to Roman culture*. London: Cambridge University Press.

Kippen, C. 2004. *The history of footwear. Sumptuary laws.* New York: Curtin University of Technology. [Aanlyn] Bekom van: http://podiatry.curtin.edu.au/sump.html

Kolbert, C.F. 1979. *The Digest of Roman law: Theft, rapine, damage and insult.* Harmondsworth: Penguin.

L'Hoir, F.S. 1992. *The rhetoric of gender terms*. Leiden: E.J.Brill.

Lanciani, R. 1889. *Ancient Rome in the light of recent discoveries*. Cambridge: The Riverside Press.

Lewis, C.T. & Short, C. 1958. *A Latin dictionary*. Oxford: Clarendon Press.

Liddell, H.G., Scott, R., Jones, H.S. 1961. *Greek-English Lexicon*. Oxford: Clarendon Press.

MacMullen, R. 1974. *Roman social relations: 50 B.C. to A.D. 284*. New Haven, CN: Yale University.

Malcovati, H. 1955. *Oratorum Romanorum Fragmenta*. 2nd ed. New York: Turin.

Martin, T.W. 2001. Watch during the watches. *Journal of Biblical Literature* 120.4: 685 – 701.

Mau, A. & Kelsey, F. 1899. *Pompeii*. London: Macmillan & Co.

Mau, A. & Marquardt. 1886. *Das Privatleben der Römer*. Leipzig: Hirzel.

McKay, A.G. & Shepherd D.M. 1976. *Roman satire*. London: Macmillan Ltd.

Morey, W.C. 1901. Outlines of Roman History. New York, Cincinnati, Chicago: American Book Company. [Aanlyn]. Bekom van: http://63.1911encyclopedia.org/P/PR/PRAEFECT.htm

Neuru, L.L. 1994. Burnt-off Bakers. [Aanlyn]. Bekom van: http://watarts.uwaterloo.ca/CLASS/labyrinth/issue83/83neuru.htm

Niermeyer, J.F. 1976. *Mediae Latinitatis Lexicon Minus*. Leiden: E. J. Brill.

O'Connor, J. 1996. History of shiftwork. Various perspectives on the evolution of shiftwork. [Aanlyn]. Bekom van: http://216.239.59.104/search?q=cache:ysOK3K8OfxQJ:www.css.edu/users/dswenson/web/335ARTIC/HISTORY.HTM+ancient+romans+and+night+workers&hl=en

Paoli, U.E. 1958. *Rome. Its people, life and customs.* London: Bristol Classical Press.

Purcell, N. 2003. The way we used to eat. *American Journal of Philology* 124: 330 - 336.

Retief, F.P. & Cilliers, L. 2004. Die kruisiging van Christus as 'n medies-historiese gebeurtenis. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44.4: 324 – 332.

Roller, M. 2003 Horizontal woman: Posture and sex in the Roman convivum. *American Journal of Philology* 124: 399 - 408.

Rose, H.J. 1925. *Primitive culture in Italy*. London: Methuen.

Ruscillo, D. 2001. When gluttony ruled. *Archeological Institute of America* 6: 24 - 30.

Scullard, H.H. 1951. *Roman politics 220-150 BC.* London: Oxford.

Shelton, J. 1988. *As the Romans did.* London: Oxford University Press.

Smith, M.S. 1990. *Petronii Arbitri cena Trimalchiones*. Oxford University Press.

Stanly, C.D. 2002. Who's afraid of a thief in the night? *New Testament Studies* 48.4 - 20.

Van Assendelf, M. 1976. *Sol ecce surgit igneus*. Groningen: Bouma's Boekhuis.

Von Albrecht, M. 1997. *A his tory of Roman literature*. Vol. 1 & 2. Leiden: E.J. Brill.

Wagner, J. 1984. Shiftwork and mining: An overview of history and recent development. *Mining Engineer, Bureau of Mines*. Minneapolis: Twin Cities Research Center, MN, Sept.

Wilkens, J. 2003. Italy and the Mediterranean in Roman dining. *American Journal of Philology* 124: 369 – 375.

**Inligting is ook verkry vanaf die volgende internet bronne** (outeur en datum ontbreek)**:**

http://encarta.msn.com/text 761560244 2/Fire Fighting.html

http://podiatry.curtin.edu.au/sump.html

http://www.1911encyclopedia.org/F/FA/FASCES.htm

http://www.Ancient History Internet Resources.htm

http://www.barca.fsnet.co.uk/castulo.htm

http://www.dl.ket.org/latin3/mores/techno/fire/

http://www.dl.ket.org/latin3/mores/techno/time/tellingtime.htm

http://www.dl.ket.org/time

http://www.fd40.com/Fire%20Prevention/Fire%20Prevention.htm

http://www.livius.org/fa-fn/fasces/fasces.html

http://www.mmdtkw.org/02-03-01RomefireInsulae.jpg

http://www.nickchampion.com/nc/history/roman.htm

http://www.ostia-antica.org/dict/topics/caserma/intro.htm

http://www.ostia-antica.org/dict/topics/caserma/intro.htm

http://www.personal.psu.edu/users/w/x/wxk116/roma/rbgames.html

http://www.pogodesigns.com/JP/weddings/catullus.html

http://www.tech.farmingdale.edu/depts/met/profiles/tiedemannje/ind309/fs1.html)

http://www.thefireservice.co.uk/history.htm

http://www.toadspad.net/toad-history.html

http://www.unc.edu/courses/rometech/public/content/arts_and_crafts/Libba_McElreath/artificial_light_in_rome.html

http://www.unicover.com/EA8RCNNI.htm